# DIE WOORD AS OPDRAG

## Gedagtes oor die prediking

Deur

Dr. W. D. Jonker

# Inhoud

'n Woord vooraf ..... 3
Misnoeë rondom die prediking ..... 4
Ons verantwoordelikheid ..... 11
Prediking as uitleg van die Skrif ..... 18
Prediking as verkondiging ..... 24
Prediking as vertolking ..... 32
Prediking van die evangelie ..... 40
Van die teks na die preek ..... 48
Prediking as kommunikasie ..... 57
Dialogiese prediking ..... 66
Vrye prediking ..... 73
Die eietydse karakter van die prediking ..... 81
Aktuele prediking ..... 88
Kategismusprediking ..... 95

## 'n Woord vooraf

Hierdie boekie is geskryf uit bekommernis oor die gehalte van die prediking soos die skrywer dit 'n halwe leeftyd lank in die kerk meegemaak het. Self 'n bedienaar van die Woord, kan hy hom nie losmaak van die klagtes van talle lidmate oor die prediking nie. Wat hier volg, is 'n poging om aan homself en andere rekenskap te gee van wat hy as die enigste moontlike weg beskou waarop ons verder kan gaan.

Ons sal eenvoudig ons ernstige aandag moet gee aan die verlange van baie van ons lidmate na 'n eenvoudige, verstaanbare prediking wat terselfdertyd die volheid van inhoud besit, dat dit die siel kan voed en die hart kan versadig. Te veel keer kom mense uit die kerkdiens met die opmerking dat hulle nie kon verstaan wat die predikant wou sê nie. Te veel keer merk hulle ook op dat wat hulle gehoor en verstaan het, nie vir hulle besef die Woord van God was nie.

Dit is nie altyd uit onverskilligheid teenoor die Woord van God of die kerk dat ons lidmate ontevrede is oor die prediking nie. Dit is dikwels gebore uit 'n intuïtiewe wete dat 'n meer bevredigende bediening van die Woord moontlik behoort te wees.

As ons nie aan hierdie versugtinge gehoor gee nie, mag ons vind dat die kerk sy ware betekenis vir 'n groot gros van die lede van ons samelewing gaan verloor. Die tekens is reeds daar dat 'n proses van kerkvervreemding na die voorbeeld van wat in ander Westerse lande gebeur het, besig is om hom geruisloos onder ons te voltrek. Dit is veral die jeug en die meer intellektueel-ontwikkelde deel van ons bevolking wat op die lang duur gefrustreer word deur 'n prediking wat benede die maat is.

Dit is nie die bedoeling om 'n wetenskaplike verhandeling oor die homiletiek te bied nie. Dit is meer die oorpeinsinge van 'n betrokkene. Daarom dra dit eerder die karakter van 'n woord uit die hart, met al die eensydigheid wat so 'n woord dikwels kenmerk. Tog sal die leser wat teologies ingelig is, merk dat die skrywer diepgaande beïnvloed is deur allerlei wat hy in die loop van die jare gelees het, sonder dat hy in staat is om altyd presies rekenskap te gee van wat hy by ander geleer het en wat by homself aan insigte geryp het.

As hierdie boekie kan bydra tot 'n ernstiger besinning oor die gehalte van ons prediking, sal die skrywer innig dankbaar wees.

Stellenbosch, September 1975

W. D. Jonker

## Misnoeë rondom die prediking

Ons mag nie langer die oë daarvoor sluit dat daar 'n groeiende ontevredenheid oor ons prediking by baie van ons lidmate is nie.

Miskien spreek hulle nie altyd hulle besware teenoor ons uit nie. Miskien kan hulle dit nie altyd duidelik artikuleer nie. Sommige het waarskynlik al lankal net stil-stil uit die eredienste verdwyn. Andere ag dit hulle plig om ter wille van die kerk en die opvoeding van hulle kinders liewer niks te sê oor hulle negatiewe ervaringe met die prediking nie.

Tog is dit 'n feit wat elkeen vir homself kan vasstel, dat daar oor die lengte en breedte van ons land, by mense van alle ouderdomsgroepe en uit die mees verskillende sosiale geledinge 'n houding van verwagtingloosheid met betrekking tot ons prediking bestaan. Te dikwels is hulle al teleurgestel. Te veel kere moes hulle uit die kerkdiens terugkeer met die gevoel dat daar eintlik niks gebeur het en gesê is, wat 'n mens se hart geraak het nie. Alles was maar soos dit vooraf voorspel kon word: dieselfde gedagtes, dieselfde woorde, dieselfde algemeenhede wat oor 'n mens heengaan sonder dat dit jou werklik tot iets verplig; dieselfde atmosfeer van lewensvreemdheid en groot woorde wat ons konkrete aardse bestaan so weinig raak.

As mense se tonge losraak, kan jy by hulle die verhaal hoor van hulle verveling - en dikwels selfs irritasie - met wat op ons kansels Sondag na Sondag as prediking aangebied word. Baie van hulle spreek daaroor met vuur en verontwaardiging, maar die grootste gedeelte met gelatenheid. Hulle het dit maar al só aanvaar. Hulle het hulself daarby neergelê dat dit blykbaar maar is wat 'n mens jou onder prediking moet voorstel. Daarom verduur hulle dit maar, sonder entoesiasme en vreugde, slegs bly oor die enkele kere waarby dit anders is. Dat mense wat só oor die prediking voel, hulle kinders natuurlik wel kan aanspoor om kerk toe te gaan, is waar. Hulle is egter nie in staat om hulle kinders entoesiasties te maak oor die erediens nie. 'n Mens vra jouself af of die gevolg daarvan nie sal wees dat die jonger geslag al meer uit die erediens sal verdwyn nie. Die ouers mag nou nog gaan, omdat hulle vanuit 'n bepaalde opvoeding en lewensinstelling aan die erediens vashou, selfs al vind hulle maar baie min vreugde daarin. Dit is egter onwaarskynlik dat hulle kinders in 'n tyd van groot maatskaplike en kulturele veranderinge nog dieselfde sal bly doen.

Die plaaslike predikant, wie se prediking dikwels hierdie negatiewe beoordeling van die kant van sy gemeentelede ontvang, is dikwels onbewus van hierdie toedrag van sake. Dit hang in 'n groot mate saam met die feit dat daar tussen ons gemeentelede en hulle predikante nie dié soort kommunikasie bestaan, waarin dit vir hulle moontlik sou wees om aan die predikante te sê hoe dikwels hulle die prediking niksseggend of vergesog, melodramaties of stereotiep vind nie. Hulle kan met hulle predikant andersins op die allerbeste voet verkeer, selfs saam met hom tennis speel en braaivleis hou en hom in erns en luim 'n baie menslike en genaakbare en selfopofferende persoon vind. Sodra dit egter oor die prediking gaan, bestaan daar 'n diepe skroom van hulle kant om eerlik en openlik met hom daaroor te praat.

Miskien het dit iets met ons Afrikaanse volksaard te make. Ons het 'n sekere "ordentlikheid" oor ons, waardeur dit vir ons besonder moeilik is om iets negatiefs onder die aandag te bring van iemand vir wie ons liefde en agting het. Dit beteken dat ons dikwels die waarheid sal verswyg en miskien selfs effens skeef sal hou, eerder as om teenoor die predikant te erken dat

ons maar min aan sy prediking het. Dit kan ook saamhang met ons tradisionele agting vir die kerklike amp, en in die besonder vir die amp van die predikant. Baie van ons het nog in die huis geleer dat 'n mens die gesalfde van die Here nie moet aantas nie - wat vir die ouer geslag konkreet beteken het dat 'n mens die predikant nie mag kritiseer nie. Dit kan tot gevolg hê dat mense wat 'n sterk aanvoeling het vir ons tradisionele gesagspatrone selfs 'n gevoel van skuld daaroor kan ontwikkel dat hulle soveel besware teen die prediking daarop nahou.

By baie van ons mense bestaan ook die gevoel dat dit so hoort dat hulle die predikant onder die indruk moet bring dat hulle goeie kerkmense is wat in alles maar net lojaal is, nooit aan iets twyfel nie en nooit teen enigiets besware koester nie. As hulle dit nog waag om besware na vore te bring, sal dit oor ander dinge gaan, maar nie so maklik oor die prediking nie. Dáárvan wil hulle liewer afbly, gedeeltelik ook omdat hulle nie genoeg selfvertroue het om met die predikant te praat oor 'n saak waaroor hy in hulle oë 'n soort deskundige behoort te wees, terwyl hulle miskien nie eers die regte woorde sal kan vind om te sê wat dan presies verkeerd is nie. Dit is ook verskriklik moeilik om te sê wat presies verkeerd is. In 'n rustige gesprek met 'n derde, wanneer woorde om en om gedraai kan word en die gedagtes allerlei weë kan kies, is dit vir hulle miskien wel moontlik om te praat oor hulle vae en onformuleerbare misnoeë, hulle gevoel van onbevredigdheid, hulle teleurstelling en frustrasie. Maar dan wil hulle eers die sekerheid hê dat die persoon met wie hulle praat, dit nie weer aan die predikant sal gaan oordra nie. *Hy mag dit nie weet me.*

Daarom weet hy dit ook dikwels nie. Hy verkeer dikwels onder die indruk dat alles wonderlik goed gaan. Hy klim met groot vrymoedigheid op die kansel. Hyself geniet miskien die prediking en die voorbereiding daarvoor. Klaarblyklik is hy onder die indruk dat sy prediking nie te swak is nie. 'n Mens is in die reël maar mild in jou oordeel oor jouself. As jy nie daarby gehelp word nie, kan jy jouself en jou eie werk nie maklik objektief beoordeel nie. Dit word soveel moeiliker, as andere feitlik konsekwent volhard daarin om hulle kritiek teenoor jou te verswyg, terwyl hulle uit hulle pad sal gaan om iets vriendeliks en waarderends teenoor jou op te merk. Presies dit gebeur voortdurend met die predikant. Oor wat swak is in sy prediking word daar liewer geswyg. Oor wat daarin waardeer kan word, is mense om begryplike redes meer uitgesproke teenoor hom. Hy hoor dus altyd net gunstige kommentaar, terwyl die ongunstige hom onthou word. In die konsistorie, na die preek, word daar altyd gedank vir die mooi boodskap wat ons ontvang het. Meermale word 'n handdruk en 'n vriendelike woordjie van dank aan die dominee gegee as hy die kerkgebou verlaat. Dit alles werk daartoe mee om hom onder die indruk te bring dat daar baie waardering vir sy prediking bestaan. Uit 'n onlangse opname onder predikante het dit geblyk dat ongeveer tagtig persent van hulle van mening was dat die gemeentelede tevrede is met hulle prediking. Hierdie indruk waaronder hulle verkeer, is verklaarbaar, maar nie 'n getroue weergawe van die werklikheid nie. Die ontevredenheid oor die prediking is baie groter as wat die meeste predikante dink.

Dit is natuurlik 'n vraag of 'n mens die skuld vir die misnoeë rondom die prediking net by die predikant moet gaan soek. Sulke sake is altyd ingewikkelder as wat hulle oppervlakkig lyk. Die sukses of mislukking van die prediking hang van baie meer faktore as die optrede van die predikant af. Die prediking vind immers in die boesem van die *gemeente* plaas en die skuld daarvoor dat dit so dikwels as onbevredigend ervaar word, moet ten minste gedeeltelik óók

by die gemeente gesoek word. Die algemene geestelike peil van die gemeente het 'n geweldige groot invloed op die gehalte van die prediking. Die predikant is nie 'n geïsoleerde individu wat alleen aan die kant van God en sy Woord staan, terwyl die gemeente maar net sy arbeidsveld is wat geen geestelike invloed op hom uitoefen nie. Hy is en bly ingebed in die gemeente as geheel, sodat die vlak van sy geestelike lewe en die betekenis van sy arbeid in 'n groot mate deur die gemeente beïnvloed word. In die verhouding tussen 'n predikant en sy gemeente gaan dit om 'n tweerigting-verkeer, sodat 'n mens kan sê dat die predikant in 'n sekere sin die produk is van die geestelike lewe van die kerkgemeenskap waaraan hy behoort, terwyl dit omgekeerd natuurlik ook waar is dat hy invloed op daardie kerkgemeenskap uitoefen. Daar is 'n sin waarin 'n mens kan sê dat 'n kerk die soort predikante en die soort prediking wat hy het, aan homself te danke het.

Tog is dit waar dat die fout in verband met die onvergenoegdheid oor die prediking in eerste instansie by die predikante gesoek word. Dit lê ook voor die hand om dit te doen. Die feit dat die prediking soos dit onder ons bekend is, die taak van die predikant alleen is, laat dit vanselfsprekend lyk om in elk geval by die predikant te begin as daar na die oorsake vir die onvergenoegdheid oor die prediking gesoek word. Van hom geld dit immers dat hy die Woord van God tot opdrag ontvang het. A1 is dit dus ook waar dat daar baie meer faktore op die spel is by die vraag na die geslaagdheid van die prediking, is dit logies om sy aandeel daaraan as van beslissende betekenis te beskou en op die vraag in te gaan of hy sy opdrag op die regte manier uitvoer.

Daar is 'n groot aantal beskuldiginge wat in hierdie verband aan sy adres gerig word. Sommige gemeentelede vind die prediking te droog en vervelend, te dogmaties of te abstrak; ander vind dit oppervlakkig en onsamehangend, 'n herhaling van allerlei gedagtes sonder direkte betrekking op die lewe van elke dag. Die intellektueelontwikkelde lidmate oordeel dat die wêreldjie van die predikant te klein is, sodat hy dikwels geen besef het van die groot werklikhede waarmee ons elke dag te make het nie. Die jeug vind hom dikwels te formeel en te styf, te goedig of te stroperig, maar in elk geval feitlik altyd onwaaragtig en oneg.

Watter besware ook al na vore gebring word, almal lê daarvan getuienis af dat die gemeentelede hulle ontevredenheid met die preek en selfs met die erediens as geheel aan die predikant wyt. Hulle dra hulle gevoel van irritasie met ons hele kerklike en godsdienstige lewe op hom oor en sien in hom die simbool van die gebrek aan integrasie tussen geloof en werklikheid waaraan ons kultuur mank gaan. Vir baie mense is die predikant eenvoudig 'n misplaaste figuur, selfs al sal hulle nooit daaraan dink om dit só onder woorde te bring nie. Hy irriteer hulle, omdat hy vir hulle die verpersoonliking is van die magteloosheid van die kerk en die geloof om tot die kern van die lewenswerklikheid deur te dring en ons lewe saam te vat tot iets eenvoudigs en helders. Daarom het hulle ook dikwels geen simpatie met hom nie, veral ook nie in sy moeilike opdrag om die Woord te verkondig nie. Hulle dink ook nie daaraan om die hand in eie boesem te steek en te vra of hulle self en die hele kerklike situasie - waaraan óók hulle help vorm - nie ook mede-skuldig kan wees aan die oneffektiwiteit van die prediking nie.

Een van die grootste beskuldiginge wat teen die predikant ingebring word, is dat die swakheid van sy prediking die resultaat van sy eie gebrekkige geestelike lewe is. Hierdie beswaar word

nie altyd op dieselfde manier verwoord nie. Sommige gemeentelede sal sê dat die predikante nie uitleef wat hulle verkondig nie; dat hulle klaarblyklik nie eksistensieel ervaar wat hulle as die waarheid van Gods Woord op die kansel aan andere voorhou nie; dat hulle op 'n formalistiese wyse met 'n aantal Christelike cliché's werk, waarvan 'n mens nie die gevoel kry dat dit met realiteite in hulle eie geestelike lewe te make het nie. Vandaar ook dikwels die harde beskuldiging van onwaaragtigheid aan die adres van die predikant, veral van die kant van die jeug. Daar is egter ander gemeentelede - en dit wil voorkom of hulle op die oomblik weer 'n groeiende aantal lidmate in die kerk verteenwoordig - wat eenvoudig sê dat die predikant se moeilikheid is dat hy nie 'n "geestelike mens" is nie.

Volgens hierdie opvatting sal alle gebreke wat die prediking aankleef, eenvoudig vanself verdwyn as die predikant maar net werklik 'n Geesvervulde mens sou wees. Dit is veral die sogenaamde "geestelike" lidmate van die gemeente wat telkens weer hierdie standpunt beklemtoon. Hulle sê dikwels in gesprekke en gebede dat as die predikant maar net 'n nuwe geestelike ondervinding kon hê en die vervulling met die Heilige Gees deelagtig kon word, alle probleme soos mis voor die son sal verdwyn. Dan sal die prediking mense weer aantrek in plaas van afstoot; daar sal bekerings plaasvind soos in die ou dae en daar sal 'n herlewing tot stand kom volgens die patroon van die herlewings waarvan die geskiedenis getuienis aflê. Daarna hunker hulle siel en daarvoor bid hulle soms jare lank, dikwels by spesiale geleenthede waarheen die predikant ook uitgenooi word. Op hierdie wyse gaan daar van hulle 'n sterk aandrang op hom uit om na hierdie geestelike ervaring en krag te soek, ten einde so verlos te word van die kragteloosheid van sy bediening.

Dit klink alles so vanselfsprekend korrek en bybels. Niemand sal seker ook wil ontken dat daar 'n groot stuk waarheid skuil in wat hierdie soort gemeentelid sê nie. Sonder die krag van die Heilige Gees is ons in elk geval tot niks in staat nie. Die predikant behoort die eerste te wees om in ootmoed te erken dat hy dikwels en op baie maniere die Heilige Gees bedroef en op baie maniere daarvoor verantwoordelik is dat sy bediening nie altyd in die betoning van Gees en krag geskied nie (1 Kor. 2:4). Hy sal ook voortdurend bewus moet wees van die gevaar om op 'n formele wyse met die Woord van God om te gaan, sonder om werklik eksistensieel daardeur aangeraak en verander te word. Hy sal met opregtheid dag na dag moet bid vir 'n nuwe salwing en toerusting van die Heilige Gees met die oog op die werk wat hy moet verrig. Tog moet hy versigtig wees om hom nie te laat meesleur met 'n bepaalde gedagtegang wat as baie "geestelik" voorgehou word, maar wat ook sy bedenklike kante het nie.

Sonder dat hulle dit bedoel of besef, is die vroomheid van baie van ons sogenaamde "geestelike" lidmate besmet met 'n groot hoeveelheid rigorisme, wettisisme en spiritualisme. Die voorstelling wat hulle vir hulself maak van wat 'n Geesvervulde mens moet wees, is dikwels taamlik ver verwyder van die Bybelse boodskap van hoe die *mens van God* behoort te wees. Hulle beskik oor 'n taamlik skerp omlynde beeld van wat die houding en gedrag van die Geesvervulde mens moet wees, van die "moets" en "moenies" wat vir hom geld en dikwels selfs van die woordeskat wat hy behoort te gebruik en die stembuiging wat daarmee gepaard moet gaan. Hulle merk selde of ooit dat hulle ook maar 'n stel van cliché's het wat net so maklik formalisties kan word as dié van die tradisionele predikantetaal. Die besondere soort terminologie, vriendelikheid, gestrengheid en ywer wat vir hulle die kenmerke van die

Geesvervulde mens uitmaak, dra 'n baie sterk selektiewe karakter. Wanneer hulle die predikant aan hulle maatstaf vir geestelikheid gaan meet en hy nie daarby inpas nie, maak hulle hom dikwels vir ongeestelik uit oor dinge wat nog heeltemal nie in hulleself die bewyse van ongeestelikheid hoef te wees nie. Meermale gebeur dit ook dat juis hierdie soort gemeentelid vanuit 'n soort geestelike hoogmoed oordeel oor die gebrek aan die egte geestelike lewe by die predikant, terwyl hulle nie merk hoe ongeestelik hulleself met hulle hooggeroemde vroomheid is nie.

Veral op die gebied van die prediking kan 'n dergelike soort vroomheid uiters nadelige gevolge hê. Wanneer vanuit hierdie agtergrond aangedring word op 'n prediking in die krag van die Heilige Gees, word daarmee nie in eerste instansie 'n prediking bedoel waarin die Woord van God in sy volheid tot sy reg kom nie, maar 'n prediking wat die uitdrukking is van 'n bepaalde vroomheidstipe wat eintlik net 'n sekere snit uit die bybelse getuienis maak en daarby volstaan. 'n Prediking in die krag van die Heilige Gees is vir hierdie soort gemeentelede beperk tot 'n vurige bekeringsprediking en 'n oproep tot die persoonlike heiligmaking, miskien ook nog aangevul deur 'n (dikwels chiliasties-getinte) beklemtoning van die wederkoms. By hierdie inhoud pas egter ook die uiterlike vorm waarin die prediking moet geskied om as geestelik te kan deurgaan: dit moet 'n sterk emosionele karakter dra, by die hoorders aandring op onmiddellike en kragdadige beslissings en indien moontlik ook by hulle tot emosionele reaksies lei. Dit word daarby besonder op prys gestel as die prediker entoesiasties en lewendig kan praat, meermale na sy eie geestelike ervaringe kan verwys en sy prediking kan vul met mededelinge van die groot effek wat sy eie prediking of die van andere reeds gehad het.

Wanneer 'n predikant binne die suigkrag van hierdie soort vroomheidstipe kom, kan dit op sy prediking 'n uiters nadelige effek hê. Dit is eenvoudig noodsaaklik dat 'n predikant moet insien dat wat hier as "geestelike" prediking verstaan word, dikwels 'n baie skraal inhoud het en dat dit baie keer die geval is dat sulke gemeentelede die vurige betoog van 'n ekstrovert verwar met verkondiging in die krag van die Heilige Gees. Sy oë moet ook geopen wees vir die feit dat daar in hierdie soort vroomheidstipe 'n ingeboude stuk spiritualisme sit, wat op die lang duur nie anders as vernietigend vir die egte bybelse vroomheid kan wees nie.

Onder spiritualisme verstaan ons 'n opvatting van die werk van die Heilige Gees wat die verband tussen die aktiwiteit van die Gees en die aktiwiteit van die mens deursny, sodat die Heilige Gees en sy werk in teenstelling tot die skepping en die mens met sy werksaamheid gesien word. Dit kom daarop neer dat as die Heilige Gees iets doen, dit altyd die karakter van die buitengewone moet dra. Die gewone menslike aktiwiteit en die gewone gebeurtenisse en wetmatighede van die menslike lewe kan dan nooit in dieselfde mate na die werksaamheid van die Heilige Gees teruggevoer word as die opsienbarende en onverwagse nie. Die Heilige Gees en die mens word op een of ander manier as konkurrente van mekaar verstaan. As die Gees iets doen, hoef die mens dit nie ook te doen nie, en as die mens iets doen, kan dit niks met die Heilige Gees te make hê nie. Teologies gesproke het ons hier te make met die eeue-oue teenstelling tussen natuur en genade. 'n Mens sou 'n hele geskiedenis van kerk en teologie kon skrywe vanuit die gesigspunt van die vraag hoe daar geworstel is om tot 'n juiste insig te kom in die verhouding tussen natuur en genade. Die Rooms-Katolieke teologie het tot op vandag nog nie daarin geslaag om tot helderheid oor hierdie probleem te kom nie, terwyl

dit die wortel van feitlik alle vorme van sektarisme is dat dit die verhouding tussen natuur en genade alleen maar in die vorm van 'n teenstelling kan dink en daarom nie in staat is om die heil werklik in verband te bring met die aardse en geskape lewe nie. Dit is eintlik net die protestantisme, en dan ook in die besonder die gereformeerde protestantisme, wat dit genadiglik ontvang het om te verstaan dat die teenstelling waarom dit vir ons moet gaan, nooit dié tussen natuur en genade mag wees nie, maar dié tussen*sonde* en genade. Wie dit nie verstaan nie, moet altyd die skepping as iets minderwaardigs beskou, moet die gewone lewe gering ag en na die spektakulêre en buitengewone ingrype van die Gees uitsien en moet noodwendig in 'n werklikheidsvreemde vroomheid verval wat bestaan in die terugtrekking van die mens in een of ander vorm van "geestelikheid" wat nie meer die totale lewe onder die heerskappy van die voile Woord van God kan bring nie.

Daarom is dit vir 'n predikant uiters gevaarlik om in die bankring van die spiritualistiese vroomheid te beland. Dit kan immers beteken dat die maatstaf wat hy vir sy eie arbeid en prediking gaan aanlê, nie meer dié is van die opbou van die gemeente in die voile kennis van die Woord van God nie, maar dié van die vraag of daar buitengewone dinge gebeur. Eers as daar opsienbarende dinge gebeur, eers as die emosies hoog oplaai, eers as die mense kan ervaar dat hulle min of meer uitgelig word uit die wêreld en in 'n ander ervaringsfeer teregkom, word die Heilige Gees vir hulle "herkenbaar". As 'n predikant na hierdie dinge begin strewe, is dit nie vreemd as hy nie meer baie aandag aan eksegese en 'n deeglike voorbereiding van sy prediking gee nie. Dit is nie snaaks as hy ophou om teologiese boeke te lees nie. Hy kan dit naderhand nie meer anders as tydverkwisting sien nie. Hy voel dat hy met soveel wesenliker dinge besig is as hy hom eerder verdiep in allerlei "ervaringe", charismaties of andersins. Hy vind dit 'n baie ongeestelike instelling as mense van hom sou verwag om aandag te gee aan die tegniese en kommunikatiewe aspekte van die prediking. Vir sy besef het die Heilige Gees niks met sulke menslike en wêreldlike dinge te make nie. Aandag aan dinge soos eksegese, die gebruikmaking van die juiste uitlegkundige metodes, die inskakeling van alle beskikbare kennis van die manier waarop menslike kommunikasie werk - dit alles word vir hom simptomaties van die gebrek aan geestelike instelling wat probeer om in menslike krag tot stand te bring wat alleen deur die Gees van God gedoen kan word. Dit is net konsekwent as hy dan liewer uitgaan van die gedagte dat God hom 'n boodskap deur die ingewing van die Heilige Gees deelagtig moet maak, omdat dit dan nie meer sy eie boodskap sal wees nie. Hierdie ingewing deur die Heilige Gees moet vir sy besef dan egter buite alle inspanning van sy kant af plaasvind.

Waar 'n predikant hom deur die ideale van die spiritualistiese vroomheidstipe laat meevoer, kan sy bediening oneindig veel skade ly. Daar is predikante wat tot aan die rand van 'n senuwee-instorting gebring word deur die gedagte dat hulle nie geskik is as predikante nie, omdat hulle nie kan beantwoord aan die ideaal van wat 'n Geesvervulde prediker volgens hierdie soort opvatting moet wees nie. Hy kan bid en worstel en vra om besondere ervaringe en buitengewone gebeurtenisse in sy bediening, dikwels met verwaarlosing van die gewone middele wat in sy hand gegee is. Waar sulke ervaringe en gebeurtenisse uitbly, kan hy in moedeloosheid en selfverwyt verval. Wat hy in sulke gevalle nodig het, is nie 'n groepie gemeentelede wat voortdurend 'n vriendelike druk op hom bly uitoefen om ook 'n Moody of Torrey te word nie, maar 'n nugter gelowige wat hom kan help om te sien dat God nie aan alle

mense dieselfde gawes gee nie en ook nie dieselfde ervaringe nie, maar dat Hy van elkeen verwag om in gehoorsaamheid aan God te wees wat God hom bedoel het om te wees. Wat hy nodig het, is dat iemand hom moet verlos van die spiritualistiese verenging waarin hy tereg gekom het. Hy moet uit homself uitgehaal word en van die verwarring verlos word wat geleë is in die opvatting dat net mense met bepaalde ervarings of persoonlikheidstrukture aan die bybelse ideaal van die mens van God sou kon beantwoord. Hy moet weer 'n oog kry vir sy verantwoordelikheid dat hy die Woord as opdrag ontvang het en dat hy hom daarop moet toelê om dit in sy volheid te verstaan en te verkondig.

Hy sal verlos moet word van die idee dat vervulling met die Heilige Gees sonder meer 'n kitsoplossing vir alle probleme rondom die prediking inhou. Dit is kenmerkend van die spiritualisme dat dit van kitsoplossings deur die Heilige Gees hou. So wil baie die probleem van ons geestelike stryd in die heiligmaking met die kitsoplossing van die "second blessing" te bowe kom. Die diepgrypende probleme van die samelewing wil hulle nie van die grond af aanpak nie, omdat hulle glo dat die Heilige Gees alles in 'n oomblik sal regmaak as daar net 'n groot herlewing kan uitbreek. En vir die predikant word dit in vooruitsig gestel dat alle verdere sorge in verband met die prediking in 'n enkele oomblik opgelos kan word, as hy maar net 'n geestelike ervaring kan hê en die Heilige Gees alles kan oorneem.

Die predikant sal versigtig moet wees om waarheid en leuen hier van mekaar te onderskei. Dit is waar dat ons sonder die Heilige Gees niks kan doen nie. Dit is waar dat 'n predikant wat nie met die Heilige Gees vervul is nie, 'n gebrekkige bediening sal hê. Dit is óók waar dat ons te alle tye gehoorsaam moet wees aan die bevel van die Skrif om met die Gees vervul te word (Ef. 5:18). Maar dit is nie waar dat die vervulling met die Heilige Gees alle probleme meteens oplos, my van my eie verantwoordelikheid om hard te werk ontslaan, of my op 'n vlak bring waar ek nie meer hoef aandag te gee aan die feit dat die prediking in 'n menslike kontak-situasie plaasvind en daarom alleen 'n sukses kan wees as aan die voorwaardes vir goeie kommunikasie voldoen is nie. Die Heilige Gees staan nie téénoor ons aktiwiteit en verantwoordelikheid nie, maar vervul ons juis daarin. Ook die Geesvervulde predikant, ja juis hy, sal nog in alle erns moet worstel met die baie hindernisse in homself en in die kontaksituasie waarin die prediking plaasvind.

Vervulling met die Heilige Gees is nie die einde van die predikant se probleme met die prediking nie, maar dit bied aan hom die noodsaaklike vertrekpunt, die moed en die krag, die geloof en die hoop, die ywer en die liefde om van hierdie groot opdrag wat aan hom gegee is, die allerbeste te probeer maak wat met sy besondere gawes en talente daarvan gemaak kan word. Dit laat hom die feit van die onvergenoegdheid rondom die prediking in die regte sin van die woord ernstig opneem en maak hom vry om te ondersoek presies wáár die fout dan lê, dat die prediking nie aan sy doel kan beantwoord nie.

## Ons verantwoordelikheid

Al is dit waar dat dit 'n oor-vereenvoudiging is om al die skuld vir die misnoeë rondom die prediking voor die deur van die predikant alleen te lê, is dit nogtans nie te ontken dat hy wel 'n groot stuk verantwoordelikheid in verband daarmee het nie.

In elk geval mag hy hom nie onttrek aan die verantwoordelikheid om kennis te neem van hierdie verskynsel nie. Ons het al daarop gewys dat die predikant dikwels nie weet hoe groot die misnoeë rondom die preek werklik is nie. Ons het die rede daarvoor gesoek in die instelling van baie van ons mense, wat hulle daarvan weerhou om openlik kritiek op die prediking te lewer of eerlik met die predikante te praat oor die dinge wat hulle in die prediking hinder.

Tog moet ons nie daaraan verbykyk dat die predikant dikwels in 'n groot mate self die skuld daarvoor dra dat hy van die onvergenoegdheid met sy prediking onbewus bly nie. Sy eie instelling en houding bring dikwels mee dat mense - om dit sag te sê - nie juis aangemoedig word om sy prediking met hom te bespreek nie.

Elke predikant het 'n selfbeeld, wat in 'n groot mate saamhang met sy opvatting van die rol wat hy as predikant moet vervul. Hierdie selfbeeld bepaal die instelling en houding van die predikant in sy omgang met ander mense, veral natuurlik met sy gemeentelede. As die predikant se selfbeeld gestempel word deur die opvatting dat hy in 'n sin onaantasbaar behoort te wees as hy werklik 'n goeie dienskneg vir die Here moet wees, sal dit hom baie bewus maak van sy eie waardigheid en posisie van gesag. Dit skep al dadelik 'n afstand tussen hom en sy gemeentelede, selfs al is hy totaal onbewus daarvan. Deur sy stemtoon en intonasie, sy houding en gebare, sy woordkeuse en gelaatsuitdrukking gee hy gestalte aan die beeld wat hy van homself het, nl. dié van 'n vriendelike, maar tog ook gestrenge vader wat in grate wysheid sy weg deur die wêreld bewandel en al lankal die alte menslike dinge agter hom gelaat het.

Hy kom dit nie eers meer agter dat hy, selfs in sy betoning van vriendelikheid en gemoedelikheid en liefde, nog so ver bo en buitekant die gewone leefwêreld van die mense bly staan, dat daar selfs dán aan hom 'n atmosfeer van neerbuigendheid en waardigheid bly kleef, wat 'n groot afstand tussen hom en ander mense bewaar nie. Hierdie houding van die predikant wat vir hom dikwels so 'n tweede natuur geword het dat hy self al daarin glo dat hy werklik is soos wat hy hom hou, versper die weg vir enige gemeentelid om eerlik met hom te praat oor wat verkeerd is in die prediking.

Bowendien kan dit maklik gebeur dat die predikant só bewus is van sy eie ampsgesag, dat hy dit as iets pynliks ervaar om aan enige vorm van kritiek blootgestel te word. Hy kan gevolglik op sodanige wyse daarop reageer, dat mense nie die vrymoedigheid sal hê om werklik met hom deur te praat oor hulle onvergenoegdheid oor sy prediking nie. Dit kan gebeur dat hy verkeerdelik elke vorm van ontevredenheid met die prediking en die resultate daarvan as 'n aantasting van sy persoonlike eer en 'n refleksie op sy bekwaamheid en gesag interpreteer. Dit is natuurlik verkeerd dat hy dit so interpreteer, omdat die sukses of mislukking van die prediking van baie meer faktore afhang as net die predikant se eie bekwaamheid. Daarby hoef eerlike kritiek teen die prediking ook geen aantasting van die gesag van die predikant te beteken nie. As hy die regte instelling teenoor sy amp het, sal dit vir hom nie moeilik wees om

te besef dat hy homself op die agtergrond moet skuif en alles in sy vermoë moet doen om sy prediking so doeltreffend as moontlik te maak nie. Daarom behoort hy homself so goed as moontlik op hoogte te stel van die reaksies van die gemeentelede op sy prediking, juis ook van die negatiewe reaksies, omdat dit hom kan help om sover moontlik alles uit te skakel wat 'n effektiewe verkondiging van die Woord van God in die weg kan staan.

Tog gebeur dit soms dat predikante allerlei tekens van liggeraaktheid toon en geneig is om afweermeganismes in werking te stel wanneer daar kritiese geluide oor die prediking gehoor word. Een van hierdie afweermeganismes bestaan daarin dat die predikant homself in 'n teologiese ivoortoring terugtrek en eintlik weier om kennis te neem van bestaande kritiek of gegewens wat die ondoeltreffendheid van die prediking sterk onder die aandag bring.

Dit kan byvoorbeeld daartoe lei dat 'n predikant geen waardering kan bybring vir sosiologiese opnames wat op wetenskaplike wyse aantoon hoe die gewone kerkmense oor die prediking voel nie. Hy word daarin immers gekonfronteer met gegewens wat toon hoe min effek die prediking het, hoe min gemeentelede ná 'n diens nog van die preek kan onthou, hoe min veranderinge in die persoonlike en maatskaplike lewe as gevolg van die prediking tot stand gekom het en hoe min mense daar is wat die prediking verstaanbaar en relevant vind. 'n Mens sou verwag dat dergelike gegewens die predikant sou interesseer en hom tot ernstige nadenke en selfs tot 'n heroorweging van sy preekwerk sou bring. Dit kan egter nie gebeur waar 'n predikant sy teologiese afweermeganisme in werking stel nie.

Wat dan immers gebeur, is dat hy met allerlei teologiese argumente oor die krag en betekenis van die Woord van God dit as 'n geloofsaak voorhou om nie vas te kyk teen sosiologiese gegewens nie, maar vas te hou aan die beloftes van God. Hy mag dit selfs as 'n saak van regsinnigheid ervaar om nie "sosiologies" nie, maar "teologies" na die prediking te kyk - waarmee hy bedoel dat die teoloog nie van sosiologiese gegewens kennis moet neem nie, maar hom net aan die uitsprake van die Bybel oor die krag van die evangelie moet hou. Dit klink alles baie goed, maar is in werklikheid tog niks anders as 'n teologiese afweer-meganisme wat hanteer word om die onaangename werklikheid van ons lyf af te hou en rustig voort te gaan asof daar geen wolkie aan die kerklike hemel is nie.

Klaarblyklik is dit tog nie waar dat teologiese regsinnigheid van ons sou vra om ons oë te sluit vir wat sosiologies waar is nie. Dit is natuurlik 'n ander vraag of die sosiologiese opnames altyd 'n getroue beeld gee van wat die werklike stand van sake met die prediking is. 'n Mens kan daaroor redeneer of hulle deur die aard van die peillood wat hulle in die samelewing laat sak, nie by voorbaat net aan die buitekant van die dinge bly en met hulle vrae in bepaalde gevalle ook sekere antwoorde by voorbaat predisponeer nie. Die teoloog het seker die reg om met die sosioloog in gesprek te tree en aan hom kritiese vrae te stel oor die betroubaarheid van sy gegewens. Wat hy egter nie mag doen nie, is om dit by voorbaat te ignoreer, net omdat dit sosiologiese gegewens is en hy as teoloog hom aan die Bybel alleen moet hou. Goeie teologie behoort nooit die situasie te ignoreer waarin ons ons bevind nie.

Ons denke hou nie op om teologies te wees, as ons deeglik kennis neem van die resultate van ander wetenskappe nie. Ook op hierdie gebied hou die teologie nie op om regsinnige en goeie teologie te wees, as dit kennis neem van wat die resultate van die prediking is soos dit binne

die blikveld van die sosioloog verreken kan word nie. As die teologie sy sout werd is, moet hy dit kan aandurf om met voile kennisname van alles wat oor die resultate van die prediking gesê word, die vraag te deurdink wat die beloftes van God vir ons juis in 'n situasie soos hierdie inhou. Dan sal die vraag ook ten minste aan die orde moet kom, waarom ons sulke wonderlike beloftes oor die krag van die evangelie besit, terwyl ons so min van die vervulling van dié beloftes ervaar. 'n Teologiese deurdenking van die probleem van die prediking word eers moontlik wanneer ons bereid is om die feit onder die oë te sien dat die resultate van die prediking nie net te make het met die beloftes van God nie, maar ook met die *verantwoordelikheid* van die kerk en die predikers aan wie daardie beloftes gegee is.

Juis omdat ons ten opsigte van die prediking 'n eie verantwoordelikheid het, is dit onmoontlik dat die predikant hom met allerlei teologiese argumente eenvoudig kan afmaak van feite in verband met die prediking wat onder sy aandag gebring word. Daar is predikante wat van alle statistiese en ander gegewens oor die gebrek aan resultaat by die prediking eenvoudig met 'n skouer-ophaal kennisneem. Hulle is immers van oortuiging dat 'n mens niks anders kan verwag nie. Leer die Skrif dan nie duidelik dat die geloof nie die deel van alle mense is nie en dat die vleeslike mens altyd aanstoot aan die Woord van God sal neem nie? Daarom is dit vir hulle vanselfsprekend dat daar altyd ook misnoeë rondom die prediking sal wees, maar netso vanselfsprekend dat die predikant hom daarvan nie te veel moet aantrek nie, omdat hy tog aan die beloftes van God vashou.

Ons het reeds daarop gewys dat die gemeente ongetwyfeld ook skuld daaraan het as die prediking onvrugbaar bly. Ook is dit waar dat die evangelie altyd verset sal uitlok van die kant van die ongeloof. Vir sover die prediking werklik verkondiging van die evangelie is, moet dus daarop gereken word dat dit deur baie afgewys sal word. Alle egte evangelieverkondiging bevat 'n element van aanstoot en daar is baie wat daaroor val. Tog skuil daar 'n groot gevaar in die hantering van hierdie argumente as dood-doeners met betrekking tot alle vorms van kritiek wat teen die prediking na vore gebring word.

Wanneer hierdie argumente as 'n afweer-meganisme hanteer word om die onaangename werklikheid van ons lyf af te hou, kan dit besonder skadelike effekte hê. Dit kan daartoe lei dat die totale skuld vir die onvrugbaarheid van die prediking aan die adres van die ongeloof gelê word, terwyl die prediker van alle moontlike verantwoordelikheid onthef word. Sy prediking word dan immers sonder meer gelyk gestel aan die evangelie. Dit het geweldige konsekwensies. Alle aanstoot wat sy prediking gee en al die kritiek wat teen die oppervlakkigheid, niksseggendheid of wêreldvreemdheid daarvan ingebring kan word, word dan reglynig geïnterpreteer as aanstoot aan die evangelie.

As ons hierdie standpunt van nader beskou, blyk dit minstens netso 'n groot oor-vereenvoudiging te wees as die opvatting dat al die skuld vir die mislukking van die prediking aan die gebrek aan die Heilige Gees by die predikant gewyt moet word. So is dit met name 'n oor-vereenvoudiging om die prediking soos dit in die praktyk op ons kansels plaasvind, sonder meer gelyk te stel met die evangelie. Al het ons die beloftes van die Woord van God dat Hy die kerk in alle waarheid sal lei en dat Hy sy Woord nie aan ons sal onthou nie. is dit tog vanselfsprekend dat die vervulling van Gods beloftes korreleer met ons gehoorsaamheid aan sy Woord. Die hele verantwoordelikheid van die prediker en sy geloofsgehoorsaamheid kom

hier in die gedrang en val in 'n eenvoudige gelykskakeling van die prediking en evangelie op 'n ongeoorloofde manier weg. Die groteske standpunt word ingeneem dat alles wat op die kansel vir prediking aangebied word, ook werklik evangelie is. Wat word hierby egter van die feit dat daar dikwels 'n valse evangelie op die kansel verkondig word, of 'n vlak soort moralisme, of 'n aantal verhaaltjies en gedagtetjies, waarvan niemand tog kan volhou dat dit met die Woord van God gelykgestel kan word nie? As daarteen verset van die kant van die gemeente sou kom, wie sou kon volhou dat dit 'n verset uit ongeloof is en 'n duidelike voorbeeld van die hardheid van hart wat die aanstoot van die evangelie nie kan verdra nie?

Ons sal daarmee moet reken dat baie van die besware teen die prediking nie uit ongeloof of verharding van die hart voortkom nie, maar uit 'n eerlike honger en dors na die suiwere verkondiging van die Woord van God. Ons sal daarmee moet reken dat baie van die aanstoot wat aan ons prediking geneem word, nie 'n aanstoot aan die evangelie is nie, maar aan ons as persone en aan die manier waarop ons die opdrag van die prediking vervul. Voordat ons daartoe oorgaan om die onvergenoegdheid rondom die prediking aan die hardheid van die harte toe te skryf, moet ons as predikers eers daarvan oortuig wees dat ons die Woord van die waarheid reg gesny het, dat ons werklik die goeie saad gesaai het en dat ons alles in ons vermoë gedoen het om die Woord so te verkondig, dat dit gehoor kon word en in sy praktiese betekenis vir die lewe van die hoorders verstaan kon word. Anders loop ons gevaar om die aanstoot wat mense aan ons traagheid, ons hinderlike maniertjies, ons onsaaklike omgang met die teks, ons gebrek aan diepte neem, aan te sien vir die aanstoot wat hulle aan Christus neem.

Wat 'n regmatige troos vir die getroue evangeliedienaar kan wees, word tot 'n stuk onverantwoordelikheid as dit te gou en te oppervlakkig hanteer word. So is dit ook met die argument wat dikwels van die predikant gehoor word as hy gekonfronteer word met die swak resultate van die prediking, naamlik dat ons in die geheel nie na resultate moet vra nie, maar slegs getrou met die verkondiging moet voortgaan. Die resultate mag ons rustig in die hande van die Here laat. Hierdie uitsprake is natuurlik waar en het hulle waarde in 'n situasie van moedeloosheid en aanvegting, wanneer ons alles gedoen het wat ons kon doen, terwyl ons nogtans geen vrug op die arbeid sien nie. Dit is egter verkeerd om sulke uitsprake te gebruik as ŉ *alibi* om aan ons verantwoordelikheid te ontkom. Dit kan nooit die bedoeling wees dat ons werklik die resultate op die bediening van die Woord as van minder belang mag beskou nie. Ons mag in elk geval nie begin met die gedagte dat dit tog nie saak maak of daar werklik vrug op die arbeid rus nie. Waarom bid ons dan nog? Waarvoor beywer ons ons dan? Tog seker nie net, omdat ons in 'n bepaalde slaafse gehoorsaamheid die opdrag tot verkondiging uitvoer, sonder om te vra of dit ook werklik sy doel bereik nie.

Die gebrek aan resultate en selfs die ongeloof en hardheid van hart by die hoorders kan tog nie beteken dat ons ons by die situasie neerlê nie, maar vorm ons grootste uitdaging. Ons moet ons met alle inspanning daarvoor beywer om elke skans omver te werp en elke gedagte gevange te neem tot gehoorsaamheid aan Christus (2 Kor. 10:5). Die prediking moet juis dien om die hardheid van die harte te vergruis. Die beloftes wat in die Woord van God aan die verkondiging van die evangelie verbind word, geld tog vandag nog net soos in die verlede. Daardie beloftes moet ons daartoe aanspoor om ons te beywer vir die vervulling daarvan in

ons midde. As ons die vervulling daarvan nog nie ervaar nie, mag ons ons nie daarby neerlê nie, maar moet ons vra wáár die fout dan kan lê. Dit kan wees dat daardie fout baie nader aan onsself lê as wat ons dink. Dit kan wees dat ons maar baie selde die Woord van God suiwer en verstaanbaar verkondig, sodat dit sy vrye loop onder die mense kan hê.

In plaas daarvan dat ons sê dat die resultate van die prediking nie saak maak nie, behoort ons eerder te aanvaar dat dit in die prediking *juis om resultate gaan.* Wat wil ons dan anders met die prediking, as dat mense die Woord van God moet hoor en dat dit in hulle lewens moet indring en hulle moet verander? In plaas daarvan dat ons swaarwigtige teologiese argumente probeer aanvoer om die gebrek aan resultate op ons prediking te regverdig en daarmee terselfdertyd ons eie prediking byna onfeilbaar te verklaar, behoort ons eerder die hand in eie boesem te steek en te vra of dit nie gewoon-weg ons swak prediking is wat vir die gebrek aan resultate verantwoordelik is nie. As mense die prediking vervelend en niksseggend vind, as hulle dit meer verduur as geniet, dan kán dit heel waarskynlik saamhang met hardheid van hart, maar dit kán ook saamhang met die feit dat ons prediking die Woord van God meer verberg as openbaar maak. Die feit dat so baie van die kritiek teen ons prediking vandag nie van buitestanders afkomstig is nie, maar van ons eie getroue kerklidmate, moet vir ons 'n waarskuwende teken wees. Dit moet ons minstens daartoe noop om swaarwigtige teologiese verklaringe eers agterweë te hou, totdat ons seker is dat ons prediking nie met reg daardie kritiek uitlok nie.

Daar is so-iets as regmatige kritiek teen die prediking wat saamhang met die feit dat ons 'n eie verantwoordelikheid met betrekking tot die verkondiging van die Woord het. Daar is 'n aspek van die verkondiging waarvoor die mens geen verantwoordelikheid kan dra nie. Dit is nie in die mag van 'n mens om die hart van 'n ander te open nie. Dit is ook nie in die mag van die mens om die werking van Gods Gees af te dwing nie. Oor die vrymag van God om genadig te wees teenoor wie Hy wil, het ons gelukkig geen beskikking nie. Al hierdie dinge lê dan ook buite ons verantwoordelikheid. Ons kan slegs daarom bid dat God Homself in ons midde sal verheerlik, dat Hy die harte sal open vir sy Woord en dat Hy aan vele sy genade sal betoon. Verder as die gebed en die gelowige verwagting dat God sy beloftes sal vervul, strek ons verantwoordelikheid vir hierdie aspek van die verkondiging nie.

Ons verantwoordelikheid bestaan egter daarin dat ons - en daarby moet ons dink aan die predikant en die gemeente - sorg moet dra daarvoor dat die verkondiging as gebeurtenis wat tussen mense plaasvind, nie alleen na die inhoud suiwer en verstaanbaar sal wees nie, maar ook na die vorm die mees geskikte karakter sal dra vir die bereiking van die hoorders. Dit is ons roeping. Van hierdie verantwoordelikheid mag ons onsself nie ontslaan deur te wys op ons magteloosheid om te doen wat alleen die Gees van God kan doen nie. God verwag beslis van ons om te doen wat ons wél kan doen. Met geen enkele vroom of teologiese redenasie mag ons probeer om aan hierdie verpligting wat op ons rus, te ontkom nie.

Die kerk mag hierdie verantwoordelikheid aanvaar in die geloof dat God sy seën daarop wil skenk. Daarvoor het die kerk duidelike beloftes in die Woord van God. As die apostels in die wêreld uitgestuur word, gee Christus aan hulle die opdrag om die evangelie te verkondig, maar Hy belowe terselfdertyd dat Hy met hulle sal wees tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:19-20). Aangaande die Heilige Gees het Christus belowe dat Hy in en deur die getuienis

van die dissipels die wêreld sal oortuig van sonde en geregtigheid en oordeel (Joh. 15:26-27; 16: 7-11). Die hele Nuwe Testament lê getuienis af van die kragtige wyse waarop die Heilige Gees die verkondiging van die kerk gebruik om Christus te verheerlik.

Aan hierdie beloftes het sedert die dae van die apostels nog niks verander nie. Ook vandag mag die kerk daarop reken dat die Woord van God wat verkondig word, geen kragtelose en betekenislose woord is nie, maar 'n krag van God tot saligheid (Rom. 1:16). Ook vandag is die Woord van God nog lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard (Hebr. 4:12). Nog steeds geld van die Woord van God dat dit 'n hamer is wat die hardste rotse kan verbrysel en 'n vuur wat alle weerstand kan verteer (Jer. 23:29). Gods Woord sal nooit ledig tot Hom terugkeer nie, maar doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur (Jes. 55:11).

Aan hierdie beloftes mag die kerk nie twyfel nie. Dit beteken egter nie dat die kerk deur sulke beloftes van sy eie verantwoordelikheid met betrekking tot die verkondiging onthef word nie. So is dit met name die kerk se verantwoordelikheid om te sorg dat dit werklik Gods Woord is wat verkondig word én dat Gods Woord op sodanige manier verkondig word, dat dit gehoor en verstaan kan word. Die beloftes hang almal juis daarmee saam, dat dit werklik Gods Woord moet wees wat in sy betekenis vir die lewe van die mens onthul en geproklameer moet word.

Die kerk het nie reg om aanspraak te maak op die vervulling van Gods beloftes, as hy met iets anders as die Woord van God in die wêreld besig is, of as hy die Woord van God nie werklik "aan die man bring" deur dit in te spreek in die lewensituasie van die mens nie. Die feit dat die Heilige Gees self op die Pinksterdag die apostels laat spreek het in tale wat mense verstaan het as hulle eie taal, toon dat die wyse van verkondiging nie 'n saak sonder betekenis is nie. Die Heilige Gees val nie mense se hart op 'n gewelddadige wyse binne nie, maar spreek hulle aan in 'n taal wat hulle kan verstaan en oortuig hulle van die waarheid en die werklikheid van wat in die verkondiging gesê word. Ons verantwoordelikheid vir die verkondiging hang ten nouste hiermee saam.

Die feit dat dit net die Heilige Gees is wat die hart van 'n sondaar kan open om die Woord van God te verstaan en aan te neem, beteken nie dat dit nie van belang is hoe daardie mens benader en aangespreek word deur die mense wat deur die Heilige Gees as draers van die Woord gebruik word nie. As ons wil aanspraak maak op die beloftes van die Woord van God, is ons ook daartoe geroepe om te sorg dat dit werklik die evangelie is wat ons verkondig én dat daardie evangelie verstaanbaar en hoorbaar verkondig word.

Daarom is dit ook te maklik om die rede vir die mislukking van die prediking op 'n reglynige wyse te gaan soek by of die gebrek aan die Heilige Gees by die predikant, of die hardheid van hart van die gemeente. Albei hierdie dinge kan 'n rol daarin speel. Miskien moet ons selfs sê dat daarmee in 'n sekere sin die laaste en diepste gesê is wat oor die mislukking van die prediking gesê kan word. Ons mag egter nie die oë daarvoor sluit, dat ons daarmee ons toevlug neem tot die verborge werkinge van die Heilige Gees as verklaring vir die gebrek aan resultate op die prediking nie. Maar daarmee stap ons oor die sigbare heen, terwyl ons verantwoordelikheid juis op die gebied van die sigbare lê en nie op die gebied van die onsigbare en verborgene nie.

Dit is vir ons in ons situasie as verkondigers van die Woord 'n heilige plig om te vra of die swakhede wat ons prediking aankleef, nie eerder toegeskryf moet word aan ons eie tekortkominge en aan ons onwil om hierdie taak met die voile inset van ons kragte en in die laaste verantwoordelikheid voor God so goed as moontlik te verrig nie. Sowel die predikant as die gemeente sal die hand in eie boesem moet steek en die skuld vir die ontoereikendheid van die prediking eerder by onsself moet soek, as in die verborge dinge wat nie ons terrein is nie. Ons kan God gerus vertrou om Sy beloftes waar te maak en sy genade oorvloedig te bewys. Ons kant van die saak is egter dat ons gehoorsaam moet wees om te doen wat van ons verwag word as verkondigers van die Woord van God.

## Prediking as uitleg van die Skrif

Wat 'n mens ook al verder oor die prediking kan en moet sê, die heel eerste en allervernaamste wat daaroor gesê moet word, is dat dit uitleg van die Heilige Skrif is.

Die prediking geskied met die pretensie dat dit die verkondiging van Gods Woord is. Daaraan ontleen dit sy gesag en daarop baseer dit sy aanspraak om aangehoor en gelowig aanvaar te word. Die gemeente het werklik nie behoefte aan die woorde of gedagtes van 'n mens nie. Daarvan kan hulle elders genoeg hoor en ontvang hulle in ons tyd selfs meer as wat hulle kan dra. Wanneer hulle Sondag na die erediens kom, kom hulle om te hoor wat die Gees aan die gemeente wil sê. Dit is werklik sonde, nie net teen God wie se Woord op die spel is nie, maar ook teen die gemeente wie se heil op die spel is, as hulle in die kerk getrakteer moet word op die opinies en gedagtes van 'n mens wat in laaste instansie geen gesag het nie en ook nie daarop aanspraak kan maak om sonder teenspraak aanvaar te word nie.

Die vraag of ons in die prediking werklik met die Woord van God te make het, word beslis in die lig van die vraag na die verhouding tussen die prediking en die Heilige Skrif. Slegs vir sover die prediking deur die Skrifwoord beheers word en as die noodsaaklike uitleg van die Skrifwoord in die situasie van die gemeente verstaan kan word, het dit reg om daarop aanspraak te maak dat dit 'n gesagvolle bediening van die Woord van God is.

Waar sou ons immers die Woord van God anders vandaan moet haal, as uit die Heilige Skrif? Ons het die Woord van God nêrens anders as in die Heilige Skrif nie. Die Bybel wat voor ons op die studeertafel en die kansel lê, is die Woord van God wat Hy in die geskiedenis tot die mense gespreek het. Dit lê daar as 'n stuk histories-geworde verkondiging waardeur God Homself in die lang verlede aan sy volk bekend gestel het. Juis omdat dit die Woord van God is, is dit egter as histories-geworde boek allermins "iets van die verlede" wat vir ons nog net historiese betekenis sou hê. Inteendeel: in die omgang van die kerk met die Bybel blyk dit deur die eeue heen totaal anders as alle ander boeke te wees.

Die Bybel blyk in elke eeu en in elke situasie aktueel te wees. Dit bevat 'n innerlike dinamiek wat die eeue oorspan. Dit kom op ons af met die Woord van God wat lewend en kragtig en skerper as enige twee-snydende swaard is (Hebr. 4:12). Dit spreek die mens onthullend aan in die diepste van sy eksistensie. Dit is ons altyd vóór en dit bly altyd nuut.

'n Mens kan nie uitgelees en uitgeluister raak as jy werklik in erns met die Bybel omgaan nie. Die Bybel is nie 'n boek met 'n versameling van waarhede wat 'n mens kan leer ken, sodat jy daarna nie meer nodig het om telkens weer na die Bybel terug te gaan nie. 'n Mens kan nooit eens en vir altyd wéét wat in die Bybel staan, sodat dit later vervelend sou wees om nog weer herhaaldelik in die Bybel te lees nie. Die Bybel bly altyd vars en aktueel, boeiend en verrassend.

Die geheim daarvan is die Heilige Gees. Omdat die Heilige Gees nie net eenmaal in die verlede die Bybel geïnspireer het, toe die verskillende skrywers hulle boeke geskryf het nie, maar Homself blywend met hierdie boek vereenselwig het, bly die Bybel in sy gang deur die geskiedenis 'n dinamiese Woord wat telkens nuut tot ons spreek en nuut gehoor moet word. Calvyn het al gesê dat ons in die Skrif te make het met die Persoon van die sprekende God (Dei

loquentis Persona). In en deur die Heilige Gees spreek God self tot ons. Daarom bly die Skrif altyd nuut. Die Gees gebruik die Bybel as 'n middel waardeur Hy voortdurend lewend tot ons spreek. Binne die werkingsveld van die Heilige Gees blyk die Woord van God soos dit in ander tye en op ander plekke deur die loop van die geskiedenis van Gods omgang met die mense verkondig is, ook vandag nog Gods lewende, aktuele Woord aan ons te wees.

Daarom kan die prediking ook alleen betekenisvol, aktueel en boeiend wees, as dit 'n naspreke is van die spreke van God in Sy i Woord. Dit is moontlik dat baie van ons klagtes oor die gebrek aan belangstelling in die prediking teruggevoer moet word na die feit dat dit nie altyd die Woord van God is wat in ons prediking gehoor word nie. Dit is alleen die Woord van God self wat mense kan boei, elke Sondag weer en selfs tweemaal op dieselfde Sondag. Die woorde en gedagtes van 'n mens kan dit nie doen nie. Dit kan vir ons hoogs interessant wees om 'n tyd lank na die gedagtes van 'n mens te luister, maar na verloop van tyd raak ons tog uitgeluister na hom. Dan begin sy manier van praat en dink ons verveel. As hy niks meer het as sy eie gedagtes om aan te bied nie, is dit begryplik dat die kerkbesoek sal afneem en mense na verskonings sal soek om weg te bly. As die predikant net met sy eie gedagtes op die preekstoel moet kom, is hy onderworpe aan die lot van alle voordragkunstenaars: hy moet altyd met iets nuuts na vore kom, of hy verveel sy "gehoor".

Dit is slegs wanneer die predikant kan verdwyn agter sy boodskap en wanneer daardie boodskap die innerlike gesag van die Woord van God dra, dat ons kan verwag dat die prediking mense sal bly boei en hulle met verwagting sal laat opgaan na die erediens. Dit kan egter net die geval wees as die prediking opkom uit die Skrif en van die begin tot die einde gedra word deur die Skrifwoord self. Slegs wanneer die predikant self in die Skrif die Woord van God gehoor het, is hy in staat om voor die gemeente op te tree met die sekerheid dat hy nie sy eie woord verkondig nie, maar die Woord van die lewende God.

Die feit dat dit gebeur dat hy die Woord van God in die Skrif mag hoor, is van begin tot einde 'n daad van Gods genade. Dit spreek nie vanself dat 'n mens wat met die Bybel omgaan, daardeur aangespreek sal word nie. Die predikant moet voortdurend daarom bid dat dit met hom mag gebeur dat sy oë geopen mag word om te sien en te verstaan wat die bedoeling van die Gees is. Hy mag dit natuurlik met die grootste vertroue doen. Van die Woord van God geld dit nog meer as van alle ander dinge, dat wie soek, sal vind en dat vir wie klop, oopgemaak sal word (Luk. 11:9). Dit bly egter 'n saak van genade waarom ons alleen kan bid. Die Heilige Gees moet dit aan ons gee. Hy is die geheim van die Skrif en Hy verheerlik Christus deur ons Christus in die Skrif te laat ontmoet.

Wanneer ons soveel klem daarop lê dat die Heilige Gees die geheim van die Skrif is en dat dit 'n saak van genade is om die Skrif reg te verstaan, mag daaruit nie afgelei word dat daar geen verantwoordelikheid in verband met die verstaan van die Skrif op ons sou rus nie. 'n Biddende en gelowige omgang met die Skrif beteken nie dat ons passief teenoor die Skrif moet staan of dat ons aktiwiteit om self die woorde van die skrif te verstaan en reg te interpreteer, uitgeskakel word of onnodig sou wees nie.

Dit is noodsaaklik om in te sien dat ons die werk van die Heilige Gees nie spiritualisties moet opneem as iets wat die menslike aktiwiteit ophef nie. Wie dit só verstaan, maak van die Heilige

Gees 'n konkurrent van die mens en meen dat die Heilige Gees nie ook kan werk waar die mens werk nie. Dan word nie meer verstaan dat dit juis kenmerkend van die werk van die Heilige Gees is, dat dit die werksaamheid van die mens opneem en inskakel nie. Vir die omgang met die Heilige Skrif sou dit daarop neerkom dat die mens so min as moontlik self moet doen om die boodskap van die Skrif te probeer verstaan, ten einde aan die Gees soveel ruimte as moontlik te bied om aan ons die sin van die Skrif duidelik te maak. Hierdie voorstelling van sake is egter pertinent onbybels en moet noodwendig tot absurditeite voer.

Wie konsekwent só sou dink, sou immers die spreke van die Skrif tot iets onberekenbaars maak, tot iets wat van tyd tot tyd in 'n soort mistieke geestesvervoering ons deel word, sonder enige direkte verband met ons ondersoek van die Bybel en ons menslike pogings om langs die gewone weg van die menslike verstaan van die woord tot helderheid oor die bedoeling van die Skrif te geraak. Daar kom dan 'n sekere afstand tussen die geskrewe woorde van die Bybel wat ondersoek kan word en bedoel is om verstaan te word volgens die gewone reëls vir die verstaan van taal, én die spreke van die Gees wat buite dié ondersoek om, en miskien selfs in teenstelling daartoe, op die mens afkom. Waar so gedink word, word die geskrewe woord in sy letterlikheid in 'n groot mate irrelevant. Die verband tussen die geskrewe woord en die spreke van die Gees word in elk geval ondeursigtig. Dit kan of daartoe lei dat die Bybel as 'n groot goddelike orakelboek vereer word, 6f dat dit tot 'n dooie letter gedegradeer word. In die eerste geval word dan met die Bybel omgegaan asof dit 'n bron is waaruit 'n mens allerlei ongedagte boodskappe kan ontvang wat geen direkte verband het met die letterlike betekenis van die Skrifwoorde nie, terwyl daar in die tweede geval uitgegaan word van die opvatting dat die Bybelwoord eers deur 'n spesiale aksie van die Heilige Gees lewendig gemaak moet word en selfs deur allerlei spesiale openbaringe in die hart van die mens aangevul moet word. In albei gevalle word die verband tussen die Heilige Gees en die Bybel spiritualisties misverstaan en word die spreke van die Heilige Gees deur die Skrif tot iets irrasioneels wat in geen vasstelbare verband staan tot die letterlike woorde van die Skrif of ons verantwoordelikheid om dié woorde langs die weg van ondersoek in hulle juiste sin te verstaan nie.

Hierdie soort opvatting kan nie sterk genoeg afgewys word nie. Die verligting van ons oë deur die Heilige Gees in die omgang met die Skrif beteken nie dat ons weggevoer word van die konkrete en letterlike woorde van die Skrif nie. Dit beteken ook nie dat ons menslike inspanning om die woorde van die Skrif in hulle klaarblyklike betekenis te probeer verstaan, uitgeskakel of opgehef word nie. Dit beteken inteendeel juis dat ons inspanning en soeke geseën word met 'n korrekte insig in wat die bedoeling van die Skrif is. Dit is wat ons nodig het en dit is vir ons genoeg. Ons hoef nie te wag op iets anders of iets hoërs as wat in die Bybel gebied word nie.

Dit is wesenlik vir ons verstaan van die Skrif dat ons daarvan moet uitgaan dat hierdie woorde wat op die bladsye van die Bybel staan, die Woord van God is wat Hy in die geskiedenis gespreek het. Wie hierdie woorde verstaan in hulle ware sin en betekenis soos hulle hulself aan die leser bied, het die Woord van God gehoor. Die aktiwiteit van die Heilige Gees in verband met die Skrif is nie daarop bereken om 'n afstand te skep tussen die Bybel as boek en die Woord van God nie, maar om die Bybel as die Woord van God te laat ken, juis soos dit daar voor ons lê. Dit is dus ook nie korrek om te sê dat die Heilige Gees die Bybel van tyd tot tyd

Gods Woord maak nie. Só is dit wel in die kringe van die dialektiese teologie in 'n reaksionêre oomblik gestel. Dit is egter verkeerd, omdat dit nie genoeg erns daarmee maak dat God sy spreke tot ons werklik in die geskiedenis laat ingaan het en dit aan ons in hierdie histories-geworde gedaante in die hand gelê het nie.

Die aktiwiteit van die Heilige Gees in verband met die Skrif bestaan daarin, dat Hy ons oë en harte verlig, sodat ons in ons omgang met die Skrif gelowig kan verstaan presies wat daar geskrywe staan (Luk. 24:25-26). Ons het die Heilige Gees daarby nodig, omdat ons nie uit onsself kan glo nie en daarom ook nie uit onsself in staat is om die Skrif in sy voile betekenis te begryp nie. Die Heilige Skrif is naamlik in sy voile sin alleen verstaanbaar vir die geloof. Dit het niks daarmee te make dat die woorde van die Heilige Skrif iets anders sou beteken as wat hulle klaarblyklike betekenis is nie, maar dit het daarmee te make dat 'n mens die klaarblyklike betekenis van die woorde van die Skrif alleen kan plaas en verstaan as jy in die regte verhouding tot die Spreker van daardie woorde staan. Eers as die Woord in ons harte met die geloof verenig word, kan dit ons werklik baat (Hebr. 4:2). Dan eers weet die leser immers: *tua res agitur* (dit gaan om jou saak). Dan eers word die diepte van ons eksistensie vir onsself deur daardie woorde blootgelê (Hebr. 4:12— 13). Dan eers verstaan ons: dit het ook *vir my* geskied. Dan eers hoor ons in daardie woorde onsself aanspreek oor wat die wil van God vir ons lewe is.

'n Biddende en gelowige omgang met die Skrif beteken dus nie dat ons verantwoordelikheid om self naarstiglik die Skrif te bestudeer, uitgeskakel word nie. Ons moet soek en klop met alle erns en eerlikheid. Ons mag nie maar wag dat 'n wonder gebeur, deurdat sonder enige inspanning van ons kant af, 'n boodskap vir onsself en die gemeente op ons val nie. Dit is ons plig om met die inspanning van al ons intellektuele en ander geestelike vermoëns met die Skrifwoord in sy letterlikheid om te gaan en daarby gebruik te maak van al die hulpmiddels wat die teologiese wetenskap in dié verband aan ons kan bied. Ons moet teen elke prys probeer om te verstaan wat die Gees in 'n bepaalde gedeelte, en daarby juis in die letterlike woorde wat daar staan, aan die gemeente wil sê. Die Gees wil nie en sal nie iets anders aan die gemeente sê as wat daar geskrywe staan nie. Daarop is ons aangewese en daarmee moet ons in die grootste erns

Wanneer ons die prediking verstaan as bediening van die Woord van God aan die gemeente, en wanneer ons bely dat die Heilige Skrif die Woord van God is, dan is dit duidelik dat ons alleen dáár van werklike prediking kan praat, waar die woorde van die Skrif, die Skrifteks as sodanig, in die prediking uitgelê word, 'n Diepe eerbied vir die Skrif behoort elke prediker te vervul. Dit moet sy diepste begeerte wees om die Skrifwoord self te verkondig. Nie enige toespraak in die midde van die gemeente verdien die naam van prediking nie. Selfs nie eers 'n toespraak tydens die erediens waarby daar aangesluit word by een of ander woord uit "n gelese Skrifgedeelte nie. Bediening van die Woord van God vind alleen plaas wanneer die Skrifte ontsluit word en die gesagvolle Woord van God self in sy voile betekenis vir die lewe van die gemeente verkondig word. Met niks minder as dit mag ons tevrede wees nie.

Om dit te kan doen, moet die predikant groot erns maak met sy Skrifstudie. In die lig van wat ons tot nou toe gesê het, sal dit duidelik wees dat ons daarby nie bedoel dat hy maar net vir die opbou van sy eie geestelike lewe op 'n stigtelike wyse in sy stiltetyd veel met die Bybel

moet omgaan nie. Dit spreek vanself dat hy dit óók moet doen. Hy mag egter nie daarmee volstaan nie. Hy mag nie versuim om deur middel van wetenskaplike studie sy begrip van die boodskap van die Bybel te verdiep nie.

Daar is baie predikante wat probeer om hulle taak as predikers te verrig sonder 'n voortgaande wetenskaplike bestudering van die Bybel. Hulle stel hulleself te gou tevrede met die lees van allerlei populêre geskrifte of selfs met die lees van stigtelike lektuur soos dagstukkies waarin 'n paar meditatiewe gedagtes oor 'n tekswoord uitgespreek word. Daaruit put hulle inspirasie vir hulle prediking. Dikwels doen hulle geen moeite meer om op enige wyse 'n indringende studie van afsonderlike Bybelboeke te maak, of selfs om die tekste wat hulle vir die Sondagse prediking gekies het, aan die hand van wetenskaplike kommentare te ontleed nie. Dit is geen wonder as hulle prediking oppervlakkig en niksseggend word nie.

Die predikant het 'n verantwoordelikheid voor God en teenoor sy gemeente om as *teoloog* met die Bybel besig te wees. Daarvoor is hy opgelei. Dit is die pretensie waarmee hy sy amp aanvaar het. As hy dit verwaarloos, is hy nie werd om die naam van 'n evangeliedienaar te dra nie. Hy word dan immers onbekwaam om sy vernaamste taak in die gemeente te verrig, naamlik om die Skrif self tot die gemeente te laat spreek. Hy mag baie ander dinge in die gemeente doen om te kompenseer vir hierdie leemte in sy bediening, maar die skade wat hy daarmee die gemeente aandoen, is ten diepste onherstelbaar.

Die teologiese opleiding van die predikant is nie 'n onnodige luukse nie. Die kerk het deur harde ondervinding geleer dat dit noodsaaklik is om sy predikante deeglik onderleg te laat wees in die teologie. Die hele teologie as wetenskap sentreer rondom die één doel, naamlik om die Bybel te leer lees en verstaan. Baie van die klagtes teen die prediking hang saam met die traagheid van predikante om hulle prediking te laat opkom uit die breë bedding van 'n werklik teologiese omgang met die Skrif. Dit is ook jammer dat so baie predikante wat wel studeer, dit doen met die oog op die verkryging van 'n graad. Daardeur gaan hulle teologiese studie dikwels grotendeels aan die preekwerk verby, sonder om dit daadwerklik te verryk.

'n Predikant behoort sy hele lewe lank 'n student in die teologie te bly, maar dan in die breedste moontlike sin, sodat dit sy prediking tot voordeel kan strek. Die gemeente sal dit merk. Christus het gesê dat elke Skrifgeleerde wat 'n leerling in die koninkryk van die hemele geword het, soos 'n huisheer is wat uit sy skat ou en nuwe dinge te voorskyn bring (Matt. 13:52). Die gemeente het reg om te verwag dat die predikant so 'n leerling in die koninkryk moet wees. Hy kan dit egter alleen wees, as hy nie oppervlakkig met die Skrif omgaan nie, maar daarin bly grawe en kennis neem van die worsteling met die Skrif wat deur die eeue in die kerk plaasgevind het.

Prakties beteken dit dat 'n predikant nooit oor 'n Skrifgedeelte mag preek, as hy nie eers deeglik eksegese daarvan gedoen het nie. Hy is deur sy teologiese opleiding in staat om alle moontlike wetenskaplike middele te gebruik om hom op hoogte van sake te bring oor die betekenis van die teks waaroor hy wil preek. Deur sy kennis van die grondtale waarin die Bybel geskrywe is, is hy in staat om van die beste kommentare gebruik te maak. Daar is geen enkele verskoning vir hom as hy onkundig is oor die juiste wyse waarop sy teks verklaar behoort te word nie. Hy behoort genoeg te weet van die reëls van die uitlegkunde om te kan onderskei

tussen die verskillende literatuursoorte wat in die Bybel voorkom en die wyse waarop hulle geïnterpreteer moet word. In elk geval moet hy daarvoor sorg dra dat hy aan al die vereistes van 'n deeglike grammaties-historiese eksegese voldoen.

Dit is op hierdie punt waar die predikant se belydenis van die gesag van die Heilige Skrif duidelik moet word. Dit is nie genoeg om formeel die absolute gesag en onfeilbaarheid van die Bybel te bely nie. Dit is moontlik dat 'n mens ondanks 'n dergelike formele belydenis tog met die Skrif kan omgaan op 'n wyse wat in werklikheid nie van veel respek vir die Bybel getuig nie. Die erkenning van die gesag van die Skrif is 'n praktiese saak en moet uitkom in die manier waarop die predikant in sy prediking die Skrifwoord eer deur dit akkuraat en saaklik-korrek uit te lê. Dit getuig nie van veel ontsag vir die Skrif as 'n predikant nie die moeite wil doen om sy teks wetenskaplik te eksegetiseer voordat hy daaroor preek nie. Dit is waar dat wetenskaplike eksegese nog nie dieselfde is as verkondiging nie. Geen predikant sal met wetenskaplike eksegese van 'n teks kan volstaan nie. Dit is egter die onmisbare basis van sy verkondiging en wie dit verwaarloos, maak nie genoeg erns met die Skrif nie.

Van egte Skrifprediking kan daar alleen sprake wees waar die prediking gebaseer is op en voortvloei uit die saaklik-korrekte uitleg van die teks. Daar word nog te veel in ons prediking op die klank af van tekste gebruik gemaak, sonder dat die verband van daardie tekste binne 'n perikoop, binne die boek waarin hulle voorkom, en binne die Skrif as geheel sorgvuldig in berekening gebring word. Dit verdien nie die naam van prediking wanneer 'n teks - en dikwels selfs 'n gedeelte van 'n teks - op die klank af as uitgangspunt geneem word vir 'n aantal stigtelike gedagtes nie. Selfs al is daardie gedagtes in hulleself nie onwaar nie en in die algemeen ook nie onbybels nie, dra hulle tog nie die waarmerk van 'n egte uitleg van die betrokke Skrifwoord nie. Dit is nie duidelik dat hulle noodsaaklik uitgespreek moet word nie. Dit kan nie anders as om die gesag van die prediking en uiteindelik ook die gesag van die Skrif te ondermyn nie.

'n Predikant mag nooit vergeet dat die manier waarop hy in die prediking met die Skrif omgaan, 'n groot invloed op die gemeente se omgang met die Skrif uitoefen nie. As hy homself dit veroorloof om op 'n onsaaklike manier met die Bybel om te gaan, ondermyn hy die gesag van die Skrif in die gemeente. Die indruk word dan immers gewek dat 'n mens met die Skrif só mag omgaan, só sonder die erns van 'n eerlike uitleg van wat daar geskrywe staan. Wanneer die prediking daarenteen aan die gemeente 'n voorbeeld stel van hoe 'n mens saaklik-korrek met die Skrif moet omgaan ten einde dit in sy ware bedoeling uit te lê, word die gemeente opgebou in die kuns om met die Skrif om te gaan en self ook die Skrif op die regte manier te gebruik.

## Prediking as verkondiging

Prediking is uitleg van die Skrif, het ons gesê. Uitleg van die Skrif kan alleen geskied op die basis van 'n saaklik-korrekte, wetenskaplike eksegese. Tog is die prediking méér as net eksegese. Die "uitleg" van die Skrif wat in die prediking geskied, omvat in werklikheid iets meer as eksegese in die wetenskaplike sin van die woord.

In elk geval is prediking nie 'n wetenskaplike lesing oor die eksegese van 'n bepaalde Skrifgedeelte nie. Prediking is die *verkondiging* van die Woord van God aan die gemeente wat hier en nou in die erediens vergader is. Daardie Woord word verkondig as 'n konkrete woord aan hulle in hulle spesifieke situasie. Dit is iets anders as die blote herhaling van die woorde van die Skrif of die korrekte grammaties-historiese eksegese. Dit is ook meer as Bybelstudie waarin gepoog word om op 'n meer populêre wyse die sin van die Skrifteks aan die gemeente duidelik te maak.

Die prediking wil niks minder nie, as om op grond van die Skrifteks en saam met hierdie spesifieke Skrifteks tot 'n vrye, aktuele, profetiese verkondiging van die Woord van God deur hierdie prediker, op hierdie tydstip en aan hierdie gemeente met sy gegewe omstandighede te kom. Die verskil tussen eksegese en prediking is daarin geleë, dat die eksegese bly staan by die vraag: Wat sê die teks? terwyl die prediking deurstoot na die vraag: En wat sê die Woord van God soos ons dit in hierdie teks het, vandag, hier en nou aan hierdie spesifieke vergaderde gemeente? Die prediking kan dus nie sonder eksegese plaasvind nie, maar dit is tog méér as eksegese. Dit bevat 'n dinamiese en profetiese element waarin die eksegese wel 'n beheersende rol moet bly speel, maar wat tog bokant die blote eksegetiese uitleg van die teks uitstyg tot 'n uitleg van die boodskap van die Skrif in die aktuele situasie van die gemeente.

Dit is hierdie eienaardige karakter van die prediking wat sulke hoë eise aan die prediker stel. Die grootste uitdaging wat die prediking aan ons bied, is om daarin op sodanige wyse met die teks om te gaan, dat die eksegese oorloop in en dring tot 'n aktuele en profetiese bediening van die Woord in 'n konkrete situasie. Die geheim van 'n goeie preek is dat eksegese en profetiese verkondiging daarin 'n naatlose eenheid vorm. Waar hierdie eenheid nie aanwesig is nie, val die preek uiteen in twee los elemente wat in die tradisionele definisies van die prediking "uitleg" en "toepassing" genoem word. Dit het 'n hele aantal slegte gevolge wat almal die prediking op een of ander manier nadelig tref. Die soort uitleg van die Skrif wat in die prediking plaasvind, omvat eenvoudig die element van die toepassing. Waar dit nie die geval is nie, bly die eksegese en die vrye verkondiging met mekaar op gespanne voet en dreig die een voortdurend om die ander te verdring.

Daar is predikante wat diep onder die indruk verkeer van die noodsaaklikheid van die eksegese vir die prediking. Hulle sal dan ook nooit op die kansel gaan, sonder dat hulle veel tyd aan die voorbereiding van hulle preek, en veral aan die eksegetiese onderbou daarvan bestee het nie. Tog kan hulle nie daarin slaag om dit werklik tot 'n preek te laat word nie, omdat hulle nie die aktuele sin van hulle teks vir hulle hoorders van vandag op 'n verpligtende manier na vore kan bring nie.

Hulle verskaf dikwels allerlei interessante gegewens van eksegetiese aard. Hulle ontleed die afsonderlike woorde in die teks en deel aan die gemeente wetenswaardighede mee, soos bv.

hoeveel keer 'n betrokke woord in die Bybel voorkom en wat dit in verskillende verbande kan beteken. Hulle kan selfs interessante en verrassende nuwe gesigspunte van eksegetiese aard na vore bring. Wat hulle egter nie kan doen nie, is om die lyn van die eksegese deur te trek en die hoorders voor die onontwykbare betekenis van hierdie Skrifwoord vir hulle lewens te stel. Hulle praat baie *oor* die Skrifwoord, maar hulle verstaan nie die geheim daarvan om binne in die Skrifwoord in te klim en van binne uit, in diepe gemeenskap met die teks self, die woorde van die Skrif uit te lê in die konkrete situasie van die hoorders en so die Skrif self op 'n gesagvolle manier aan die woord te stel nie.

Die gevolg is dat hulle prediking geen eksistensiële erns besit nie. Dit mis presies wat vir die prediking noodsaaklik is, naamlik die element van die profetiese appèl. Dit bly hang in 'n aantal eksegetiese en Bybelkundige waarhede wat die hoorders insiggewend en intellektueel leerryk kan vind, maar dit spreek nie werklik die harte van die gemeentelede aan nie. Dit dring nie tot bekering en verandering nie. Hoe goed die eksegese van sulke predikante ook mag wees, dit is klaarblyklik nog nie goed genoeg nie, omdat dit nie vanself uitmond in 'n praktiese en sprekende "toepassing" nie. Die prediker het dit nie lank genoeg met die teks uitgehou, totdat dit transparant geword het en die gesigte van sy gemeentelede agter die teks sigbaar geword het nie. Hy het by die noodsaaklike voorarbeid vir die prediking bly steek, sonder om tot die prediking self te kom. Sulke predikante kan hoogstens hier en daar rondval om na 'n "toepassing" vir hulle eksegese te soek, maar dit bly altyd gekunsteld, omdat dit nie met 'n dwingende noodsaaklikheid as uitleg van die Skrifteks in die situasie van die gemeente ervaar word nie.

Presies die teenoorgestelde tref ons aan by ander predikante. Hulle is so diep onder die indruk van die karakter van die prediking as 'n aktuele, vrye, profetiese woord aan die adres van die mens van vandag, dat hulle al hulle aandag wy aan die boodskap wat hulle graag aan die gemeente wil oordra. Helaas verwaarloos hulle daarby dikwels die deeglike Skrifstudie en wetenskaplike eksegese. Die gevolg is dat die boodskap wat hulle aan die hoorders wil deurgee, nie deur die Skrifteks ingegee is en daardeur beheers word nie. Dikwels weet hulle al wat hulle aan die gemeente wil sê, nog voordat hulle 'n passende teks het om by aan te sluit.

Nou hoef dit nie noodwendig só te wees, dat wat sulke predikante sê, onbybels hoef te wees nie. Dit is meestal immers waar dat hulle hul boodskap put uit die algemene skat van Christelike oortuigings waarin hulle met die gemeente deel. Daaruit haal hulle bepaalde elemente na vore en pas dit op die gegewe situasie toe. Die swakheid van hierdie soort prediking is egter dat dit geen teksprediking is nie en daarom eintlik ook nie 'n uitleg van die Skrif in die situasie van die gemeente genoem kan word nie. Dit is nie in staat om werklik iets nuuts en verrassends uit die Skrif te haal nie. Dit is nie die Skrif self wat in die prediking spreek nie, maar eerder die Christelike tradisie soos dit sy neerslag in die bewussyn van die prediker gevind het. Daaruit haal die prediker altyd weer 'n toepaslike stukkie na vore en verbind dit aan 'n teks wat vir hom op die klank af na 'n bevestiging van die Christelike tradisie lyk.

Dit is duidelik hoe eng die grense van hierdie soort prediking is. Dit is nie werklik meer oop vir die Skrif nie. Dit is nie werklik meer oop na bo nie. Dit bly maar ronddraai binne die beperkte kring van die prediker se persoonlike "samevatting" van wat die boodskap van die Bybel is. So

'n predikant raak gou uitgepreek. Die gemeente raak ook gou uitgeluister na wat hy te sê het. Ten einde interessant te kan bly, moet predikante wat op hierdie manier preek, allerlei hulpmiddele gebruik, soos byvoorbeeld dat hulle 'n sterk emosionele element in hulle prediking probeer inbou, of dat hulle na allerlei aktuele dinge in die prediking verwys, veral na die jongste koerantberigte en die nuutste gestaltes van die euwels wat ons bedreig. Waarin hulle egter nie kan slaag nie, is om die lewende spreke van die Woord van God aan die gemeente deur te gee.

Die enigste manier waarop die predikant kan ontkom aan die gevaar om óf 'n stuk onverteerde eksegese, of 'n stuk toepassing van die Christelike tradisie op die kansel te bring, is om op sodanige wyse met die Skrif om te gaan, dat die Skrif as die Woord van God self sy prediking ten voile gaan beheers. Wat ons daarmee bedoel, kan nie tot uitdrukking gebring word deur te sê dat die preek moet bestaan uit 'n uitleg plus 'n toepassing nie. Die definisie van die preek as uitleg en toepassing van die Woord van God is wel goed bedoel, maar veronderstel tog 'n statiese opvatting van die Woord van God. Dit werk met die gedagte dat die Woord van God bestaan uit 'n aantal waarhede wat in 'n abstrakte en objektiewe sin vasgestel en geken kan word as algemene waarhede. Die taak van die prediking sou dan wees om daardie waarhede in die betrokke gedeelte waaroor gepreek word, aan te toon en dan oor te gaan tot 'n tweede akte: die toepassing van daardie algemene waarhede op allerlei aspekte van die situasie van die hoorders. Hierdie opvatting is egter veels te intellektualisties. Dit hou nie voldoende rekening met die eie-aard van die Woord van God as 'n lewende Woord wat in die krag van die Heilige Gees altyd nuut tot ons spreek in ons konkrete situasie nie. Daarom kan dit werk met die gedagte dat ons 'n abstrakte Woord van God kan hê wat geken en verstaan kan word sonder dat dit nog enige verband met ons situasie het, sodat die verband tussen Gods Woord en ons situasie nog eers gesoek en in die toepassing van die preek duidelik gemaak moet word.

In werklikheid is die Woord van God egter nooit abstrak nie. Dit kan nooit geïsoleerd van ons situasie werklik gehoor en deur ons verstaan word nie. Dit is na sy aard en wese altyd op ons betrokke en word eers dán werklik deur ons gehoor en geken, as ons dit in die geloof verstaan as 'n Woord wat op ons betrekking het, juis in ons situasie. Daarom kan uitleg en toepassing in die prediking nie uitmekaar gehaal word nie. In die uitleg is die toepassing reeds begrepe en in die toepassing gaan dit om die uitleg van die Woord van God in ons konkrete lewe.

Die prediker moet met die Skrif bly omgaan, totdat wat daar geskrywe staan, deursigtig word in sy betekenis vir hierdie gemeente tot wie die Woord van God moet kom. As hy voor dié tyd ophou om met die Woord te worstel, kan dit gebeur dat hy presies die relevansie van die Woord vir die hoorder van vandag nie raaksien nie. Dan bly hy maklik óf in die eksegese steek, óf hy laat die teks agter en gaan self allerlei woorde tot die gemeente rig wat nie deur die teks gedek en gedra word nie. Egte prediking bestaan daarin dat die *Skrif self* onverkort in die *situasie* uitgelê word.

Indien dit egter waar is, dan is dit duidelik dat kennis van die situasie waarin die Woord van God verkondig moet word, van die begin af 'n wesenlike rol in die totstandkoming van die preek moet speel. Die vraag is egter hoe dit moet gebeur.

Daar is baie predikers wat in hulle prediking eenvoudig*van die situasie uitgaan* en wel op sodanige manier, dat hulle aan die Skrifteks 'n sekondêre plek toeken. Dit gebeur dikwels in geleentheidspreke. Baie predikante gaan by die maak van 'n geleentheidspreek - of dit nou gaan om die prediking by geleentheid van doop of nagmaal of van een of ander kerklike fees - op die verkeerde manier te werk, deurdat hulle in hulle voorbereiding eenvoudig begin by die geleentheid en hulle idee van wat by so 'n geleentheid gesê behoort te word, terwyl hulle eers daarna 'n teks gaan soek wat aan hulle die ruimte sal bied om te sê wat hulle graag wil sê. Die teks kom dan onherroeplik op die tweede plek te staan. Dit speel 'n ondergeskikte rol en vorm in werklikheid net 'n aanhakplek in die Bybel vir die predikant se opvatting van die Christelike waarheid en die betekenis wat dit vir die bepaalde geleentheid kan hê. Dit dien hoogstens om die algemeen-Christelike waarheid wat die predikant wil verkondig, sodanig te profileer, dat dit aan die prediker by dié besondere geleentheid 'n interessante invalshoek bied. In elk geval is dit duidelik dat die teks dan nie meer die prediking beheers nie, maar dat die geleentheidspreek die teks oorheers en dit dwing om by die geleentheid en die situasie aan te pas.

Dit is nie vreemd dat predikers wat op hierdie verkeerde manier te werk gaan, dikwels hulle teks geweld aandoen nie. Die blote feit dat hulle die teks kies nadat hulle al weet wat hulle min of meer wil sê, beteken dat hulle die teks nie kies op grond van 'n indringende kennismaking met wat die teks self wil sê nie, maar dikwels bloot op die klank af, of in elk geval op grond van hulle indruk van wat die teks sou beteken. As hulle deeglike eksegese sou gaan doen, sou hulle miskien uitvind dat hulle oppervlakkige indruk van die betekenis van die teks verkeerd was en dat dié teks glad nie geskik is vir die doel waarvoor hulle dit wil gebruik nie. Ongelukkig laat sommige predikante hulle nie so maklik in die proses van preek-maak hinder deur wat eksegete oor 'n teks sê nie. Hulle gaan eenvoudig op die woordklank af en is dikwels ook nog besonder skerpsinnig in hulle omgang met die teks, sodat hulle daarin op een of ander manier net presies dié dinge ontdek wat hulle nodig het om die indruk te kan wek dat hulle werklik oor daardie teks preek, terwyl dit tog hoegenaamd nie die geval is nie.

Dit is miskien juis die vindingrykheid van predikante om 'n teks op die klank af en met allerlei allegoriserende omduidings te kan aanwend as 'n "treffende" aanhakplek vir hulle gedagtes oor wat by 'n bepaalde geleentheid gesê moet word, wat die meeste in hierdie soort omgang met die Skrif irriteer en die sterkste bewys lewer van 'n totale gebrek aan respek vir die Skrifwoord in sy letterlikheid. Die ergste is dat hulle dit self nie merk nie, ja dat hulle vreemd sal opkyk as 'n mens hulle daarvan sou beskuldig dat hulle 'n gebrek aan eerbied vir die Skrif openbaar en dit nie net in hulle geleentheidspreke nie, maar feitlik van Sondag tot Sondag misbruik. Hulle sal ongetwyfeld daarop wys dat hulle hulle gedagtegang tog direk aan die Skrifwoord verbind. Hulle sal miskien ook nie eers kan verstaan dat 'n mens kan sê dat hulle die dinge wat hulle aangaande die teks sê, nie uit die teks uit-lees nie, maar in werklikheid vanuit hulle eie gedagtegang in die teks in-dra nie. Vir hulle eie besef vind hulle werklik die dinge wat hulle sê, in die teks. Omdat hulle onkrities teenoor hulle eie omgang met die Bybel staan, merk hulle nie hoe hulle hantering van die teks van voor tot agter bepaal word deur hulle voorafgaande ontleding van die situasie waarin hulle wil preek en van wat hulle by voorbaat as 'n paslike boodskap vir daardie situasie beskou nie. Dit kan dus selfs voorkom dat hulle nog dink dat hulle eksegeties met die teks omgegaan het ook. In elk geval slaag hulle

daarin om 'n byna naatlose eenheid te laat ontstaan tussen hulle ontleding van die situasie waarin hulle wil preek én die gedagtes wat volgens hulle "eksegese" in die teks opgesluit lê. Daarom kan hulle hartlik instem met elkeen wat sê dat ons prediking Skrifgetrou en eksegeties-korrek moet wees, sonder om in die minste skuldig te voel oor hulle eie hantering van die Skrif in die prediking.

Miskien is dit goed om in hierdie stadium tog 'n voorbeeld te gee van wat ons bedoel. By 'n bepaalde geleentheid wou 'n predikant oor die diens van barmhartigheid preek. Hy kies as Skrifgedeelte die perikoop Hand. 9:1-19, die bekende bekeringsgeskiedenis van die apostel Paulus. As teks neem hy vs. 17: "Saul, broeder, die Here het my gestuur." Die preek het drie punte. Die eerste beklemtoon dat Paulus onder haglike omstandighede daar in Damaskus gesit het, lam geslaan en blind ten gevolge van die gebeurtenis op die pad. Die tweede onderstreep die feit dat Ananias deur God geroep word om na Paulus te gaan in sy blindheid en nood, om langs hom te gaan sit en aan hom te sê: Saul, broeder, die Here het my na jou gestuur. Die derde punt vestig die aandag op die groot verskil wat die besoek van Ananias aan Paulus gemaak het.

Wanneer 'n mens na die inhoud van hierdie drie punte kyk, sal jy moet erken dat hulle inderdaad aan die teks ontleen is. Alles wat gesê word, staan werklik in die betrokke gedeelte. Die predikant wat hierdie preek gelewer het, sal dus nie kan verstaan hoe 'n mens kan sê dat hy geen respek vir die Skrif openbaar nie. En tog is dit waar, want hy wend die Skrif aan vir iets wat die Skrif nie bedoel om op hierdie plek te sê nie en buig in dié proses die woorde van die Skrif om ten einde te pas by 'n vooraf-opgesette doel, naamlik om die gemeente aan te spoor tot verlening van die diens van barmhartigheid. Dit is hierdie doel, hierdie situasie waarin 'n bepaalde oogmerk bereik moet word, wat hom daartoe bring om van die groot moment van God se ontmoeting met Paulus 'n soort ongeluk of ongeval te maak wat "die mens op sy lewensweg tref". Reeds vanaf die eerste punt is dit dus duidelik dat alles op 'n ander spoor gelei word as wat die bedoeling van die historiese Skrifwoord is. Die rede daarvoor is dat die gemeente opgewek moet word tot barmhartigheid met die arme medemens wat getref is deur een of ander ramp of nood, wat in ellende êrens in die duisternis in 'n Damaskus-kamertjie in die groot stad sit en geen uitsig meer in die lewe het nie. Van hier uit word alles verder in die perikoop skeefgetrek, want die besoek van Ananias word gelykgeskakel met ons besoeke aan die armes en ellendiges, waarby ons langs hulle in hulle nood moet gaan sit en aan hulle moet sê: "Ou Piet, ou Jan, die Here het my na jou gestuur." Dit is duidelik hoe die preek dan ook kan afsluit deur te wys op die heerlike resultaat van sulke barmhartigheids-besoeke. Mense ontvang 'n nuwe lewensvisie. Die skille val van hulle oë af. Hulle staan weer op en word bruikbare diensknegte van die Here.

Hierdie soort voorbeelde kan maklik vermenigvuldig word. Daar is predikante wat blykbaar net nie anders kan preek as op hierdie wyse nie. Elke preek is vir hulle 'n "geleentheidspreek" waarby die situasie die tekskeuse bepaal en dan ook nog dikwels die effek het dat dit die teks van sy ware inhoud beroof ten einde dit te kan laat inpas in die boodskap waarvoor dit gebruik moet word. Dit is veral uiters interessant om 'n studie te maak van die manier waarop daar gepreek word by die jaarlikse viering van Geloftefees. Daar kan dit dikwels nog duideliker as by ander geleenthede aan die lig kom hoe maklik die situasie waarin gepreek word, oor die

Skrif gaan heers. Dit kan selfs voorkom dat die prediker vanuit sy ontleding van die huidige situasie van die Afrikanervolk en die boodskap wat hy onder dié omstandighede aan die volk wil bring, 'n bepaalde rekonstruksie maak van die situasie van die Voortrekkers by Bloedrivier, terwyl hy dan hierdie dubbele situasie-tekening hanteer vir die duiding van 'n bepaalde historiese situasie in die geskiedenis van Israel. Hierdie verskynsel is egter nie beperk tot geleenthede soos Geloftefees nie. As 'n mens se oë eers daarvoor geopen is, merk jy dit oral op, selfs in gepubliseerde preke en dagstukkies wat oënskynlik nie 'n bepaalde konkrete situasie op die oog het nie. Die situasie wat die prediker in sulke gevalle voor oë het, is die situasie van geestelike verlorenheid, moedeloosheid, eensaamheid of ander algemeen-voorkomende omstandighede. Daarvoor wil hy 'n boodskap bring, en met die oog op daardie boodskap gaan hy dan dikwels sy teks ombuig en geweld aandoen.

Oral waar hierdie toestand intree, word die prediking van sy werklike krag beroof, omdat die teks nie meer in sy verrassende en bevrydende betekenis ons menslike situasie kan deurlig nie, maar op een of ander manier onder die maatemmer van die prediker se ontleding van die preek-situasie verberg word, 'n Kerk wat op hierdie soort prediking gevoed word, sal noodwendig aan geestelike bloedarmoede ly. Die Bybel bly op hierdie wyse, ondanks veelvuldige gebruik, in 'n groot mate 'n geslote boek in die kerk. Daar word wel baie gepreek, maar die Woord word selde daarby verkondig. Die Bybelteks word baie bygehaal, maar nooit toegelaat om homself behoorlik uit te spreek nie. Dit is 'n ontsettende toestand.

Dit is nie verkeerd dat die situasie waarin gepreek word, van die begin af in die brandpunt van die bewussyn van die prediker aanwesig sal wees en dus ook 'n rol by die totstandkoming van die preek sal speel nie. Op grond van wat ons tevore gesê het, is dit selfs duidelik dat dit so móét wees. Dit is ook nie verkeerd of te vermy dat die geleentheid waarby gepreek moet word, 'n invloed op die tekskeuse sal uitoefen nie. Wie dit wil uitsluit, misken die manier waarop die Skrif juis in die praktyk van ons lewe 'n relevante boodskap het. Die sáák waarom dit egter gaan, is dat die verband tussen teks en situasie onder geen omstandigheid mag beteken dat daar aan die boodskap van die teks en sy klaarblyklike bedoeling onreg geskied nie. Prediking is uitleg, is verkondiging, van die *Skrif.* Die teks moet sy primêre plek in die prediking behou. Die situasie (of die prediker se duiding van die situasie) mag nie in die prediking primêr word en daarop uitloop dat die teks verwring word om by die situasie aan te pas nie. Die bedoeling van die prediking is immers dat die Skrifteks onverkort in die situasie ter sprake moet kom en die situasie op 'n bevrydende manier moet deurlig. Dit kan nie gebeur as die situasie oor die teks gaan heers en dit ombuig tot iets wat dit nie bedoel was om te sê nie.

Slegs wanneer die teks in sy historiese bedoeling en op grond van sy oorspronklike en inherente verkondigingsinhoud aan die orde gestel word en dit dan blyk hoe daardie verkondigingsinhoud van die teks die huidige situasie ráák en verhelder, is die verkondiging geloofwaardig en betekenisvol. Ons mag met niks minder as dit tevrede wees nie.

Dit kan alleen gebeur as die predikant op sodanige intensiewe manier met die Skrif omgaan, dat die verband tussen die Skrifwoord en die situasie waarin gepreek word, *van die kant van die teks af* ontdek en sigbaar gemaak word. Elke ander manier om die verband tussen die teks en die situasie tot stand te probeer bring, bly oppervlakkig. Dit is altyd die geval as daar bloot

op die woordklank van die teks afgegaan word om 'n Bybelwoord te vind vir 'n bepaalde gedagte wat ons wil uitspreek. Dit is ook altyd die geval as die teks wat gebruik word, eksegeties nie kan inpas by wat die predikant in sy preek daarvan maak nie.

Die regte verband tussen teks en situasie kan alleen tot stand kom, as die prediker kan ontdek dat die Woord van die Skrif op ons situasie aangelê is. Daar is in die Skrifteks self 'n beweging tot verkondiging, omdat dit 'n stuk verkondiging in 'n vroeëre menslike situasie is. Die verkondiging met daardie teks is moontlik, omdat die boodskap wat destyds aan die eerste lesers gerig is, die Woord van God is wat vandag ook aan ons gerig word. Die toepassing daarvan in ons situasie is moontlik, omdat die menslike situasie waarin dit destyds verkondig en toegepas is, ondanks alle verskille met ons eie situasie, grondliggend verwant is aan elke ander menslike situasie - dus óók aan ons eie. Die sáák waarom dit in die teks gaan, raak ons ook, netsoos vir die eerste lesers. Die taak van die prediking is om duidelik te maak *hoe* dit ons raak in ons eie situasie.

Om dit te kan doen, moet die prediker deur deeglike eksegese vasstel wat die boodskap van die teks en die "skopus" daarvan is. Soos die Skrif as geheel 'n skopus of doel het, so het elke afsonderlike Bybelboek en elke perikoop en teks op hulle beurt 'n eie skopus wat ingekapsel is in die skopus van die Skrif as geheel en daarmee in verband staan. Eers as die prediker vasgestel het wát 'n teks presies sê en wáárom hy dit in dié situasie sê, is hy in staat om op die regte manier oor daardie teks te preek en dit in die huidige situasie oor te bring. *Geen preek mag ooit teen die skopus van die teks ingaan nie,* want dan word óók die boodskap van die teks misverstaan en word die teks letterlik "van die verkeerde kant af opgevryf".

Dit beteken dat nie by enige geleentheid oor enige teks gepreek kan word nie. Elke teks is oop vir verkondiging in 'n groot verskeidenheid van situasies, maar dit kan alleen situasies wees waarin die beweging van die teks meegemaak kan word, d.w.s. situasies waarin die boodskap van die teks oorgebring kan word sonder om die skopus van die teks te ignoreer. Om terug te kom op die voorbeeld van die preek oor Hand. 9 wat ons hierbo genoem het: dit is volkome in stryd met die skopus van Hand. 9 om dit as 'n preek oor die diens van barmhartigheid te gebruik. Daarom word ook aan die eintlike boodskap van Hand. 9 verbygegaan as dit vir 'n dergelike preek as teks geneem word, 'n Mens kan uit Hand. 9 'n groot verskeidenheid van konkrete preke maak wat almal direk in die situasie van die gemeente van vandag sal inspreek, maar die één voorwaarde daarvoor is dat jy nie die blikrigting van hierdie gedeelte self mag frustreer nie.

Wanneer daar aan die blikrigting en die skopus van 'n teks reg geskied, kan daardie teks gebruik word vir 'n geleentheidspreek wat op die oog af met iets totaal anders te make het as die situasie wat in die teks veronderstel word. Dit kan gebeur, omdat dit nie die woordklank is wat die verband tussen 'n teks en 'n bepaalde geleentheid lê nie, maar die boodskap en die skopus van die teks. Die prediker hoef dus ook nie te soek na ooreenkomstige situasies in die teks en die hede as die brug waaroor die boodskap van die historiese teks na die hele oorgebring moet word nie. Wanneer hy die boodskap en die skopus van sy teks reg verstaan, is hy in staat om in 'n totaal ander situasie as wat in die teks voorsien word, die waarheid van die teks uit te spel.

Die prediker wat voortdurend met die Skrif omgaan en terselfdertyd die nodige sensitiwiteit het vir die situasie waarin hy moet preek, sal vind dat "die Woord van die Here tot hom kom" by elke situasie waarin hy moet preek. Dit maak nie soveel verskil of hy tydens die lees van die Bybel meteens die relevansie van 'n teks vir 'n bepaalde situasie sien deurstraal, én of hy te midde van sy pastorale werk en in die oordenking van die situasie waarin hy moet preek, aan 'n bepaalde Skrifwoord herinner word wat die situasie tot op sy kern blootlê nie. Eintlik gaan dit in die prediking om 'n voortdurende heen-en-weer-beweging tussen die Skrif en die situasie. Die beslissende saak waarom dit in hierdie beweging gaan, is of die Skrif daarin die beheersende posisie behou. Slegs as dit die geval is, sal die prediker die situasie kan deurlig van die kant van die teks af, en nie die teks skeeftrek om aan te pas by wat hy graag in die situasie wil sê nie.

## Prediking as vertolking

Prediking is uitleg van die Skrif in die aktuele situasie van die gemeente en daarom 'n profetiese verkondiging van wat die Woord van God vandag aan hierdie spesifieke gemeente is. Daarvoor kom die gemeente na die kerk. Dit is wat hulle wil hoor en moet hoor.

Die vraag waarvoor ons nou gestel is, is hoe die prediker moet bepaal wat die betekenis van die Skrifteks vir die gemeente van vandag in sy konkrete situasie is. Ons het reeds gesê dat die prediker met die teks moet bly omgaan, totdat dit vir hom duidelik word wat die betekenis van die teks vir die mens van vandag is. Die vraag is nou egter hoe hy daarmee moet omgaan om dit te kan ontdek.

Dit gaan hier dus om die vraag na die *vertolking* van die Skrifboodskap vir die mens van die hede. In alle Skrifprediking het ons te make met 'n vertolkingsaktiwiteit. As die prediker sy eie gedagtes sou verkondig of allerlei interessante informasie aan die gemeente sou deurgee, sou daar nie van vertolking sprake wees nie. Juis die feit dat hy aan 'n bepaalde Skrifteks gebonde is en tot opdrag het om daardie teks in sy betekenis vir die versamelde gemeente bloot te lê, maak vertolking noodsaaklik.

Die teks waarmee die prediker immers voor die gemeente staan, is 'n teks uit 'n ander tyd en in 'n ander taal as dié van die gemeente. Die Bybel besit 'n deur-en-deur historiese karakter. Ons het tevore reeds daarop gewys dat die Bybel die Woord van God is wat Hy in die geskiedenis gespreek het. God het sy spreke in die geskiedenis laat ingaan en dit aan ons in dié histories-geworde gedaante in die hand gelê. Ons het die openbaring van God aan ons nie op 'n ander manier beskikbaar, as in hierdie historiese gestalte nie. God het dit goedgevind om Homself in die loop van die geskiedenis deur woord en daad aan die mens bekend te maak en daardie openbaring vir ons te laat opteken, sodat dit vir ons bewaar kon bly. Daardie openbaring van God was altyd konkreet en gerig aan 'n bepaalde adres: aan mense van vlees en bloed wat op 'n bepaalde moment in die geskiedenis geleef het, onder bepaalde omstandighede verkeer het en die Woord van God as van direkte betekenis vir hulle eie situasie verstaan het. As voorbeelde kan 'n mens hier maar net dink aan die profetiese verkondiging in die Ou Testament of aan die briewe van die Nuwe Testament. Ons kan egter met groot veiligheid sê dat dit van die hele Bybel geld dat ons nêrens daarin te make het met abstrakte leerstellige of morele verhandelinge of uiteensettinge wat nie 'n duidelike tydsbetrokke karakter dra nie. Die Heilige Skrif is die Woord van God soos Hy dit in die verlede deur die diens van mense tot ander mense van 'n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede laat verkondig het.

Dit beteken natuurlik nie dat daardie Woord van God wat in die verlede konkreet tot bepaalde mense in hulle situasie gerig is, slegs vir daardie mense van betekenis was nie. Dan sou die Bybel se boodskap *tydgebonde* wees. Daar is mense wat altyd weer die historiese karakter van die Skrif verkeerd verstaan. Hulle onderskei nie tussen die *tydsbetrokkenheid* van die Skrif en tydgebondenheid nie. Daarom meen hulle dat die erkenning van die historiese karakter van die Skrif noodwendig ook moet beteken dat die betekenis en gesag van die Skrif gerelativeer moet word. Hulle meen dan dat as dit waar is dat die Woord van God werklik in die geskiedenis telkens op 'n bepaalde situasie afgestem was, dit nie meer vir ons betekenis

kan hê wat in 'n ander tyd en onder ander omstandighede lewe nie. Dit kom daarop neer dat hulle meen dat as die situasie waarin die Woord verkondig is, verander, die Woord wat verkondig is, vanself sou moet verouder.

Dit is egter noodsaaklik dat ons sal sien dat daar 'n verskil is tussen tydsbetrokkenheid en tydgebondenheid. Die Woord van God is altyd konkreet en daarom ook altyd tydsbetrokke, omdat dit in 'n bepaalde situasie tot bepaalde mense gerig is. Dit dra ook die stempel van die tyd en situasie waarin dit gespreek of geskryf is. Omdat dit egter die *Woord van God* is, het dit 'n blywende betekenis vir alle mense en alle tye en onder alle omstandighede. Die Woord van God het wel ingegaan in die geskiedenis, maar dit transendeer ook weer die geskiedenis, netsoos Jesus Christus 'n historiese persoon is, maar as die ewige Woord van God nie in die geskiedenis opgaan nie, maar die totale geskiedenis omvat. Daarom is die historiese Bybelwoord ook van betekenis vir alle tye. Ook vir ons "op wie die einde van die eeue gekom het" (1 Kor. 10:11), is dit nog die Woord van God wat deur die krag van die Heilige Gees lewend tot ons spreek.

Vanweë die historiese karakter van die Heilige Skrif is dit nou egter noodsaaklik dat die boodskap daarvan aan die gemeente van vandag vertolk moet word. Vertolking beteken dat ons die historiese Skrifwoord moet verstaan teen die agtergrond van die tyd en situasie waarin dit geskryf is, en dit dan moet vertaal in terme van die tyd en situasie waarin die hoorder van vandag verkeer, sodat hy die voile betekenis wat daardie historiese Skrifwoord vir hom in sy eie situasie het, kan verstaan. As die prediking enige funksie hoegenaamd het, dan is dit sy funksie om hierdie akte van vertolking te voltrek.,

In werklikheid is elke Christen in sy omgang met die Bybel altyd besig om te vra na die betekenis wat die Bybelwoord vir hom in sy situasie het. Dit is egter moontlik dat 'n mens deur 'n verkeerde omgang met die Bybel ook tot verkeerde gevolgtrekkinge kan kom oor die betekenis wat die Bybelwoord vir jou het. Wie die historiese karakter van die Bybel ontken of in elk geval nie voldoende in berekening bring nie, is feitlik altyd geneig om die betekenis wat die Bybelwoord vir ons het, op 'n verkeerde wyse te vertolk. Dit kan selfs voorkom dat daar mense is wat nie merk dat hulleself 'n bepaalde manier van vertolking van die Skrif gebruik nie, omdat hulle volhou dat die Skrif heeltemal nie vertolking nodig het nie, maar sonder meer duidelik is. Hulle benader die Bybel asof dit 'n bundel met tydlose woorde is wat vir alle mense in alle tye ewe goed verstaanbaar is, sonder enige nadere toeligting. Hulle maak asof 'n mens die Bybel goed genoeg kan begryp as jy dit bloot op die klank af lees, sonder om rekening te hou met die historiese agtergrond en konteks van elke Skrifwoord. En omdat hulle die historiese karakter van die Skrifwoord misken, meen hulle dikwels dat 'n mens enige Skrifwoord sommer direk op jouself kan toepas, sonder dat dit eers nodig is om deur noukeurige vertolking vas te stel wat presies die betekenis van daardie Skrifwoord vir jou in jou situasie is.

As ons hierdie soort omgang met die Bybel wil tipeer, noem ons dit gewoonlik *biblisisme.* Die term biblisisme kan op verskillende maniere gebruik word, maar vir ons doel kan ons volstaan met die omskrywing dat dit 'n vorm van omgang met die Skrif is waarby die Bybelteks op 'n reglynige wyse op die mens van die hede toegepas word, sonder om rekening te hou met die historiese karakter van die Skrif en die feit dat elke teks van die Skrif geïnterpreteer moet word

teen die agtergrond van die tyd en situasie waarin dit geskryf is en die doel waarmee dit aan 'n bepaalde adres gerig is. Die biblisisme doen geen moeite om die Bybel te laat sê wat hy oorspronklik bedoel het om te sê nie, maar spring die akte van vertolking van die historiese Skrifwoord oor en meen dat dit moontlik is om die Skrifwoord*onmiddellik* van toepassing te maak op die mens van alle tye, letterlik soos dit daar staan, asof daar geen historiese afstand tussen die eerste lesers van die teks en die huidige lesers bestaan nie.

Mense wat op 'n biblisistiese wyse met die Bybel omgaan, is meestal daarvan oortuig dat hulle alleen aan die goddelike karakter van die woord van God reg laat geskied. Hulle druk graag hulle vinger op 'n teks en sê uitdagend dat dit tog letterlik só in die Bybel geskrywe staan, of hulle daag 'n mens uit om 'n teks te bring vir elke standpunt wat jy mag inneem wat van hulle standpunte afwyk. Hulle hanteer die Bybel asof dit 'n wetboek met artikels is (Bavinck), of 'n soort Christelike Koran (Kuyper) waaruit op 'n argelose manier geïsoleerde tekste aangehaal kan word om hulle standpunte mee te bewys. Dat die Skrif 'n organiese eenheid is, sodat die dele in verband met die geheel uitgelê moet word en elke teks sorgvuldig verklaar moet word in verband met die plek waar dit binne die geheel van die Heilige Skrif staan, word op hierdie wyse nie meer gerespekteer nie. Die ergste is dat die biblisis nie merk hoe willekeurig hy daarby te werk gaan nie. Hy kies net enkele tekste uit die Skrif uit wat by sy oortuiging inpas en beroep hom daarop, terwyl hy die onhanteerbare uitsprake van die Skrif laat vir wat hulle is. Hy hou bepaalde gebooie en opdragte uit die Skrif as die duidelike wil van God aan ons voor, maar verwaarloos andere wat soms nog in dieselfde hoofstuk staan, sonder om hom te bekommer daaroor dat hyself hulle nie meer onderhou nie. Ondanks al sy versekeringe van die teendeel, word die gesag van die Skrif dus in werklikheid ook deur die biblisis nie na behore geëer nie. Hy heers oor die Skrif, al betuig hy ook hoe vuriglik dat alleen na die Skrif geluister moet word. Hy bied 'n bepaalde vertolking van die Skrif aan wat bestaan uit 'n seleksie van tekste wat vir hom bruikbaar is, terwyl hy met hand en tand die gedagte beveg dat die Skrif enige vertolking nodig het.

Dit is een van die groot probleme van die kerk met die sektes, dat hulle meestal op hierdie manier met die Skrif omgaan. Met veel patos lê hulle die vinger op 'n bepaalde teks en daag die kerk uit om daaraan gehoorsaam te wees. Die rede waarom die kerk hom nie daaraan kan steur nie, is dat dit ooglopend duidelik is dat die sektes 'n verkeerde Skrifgebruik daarop nahou. Daarom kom die kerk nie daarvan onder die indruk as die Sewendedagadventiste volhou dat die vierde gebod van ons eis om Saterdag as die Sabbat te onderhou nie. Die kerk word ook nie oortuig dat die kinderdoop verkeerd is, omdat die verskillende doperse groepe uitdagend vra waar dan die teks staan wat voorskryf dat kindertjies gedoop moet word nie. Die kerk voel hom in hierdie dinge nie in sy gewete aangesproke nie, omdat hy daarvan oortuig is dat die sektes die Skrif verkeerd gebruik en daarom tot verkeerde gevolgtrekkings kom oor wat die Skrif van ons vra. Natuurlik wil ook die kerk na die Skrif luister en doen wat God ons daarin beveel, maar die kerk hoor iets anders uit die Skrifwoord as die sektes met hulle biblisistiese Skrif-

Die rede daarvoor is dat die kerk geleer het om rekening te hou met die boodskap van die hele Skrif en om rekening te hou met die historiese karakter van die Skrif. In sy omgang met die Skrif verstaan die kerk dus die woorde waarop die sektes hulle beroep, nie alleen binne die

konteks van die kanon in sy geheel nie, maar ook teen die agtergrond van die historiese gesitueerdheid daarvan. Dit beteken dat die kerk in sy omgang met die Skrif rekening hou met die *heilshistoriese* karakter van die Skrifopenbaring. Daarmee bedoel ons dat die Bybel nie 'n wetboek met artikels en paragrawe is wat op 'n atomistiese wyse en los van die res van die boodskap van die Skrif verstaan en gebruik kan word nie. Die Bybel is 'n eenheid en 'n organiese geheel waarvan die afsonderlike dele alleen reg geïnterpreteer kan word in die lig van die geheel. Die eenheid van die Skrif as geheel is daarin geleë dat dit die deurlopende verkondiging is van die openbaring van God soos dit in woord en daad in die loop van die één geskiedenis van sy omgang met die mens en die wêreld plaasgevind het. As sodanig het die Skrif 'n eenheid van inhoud en doel wat bepalend is vir die uitleg van elke onderdeel van die Bybel. In elke teks resoneer die hele inhoud van die Skrifboodskap mee. Terselfdertyd is dit waar dat elke teks sy eie plek binne die geheel het en dus alleen reg verstaan kan word as ten voile rekening gehou word met die plek wat dit in verband met die geskiedenis van Gods omgang met die mense inneem. In die geskiedenis van Gods omgang met die mense word immers 'n bepaalde voortgang sigbaar. Onherhaalbare en beslissende dinge het gebeur waardeur die hele situasie vir die toekoms anders is as wat dit vóór dié tyd was. Alle woorde van die Skrif lê dus nie op dieselfde vlak nie. Alles is nie neergeskryf aan die einde van Gods heilshandelinge nie. Die hele Ou Testament is met name geskryf in 'n situasie van verwagting van die koms van die Messias en dra dus 'n ander karakter as die Nuwe Testament, wat geskryf is nadat die volheid van die tyd aangebreek het. Hierdie feite is van die allergrootste belang vir die omgang met die Skrif. Wie dit nie verstaan nie, kan nie anders as om die Skrif verkeerd te interpreteer nie, omdat hy op 'n atomistiese en wettiese manier met die Bybel omgaan en nie begryp nie dat elke woord in die Skrif alleen reg geïnterpreteer kan word, as ons dit heilshistories interpreteer, dit wil sê: *vanuit die eindpunt van die besondere openbaring van God in Christus Jesus.*

Dit is hierdie faktor wat die groot verskil maak tussen die manier waarop die kerk na die boodskap van die Bybel luister én die manier waarop die sektes daarna luister. Die sektariese omgang met die Skrif word gekenmerk deur 'n groot subjektiewe erns, maar dit bly wetties en fragmentaries, omdat dit bepaalde elemente uit die Skrifgeheel losmaak en dit direk na die hede oorbring, sonder om te vra na die plek wat dit in die heilsgeskiedenis inneem en sonder om dit te interpreteer in die lig van Christus. Daarom vra die Sewendedagadventiste nie watter verskil die koms van Christus en sy vervulling van die wet aan die vierde gebod gemaak het nie. Die kerk benader die vierde gebod egter vanuit die Nuwe Testament en hou dus nog wel vas aan die innerlike betekenis daarvan, maar oordeel dat die uiterlike voorskrif van die vierde gebod gesien moet word in die lig daarvan dat dit behoort tot die bedeling van die skaduwees wat in Christus opgehou het om te bestaan. Dit beteken dat die kerk nie onder die indruk daarvan kom as die biblisistiese Skrifgebruik van die Adventiste daarop aandring dat die letter van die vierde gebod onderhou moet word nie. As die kerk op hierdie punt voor die sektariese Skrifgebruik sou kapituleer, sou hy gebonde wees aan alle seremoniële en burgerlike wette uit die Ou Testament, aan die tiendes en die besnydenis en die offers en alles wat daarmee saamhang. Die kerk ag hom nie meer daaraan gebonde nie, omdat hy op 'n ander punt in die heilsgeskiedenis lewe, naamlik in die Nuwe Verbond, in die tyd na Christus.

Op dieselfde wyse weier die kerk om die doperse groepe gelyk te gee in hulle Skrifberoep ten opsigte van die volwassedoop. In die eerste plek is dit duidelik dat hulle nie rekening hou met die plek van die doop in die geheel van die heilsgeskiedenis nie. Daarom kan hulle dit nie in verband bring met die verbond soos dit in die Ou Testament verkondig word nie. Omdat hulle die kontinuïteit tussen die Ou en die Nuwe Verbond verbreek, het hulle geen oog vir die feit dat die kinders ook in die Nuwe Verbond, netsoos in die Ou Verbond, in die gemeente van God ingesluit is en daarom mag deel in die tekens en seëls daarvan nie. Maar in die tweede plek is dit ook duidelik dat hulle geen oog het vir die besondere situasie van die eerste gemeentes as 'n sendingsituasie waarin die doop van volwassenes vanselfsprekend op die voorgrond staan nie. Hulle wil die situasie van die eerste gemeentes in die kerk van die eeue kopieer, asof die kerk van die eeue gebonde is aan die voorbeeld en bestaanspatroon van die eerste gemeentes in hulle besondere situasie. Hulle hou nie daarmee rekening dat die situasie van die gevestigde kerk ruimte bied vir die ontplooiing van die verbondspatroon soos dit teruggaan op Gods verbond met Abraham (Gen. 12) nie.

Uit hierdie twee voorbeelde sal dit duidelik wees dat die kerklike omgang met die Skrif allermins biblisisties wil wees. Die kerk is te diep deurdronge van die historiese karakter van die Skrif. Die kerk weet dat daar 'n akte van vertolking tussen die letterlike Skrifwoord en die toepassing daarvan in die hede noodsaaklik is. Die reformatoriese teologie was van die begin af daarvan bewus. Vandaar dat daar so intensief geworstel is met die vraag hoe die vertolking van die Skrif behoort te geskied. Vir die reformatoriese teologie was dit van die begin af duidelik dat ons in die vertolking van die Skrif nie willekeurig, wetties of atomisties te werk mag gaan nie, maar die Skrif moet uitlê soos hy kragtens sy eie innerlike boodskap en struktuur uitgelê wil word. Dit kom tot uitdrukking in die reformatoriese stelreël dat die Skrif sy eie uitlegger is (Sacra Scriptura sui ipsius interpres).

Met hierdie stelreël word nie bedoel dat 'n mens in die Bybel 'n stel reëls vir sy eie uitleg kan vind nie. By die lees van die Bybel hanteer ons immers dieselfde reëls wat ons by die lees en verstaan van enige ander geskrif hanteer. Die uitspraak dat die Bybel sy eie uitlegger is, hou egter in dat 'n mens die Bybel net reg kan verstaan, as jy hom gelowig aanvaar soos hy homself aanbied, naamlik as die Woord van God. Dit hou verder in dat 'n mens die Bybel as 'n eenheid moet aanvaar, wat ondanks die groot verskeidenheid wat in hom voorkom, tog die één gesamentlike getuienis van die apostels en die profete is aangaande God en sy openbaring in Christus Jesus. Hieruit vloei weer voort dat elke deel van die Skrif uitgelê moet word in ooreenstemming met die geheel van die Skrif, of wat gewoonlik ook genoem word: volgens die analogie van die geloof (analogia fidei). Dit beteken dat duistere Skrifplekke verklaar moet word in die lig van helderder uitsprake van die Bybel en dat die totaliteit van die leer van die Skrif die raamwerk is waarbinne die vertolking van die afsonderlike dele moet geskied.

In elk geval bedoel die stelreël dat die Skrif sy eie uitlegger is, om ons aan die Skrif self te bind in ons vertolking van die boodskap van die Skrif. Ons moet noukeurig na die Skrifwoord self luister, die verbande in die Skrif self opspoor, die omgang van die Skrif met sy eie verkondiging noukeurig op ons laat inwerk, ten einde te verseker dat ons nie in ons vertolking van die boodskap van die Skrif aan die Skrif self ontrou word nie. Daarom is dit so belangrik dat ons uit die manier waarop die Ou Testament in die Nuwe Testament ter sprake kom, moet leer

hoe ons ook self die Ou Testament moet verstaan en vertolk. Omgekeerd is dit noodsaaklik dat ons die Nuwe Testament teen die agtergrond van die Ou Testament moet lees, as ons dit op die regte manier wil interpreteer. So kan ons met name uit die hele Nuwe Testament leer dat Christus die vervulling is van alles wat in die Ou Testament verwag is en gebied is. Die Nuwe Testament leer ons dat die koms, lyding, dood en opstanding van Christus 'n nuwe era in die geskiedenis van Gods omgang met sy volk laat aanbreek het, waardeur alles wat in die Ou Testament staan, in 'n nuwe lig bekyk moet word. Daar is volgens die Nuwe Testament elemente van die Ou Verbond wat verbygegaan het en afgeskaf is (vgl. Hebr. 8), maar dit is tog ook weer onmiskenbaar dat daar 'n diepe eenheid tussen die ou en die nuwe bedeling is. So leer die Nuwe Testament ons self dat daar tussen die Ou en die Nuwe Testament 'n verhouding van kontinuïteit én van diskontinuïteit is, omdat daar 'n voortgang in die geskiedenis van Gods heilsdade is.

Dit alles is van die allergrootste belang vir ons omgang met die Heilige Skrif en ons vertolkende arbeid in die prediking. Te dikwels kom dit nog voor dat predikante oor tekste uit die Ou Testament preek asof daar geen Nuwe Testament bestaan nie en asof dit, gegewe die Nuwe Testament, nog moontlik is om 'n teks uit die Ou Testament regstreeks op die gemeente van vandag van toepassing te maak, sonder om rekening te hou met die koms van Christus en die verskil wat dit aan elke uitspraak van die Ou Testament gemaak het. Die volkome willekeurige manier waarop bepaalde voorskrifte uit die Ou Testament uit hulle verband gehaal en aan die gemeente as verbindend voorgehou word, sonder dat die straalbreking wat die Ou-Testamentiese gebod in die bloed van Christus ondergaan, in ag geneem word, is soms verstommend. Die moralisering wat dikwels die gevolg is van 'n soort prediking wat glad nie rekening hou met die heilshistoriese konteks waarin 'n Skrifwoord staan nie, hoort ook nie tuis op die kansel nie. Dit is merkwaardig dat predikante wat met groot beslistheid teen die sektes te velde trek, in hulle omgang met die Skrif dikwels nie blyke daarvan gee dat hulle beter as die sektes begryp het dat die Skrif sy eie uitlegger is en om 'n vertolking vra wat nie maar net op die klank afgaan nie.

Wanneer ons eenmaal begryp het dat die Skrif self met sy eie historiese karakter rekening hou, word dit vir ons duidelik dat ons in ons vertolking van die Skrif ook deurgaans op dieselfde wyse te werk moet gaan. In ons prediking uit die Ou Testament moet ons op voetspoor van die Nuwe Testament altyd onthou dat die historiese afstand tussen ons as kinders van die Nuwe Verbond én die teks uit die Ou Testament meebring dat daar 'n verhouding van kontinuïteit én diskontinuïteit tussen ons en daardie teks bestaan. In die prediking sal ons op die kontinuïteit klem moet lê - ons deel immers in dieselfde heil wat daar toegesê is en in dieselfde genadeverbond waarvan die Ou Testament 'n bepaalde gestalte is. Die Woord van God in die Ou Testament is óók 'n woord aan ons. Maar ons sal terselfdertyd moet onthou dat daar ook 'n element van diskontinuïteit tussen die teks en ons is, omdat dit in 'n ander situasie as ons eie en in 'n ander stadium in Gods heilsweg met die mense geskryf is as dié waarin ons verkeer. Voordat ons dit kan oorbring na ons eie situasie, sal ons hierdie element van diskontinuïteit ten voile in berekening moet bring, anders kan ons nie presies vertolk wat daardie spesifieke woord vir ons self in ons eie situasie beteken nie. Dit geld van elke teks uit die Ou Testament, selfs van die mooiste uitsprake in die Psalms en die profesieë. Slegs wie ten

voile rekening hou met die betekenis van die Skrifwoord in sy oorspronklike situasie, is in staat om af te tas wat daardie woord vir ons beteken.

Dit geld nou egter nie net vir die Ou Testament nie, maar ook vir die Nuwe. Dit is waar dat ons heilshistories in die nuwe bedeling lewe en dat die openbaring van God in Christus sy afsluiting gevind het - altans dan tot op die dag van die wederkoms van Christus. Aan die openbaring van God in Christus kan niks toegevoeg word nie. Die Heilige Gees voeg nie nuwe openbaringe aan die openbaring van God in Christus toe nie, maar lei die kerk deur die eeue in die voile waarheid van daardie openbaring in. God openbaar Homself nog voortdurend deur die Heilige Gees, maar dit geskied in hierdie bedeling nie anders as deur die Heilige Skrif wat die onfeilbare boodskap van die openbaring van God in Christus bevat nie. Dit beteken dat ons, heilshistories gesproke, nie in 'n ander bedeling lewe as die een wat met die koms en aardse lewe van Jesus Christus 'n aanvang geneem het nie. Daarom is daar 'n direktheid tussen die teks van die Nuwe Testament en ons wat die graad van direktheid tussen ons en die teks van die Ou Testament oortref. Daarom is dit in 'n sin soveel makliker om oor 'n teks uit die Nuwe Testament te preek, omdat die heilshistoriese situasie van die gemeentes van die Nuwe Testament en óns heilshistoriese situasie in Christus dieselfde is.

Tog mag 'n mens ook hier weer nie die element van diskontinuïteit wat daar nogtans tussen die situasie van die Nuwe Testament én ons eie situasie is, miskyk nie. Ook die Nuwe Testament dra 'n historiese karakter en kan alleen reg verstaan word, as 'n mens dit interpreteer teen die agtergrond van die ontstaanstyd, kulturele situasie, spesifieke ketterye waarteen gewaarsku is, omstandighede van die gemeentes aan wie geskryf is en die spesifieke doel wat elke skrywer van die Nuwe Testament op die oog gehad het. Ook met die Nuwe Testament mag ons nie wetties omgaan nie. Ook hier is 'n akte van vertolking nodig as ons die breë element van kontinuïteit tussen ons en die Nuwe Testament op die regte wyse sigbaar moet kan maak. Die boodskap van heil wat in die Nuwe Testament in 'n bepaalde situasie verkondig en uitgespel is, moet in ons prediking in ons eie kultuur-historiese situasie verkondig en uitgespel word. Die terme van die Nuwe Testament moet in die terme van ons eie daaglikse leefwêreld vertaal word, anders sal die gemeente nie kan verstaan hoe die boodskap van die Nuwe Testament hulle lewe konkreet ráák nie.

Die punt waarop dit alles die duidelikste word, is die punt van die sedelike konsekwensies wat die geloof in die evangelie vir ons daaglikse lewe meebring. Met betrekking tot die vraag hoe 'n mens gered kan word en wat God vir ons en in ons gedoen het en wil doen, is dit in 'n sekere sin makliker. Dit kan alles feitlik net direk uit die Nuwe Testament aan ons gemeente voorgehou word, omdat die enigste vertolkingsprobleme daar te make het met die verduideliking van die terme en beelde waarin die verlossing in die Nuwe Testament verkondig word. Die aansluiting hier is egter so direk as moontlik, sodat baie mense nie eers agterkom dat op hierdie gebied ook 'n element van vertolking aanwesig is nie. Op die gebied van die sedelike word dit egter anders. Daar word die afstand tussen die leefwêreld van die eerste Christene en die leefwêreld van die mens van die twintigste eeu baie meer voelbaar. Die vertolkingsaksie van die prediking word voor sy grootste uitdaging gestel as duidelik gemaak moet word wat die heiligmaking in ons industriële samelewing, in ons grootstad-kultuur en in ons eeu van kernkrag en nihilisme alles inhou.

Gelukkig staan die prediker in hierdie vertolkingsaksie nie alleen nie. Hy leef in die tradisie van die kerk wat deur die eeue gedeel het in die leiding van die Heilige Gees. Ondanks die hardheid van hart wat die kerk altyd gekenmerk het en die duisende vorme van ongehoorsaamheid wat daar was, kan ons tog nie ontken dat die Gees die kerk ook tot dieper insigte in die betekenis van die Woord van God gelei het nie. Ten spyte van afval en dwaling was daar tog ook voortgang en groei. Daarom moet die prediker by sy moeilike taak van vertolking van die evangelie vir sy gemeente van vandag nie net bid om die persoonlike leiding van die Heilige Gees nie, maar homself ook op die hoogte stel met wat die vaders en die broeders in die verlede en die hede uit die Woord van God gehoor het en as die konsekwensies van die evangelie vir ons dag leer verstaan het.

## Prediking van die evangelie

Prediking, het ons gesê, is die vertolking van die historiese Skrifteks in terme van die taal en situasie van die gemeente van vandag. Die vraag is hoe hierdie vertolking moet geskied. Ons het reeds een en ander daaroor gesê, maar dit is tog nodig dat ons nog nader daarop moet ingaan.

Die basiese beginsel van alle vertolking is dat aan die mens van die hede getoon word dat wat destyds in die verlede aan ander mense gesê of geskryf is, 'n boodskap bevat wat ook aan sy adres gerig is. Vir die prediking beteken dit dat aan die hoorder van vandag duidelik gemaak moet kan word dat die woorde van die Skrif allermins net betekenis gehad het vir die eerste hoorders of lesers daarvan. Dit is wel in hulle taal geskrywe. Dit is wel op hulle konkrete situasie afgestem. Dit was wel in eerste instansie vir hulle oog bedoel en daarop bereken om hulle vertroostend, bestraffend, waarskuwend of bemoedigend aan te spreek. Tog het dit nie net vir hulle betekenis gehad nie. Dit het óók betekenis vir alle mense van alle tye, omdat dit 'n boodskap bevat wat relevant bly en telkens in die loop van die geskiedenis weer opnuut deur die Heilige Gees gebruik word om mense aan te spreek. Dit is die taak van die vertolking om die boodskap wat in die historiese woorde opgesluit lê, in die taal en situasie van die hoorder van vandag uit te lê, met die bede dat die Heilige Gees dit wil gebruik om by die moderne hoorder dieselfde resultaat daarmee te bereik wat by die eerste hoorders van hierdie woorde beoog is.

As die vertolking op die juiste wyse moet geskied, moet die prediker weet wát hy moet vertolk. Dit beteken nie net dat hy in staat moet wees om die juiste grammaties-historiese betekenis van die Skrifgedeelte waaroor hy preek, akkuraat vas te stel nie. Dit is wel van die allergrootste belang dat hy dit so noukeurig moontlik sal doen. Daarmee kan hy egter nie volstaan nie, omdat vertolking nog iets anders en iets meer is as om die betekenis van die woorde in hulle historiese sin vas te stel. Vertolking veronderstel dat die prediker*in* die woorde die *boodskap* van daardie woorde sal opvang. Daardie woorde wil immers iets sê, iets oordra wat van wesenlike betekenis is. Wie daardie woorde wil verstaan, moet hulle *sin* kan ontdek, die doel waarmee hulle uitgespreek is, die drangrede wat daaragter sit dat hulle in die geheel geskryf is.

Wie hierdie sin van die woorde, die sáák waarom dit in die woorde gaan, werklik wil ontdek, moet daardie woorde lees in die verband of kader waarbinne hulle voorkom en verstaan wil word. Die feit dat ons preekteks in die Bybel staan, beteken dat ons daardie teks alleen reg kan verstaan, as ons dit interpreteer binne die verstaanskader van die Bybel. Dit hou in dat ons daardie teks in verband moet lees met die *boodskap* van die Bybel en met die *skopus* of doel van die Bybelse boodskap.

Dit is raadsaam om tussen die boodskap (kerugma) en die skopus of doel van die Skrif te onderskei. Dikwels word dit nie gedoen nie, en dan word die skopus van die Skrif omskryf in terme van die boodskap van die Skrif. Dit word gedoen, wanneer bv. gesê word dat Christus die skopus van die Skrif is of dat die koninkryk van God die skopus van die Skrif is. Hierdie voorstelling van sake het 'n ou tradisie en gaan veral op Luther terug, wat Christus die skopus van die Skrif genoem het. Nou is dit so dat die Bybel self op verskillende plekke duidelik stel

dat die hele Skrif van Christus getuig (vgl. Joh. 5:39; Luk. 24:24, 27; Joh. 20:31) terwyl ook die inhoud van die prediking in die Nuwe Testament meermale eenvoudig kort-weg "Christus" genoem kan word (vgl. Hand. 8:5; 1 Kor. 2:2). Die vraag is egter of dit heeltemal korrek is om die inhoud en die skopus van die Skrif aan mekaar gelyk te stel. Dit veroorsaak bepaalde probleme, waarop ons hier nie nader hoef in te gaan nie, maar wat ons tog laat vermoed dat dit beter is om tussen inhoud en skopus van die Skrif onderskeid te maak, al kan dié twee dinge uiteraard nooit van mekaar losgemaak word nie.

Onder die skopus van die Skrif moet ons liewer uitdruklik die *doel* van die Skrif verstaan, of wat Bavinck die *bestemming* van die Skrif genoem het. Oor die bestemming van die Skrif laat die Skrif ons nie in die duister nie. As ons maar kyk na 'n uitspraak soos 2 Tim. 3:15-17, dan is dit duidelik dat die hele Skrif deur God ingegee is en *nuttig is tot* lering, weerlegging, onderwysing in die geregtigheid, *sodat* die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. Die woorde *tot* en *sodat* gee die doel, die gerigtheid van die Skrif aan. Dit is wat ons in eintlike sin onder die skopus van die Skrif moet verstaan. Daarom staan daar ook in Joh. 20:31 dat hierdie dinge beskrywe is, *dat* julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en *dat* julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam. Die skopus van die Skrif is nie 'n kort samevatting van die inhoud van die Skrif, of soos sommige ook sê, 'n uitdrukking van die sentrale boodskap van die Skrif nie. Dit gee die intensie aan, die bedoeling van God met die Skrif.

Daarom is dit ook nie maklik om te sê wat die skopus van die Skrif is nie, want die Skrif self gebruik 'n groot verskeidenheid van uitdrukkinge om aan te gee waarom dit eintlik in die prediking van die Skrif gaan. Op grond van die bogenoemde tekste sou 'n mens kon sê dat die bedoeling van die Skrif is om die mens tot geloof te bring, of om hom te onderrig in die godsaligheid, of om hom na Christus te lei, of om die bekering en die heiligmaking aan hom voor te hou ens. En inderdaad, dit kan ook nie ontken word dat die heil van die mens in die breë sin van die woord die bedoeling van die Skrif is nie. Tog moet 'n mens versigtig wees om hier nie te bly staan by wat in werklikheid 'n vóórlaaste doel van die Skrif is nie. Die laaste en diepste doel van die Skrif is die verheerliking van God. Dit is om sy Naam ontwil dat God die mens verlos (vgl. Ps. 23:3; Eseg. 36:22 e.v.).

Daarom bly dit nog steeds 'n onoortreflike vonds van Calvyn dat hy die skopus van die Skrif gesoek het in die *kennis van God* wat daarop gerig is om die mens te bring tot die *verering van Gods Naam.* Die Skrif is aan ons gegee om ons te bring tot kennis van God en van onsself, of anders gesê, tot kennis van die verhouding tussen God en ons. Hierdie kennis is vir ons noodsaaklik om tot ons ware bestemming as mense te kom. Nie net ons heil is daarin geleë dat ons God reg sal ken nie, maar ook ons bestemming as mense, omdat die doel waartoe ons geskep is - so verduidelik Calvyn in sy Geneefse kategismus - is om God te ken, te eer, te vertrou en te gehoorsaam. Wie Calvyn enigsins ken, sal weet dat die kennis van God vir hom geen intellektuele kennis van leerstellinge aangaande God is nie, maar persoonlike en eksistensiële kennis wat tot stand kom in die gebeurtenis van die ontmoeting met God. Daarom sluit hierdie kennis van God vir Calvyn ook die kennis van onsself in.

Die skopus van die Skrif kan dus nie in 'n enkele woord omskryf word nie, omdat dit daarin bestaan dat die Skrif afstuur op 'n bepaalde gebeurtenis, naamlik dat die mens God moet leer

ken, homself moet bekeer en God gelowig moet verheerlik. Die Skrif is bedoel om 'n beweging op gang te bring, 'n beweging waarin die mens ten voile betrek is, maar wat tog in laaste instansie bereken is op die grootmaking van God. Elke omskrywing van die skopus van die Skrif wat nie rekening hou met hierdie beweging nie, skiet te kort en is blootgestel aan verwarring.

Eers as 'n mens goed hierdie skopus van die Skrif begryp, kan jy ook verstaan dat die *inhoud* of *boodskap* van die Skrif ten voile in diens staan van hierdie doel van die Skrif. Die Bybel is nie 'n boek vol allerlei wetenswaardighede nie en is nie aan ons gegee om aan ons kennis mee te deel oor die wêreld as wêreld of oor die geskiedenis as geskiedenis of selfs oor die mens as mens nie, maar om ons te bring tot die ware kennis van God en onsself in die aangesig van Christus (2 Kor. 4:6). Die inhoud van die Bybel is alles wat God nodig geag het om die doel wat Hy met die Skrif het, te bereik. Alles wat in die Bybel staan, dien daartoe om ons te bring tot die ware kennis en verheerliking van God. As ons daardie inhoud of boodskap van die Skrif reg wil verstaan, moet ons dit dus altyd sien in die lig van die skopus of doel van die Skrif.

Dit is om hierdie rede dat die inhoud van die Skrif in die tyd van die Reformasie dikwels saamgevat is onder die één noemer van "die evangelie". Daarmee is nie bedoel om in die Skrif self 'n onderskeid te maak tussen wat wél en wat nie vir ons gesag sou hê, soos wat dit in die latere dualistiese inspirasie-teorieë gebeur het nie. Die bedoeling van hierdie aanduiding was om duidelik te maak dat die ganse Skrif met alles wat daarin staan, eenvoudig as *evangelie* verstaan moet word. Alles wat in die Bybel staan, is uiteindelik die boodskap van blydskap, die goeie tyding wat aan die mens verkondig word om hom na sy ware bestemming terug te lei. In die Bybel staan daar baie dinge. Daar is geskiedenisse, gedigte, spreuke, profesieë en wette. As die reformatore egter moet sê waaroor die Skrif handel, dan vat hulle dit alles saam onder die term evangelie, omdat al hierdie dinge uiteindelik aan ons geopenbaar is om ons tot geloof en bekering, tot gehoorsaamheid en heiligmaking en verheerliking van die Naam van God te bring, 'n Mens moet maar die geskrifte van die reformatore self lees of, nader tuis, die Heidelbergse Kategismus, om jou daarvan te oortuig watter rol die term evangelie in die hele reformatoriese verstaan van die Bybel gespeel het. As hulle wil deurstoot tot die sáák waarom dit in die Skrif gaan, dan is dit vir hulle nie baie dinge nie, maar - in die lig van die doel van die Skrif - eintlik net hierdie één ding: die evangelie van God in Christus Jesus.

In die lig hiervan is dit duidelik dat die regte vertolking van die Skrif in die prediking alleen dan plaasvind, as die prediker daarin kan slaag om deur te stoot tot op die verkondiging van die evangelie wat in sy teksgedeelte aanwesig is. Dit is vir die prediker nie genoeg om alleen maar grammaties-histories vas te stel wat die woorde van sy teks beteken nie. Vertolking van die Skrif eis van hom om voort te gaan na die *teologiese* of *geestelike* uitleg van sy teks. Dit het niks met 'n verborge Skrifsin te make nie. Ook nie met die aanwending van die metode van allegoriese uitleg wat niks anders is as 'n verduistering van die ware betekenis van die Skrif nie. Dit het egter alles daarmee te make dat die prediker sy teks leer verstaan in die lig van die doel waarmee die Skrif aan ons gegee is en dus die vraag stel wat God ons in daardie teks aangaande Homself en sy verhouding tot ons openbaar, en watter antwoord van die geloof Hy daarin van ons verwag.

Dit is verkeerd om te dink dat dit 'n antroposentriese benadering van die Skrif is as ons die hele Skrif eenvoudig die evangelie noem. Die doel van die evangelie is immers niks anders nie, as die verheerliking van God. Die hele evangelie is vol van God - van sy liefde, verkiesing, genade en oordeel. Die evangelie is niks anders nie, as die verkondiging van Gods dade en woorde, van Gods keuse vir die mens, van Gods afkeer van die sonde, van Gods oorwinning oor die duiwel, die sonde en die dood. Regte evangelieverkondiging is dan ook altyd *teosentries.* Te dikwels is die prediking antroposentries, omdat die prediker nie die beweging van die verkondiging van die Skrif meemaak nie. In die Skrif gaan dit voortdurend om die openbaring van God in die geskiedenis van sy omgang met die mense en die wêreld. Dit is egter duidelik dat dit vir die Skrif daarby om die openbaring van Gód gaan, nie om interessante mededelinge aangaande die mense nie. In die Bybel staan die mens nooit in die middelpunt van die verkondiging nie, hoeseer alles in die Bybel ook op die mens betrekking het en daar geen bladsy van die Bybel is waarop daar nie oor die mens gepraat word nie. Dit is deurgaans Gód wat in die Bybel in die middelpunt staan. As dit in die Bybel net om die verhale van mense gegaan het, selfs al was dit die verhale van godsdienstige mense en hulle opvattings, dan was die Bybel nie in wese verskillend van ander boeke nie. Wat die Bybel verskillend maak en die verkondiging van die Skrifwoord absoluut noodsaaklik en dringend, is die feit dat dit daarin om Gód en sy openbaring gaan. Die prediking moet hieraan getrou bly, anders is dit onverbindend en onevangelies.

Dit is net binne die kader van die evangelie dat ook die sonde en ellende van die mens op die regte wyse aan die orde gestel kan word. In die lig van Gods goedheid word die donkerte van die kwaad eers behoorlik sigbaar. Die woorde van God waarvan die Skrif as evangelie spreek, is juis ook woorde van oordeel oor alles en almal wat nie hulleself in die geloof aan die evangelie van Gods goedheid onderwerp nie. Die regverdiging self is 'n oordeel van God oor die sonde. Die kruis van Christus is 'n openbaring, nie net van die liefde van God nie, maar ook van die vreeslikheid van die kwaad. Wie meen dat hy oor die sonde van die mens kan spreek buite die evangelie om, begaan 'n fout. Soos dit onmoontlik is om die wet in sy diepte te verkondig, sonder om die wet in sy verbondenheid aan die evangelie te sien, so is dit onmoontlik om die sonde in sy diepte te onthul, sonder om dit te doen in die lig van Gods genade. Elke prediking van die mens se sonde of van die betekenis van Gods wet wat nie binne die raamwerk van die verkondiging van die evangelie gestel word nie, loop noodwendig uit op 'n oppervlakkige moralisme en wettisisme. Dit is kenmerkend van die Skrif dat die wet van God daarin altyd binne die kader van die verbond (vgl. Ex. 20), die imperatief altyd in afhanklikheid van die heilsindikatief (vgl. Rom. 6), en die oordeel altyd as die skadukant van die evangelie verkondig word (vgl. Rom. 2:16).

Dit is een van die mees ontstellende punte van kritiek teen ons prediking dat dit so dikwels nie verkondiging van die *evangelie* is nie. Dit stel nie werklik God in sy liefde en oordeel aan die gemeente voor nie, maar ploeter rond in allerlei moraliserende en piëtistiese algemeenhede wat nie werklik bevrydend en verlossend is nie. Die gevolg is dat die prediking in laaste instansie antroposentries bly, omdat dit bly handel oor die mens se doen en late, sy bekering en geloof, sy strewe en mislukking. Dan mis die prediking egter die karakter van 'n evangelieverkondiging wat 'n krag van God tot saligheid is (Rom. 1:16).

Dit is omdat die Skrifwoord nie vanuit die perspektief van die evangelie benader word nie, dat so baie predikante nie weet hoe om 'n verband te lê tussen die historiese Skrifteks en die aktuele situasie van die gemeente nie. Die verbindingskakel tussen die teks en die hoorders van vandag is immers gegee met die feit dat die doel van die Skrifteks nog steeds die doel is wat ook die prediking moet beheers, en dat die evangelie wat in die Skrifteks aan die orde kom, vir die mens van vandag nog dieselfde betekenis het. Die prediking is daar om hierdie feit sigbaar te maak. Om dit te kan doen, moet die prediker so diep in die Skrifteks inkruip, dat hy die besondere skopus van sy teks binne die raamwerk van die skopus van die Skrif as geheel, en die besondere boodskap van sy teks binne die raamwerk van die boodskap van die Skrif as geheel leer verstaan. Eers dán is hy in staat om die omslag na sy eie gemeente van vandag te maak en te verkondig hoe daardie teks die gemeente vandag ráák.

Die fout wat deur baie predikers gemaak word, is dat hulle nie in die prediking konsentreer op wat die teks oor God en sy evangelie sê nie, maar op wat die teks aangaande die mens en sy gedraginge vermeld. Dit kan so maklik gebeur dat die aandag van God afgetrek word na die mens toe, van die boodskap van Gods Woord na die situasie waarin die Woord verkondig is, van die evangelie na die wet. En die ergste is dat dit byna ongemerk kan gebeur, omdat die mens met sy situasie en verantwoordelikheid deurgaans ook binne die visier van die Skrifteks aanwesig is. As die prediker nie goed onderskei nie, gly hy byna altyd af uit die perspektief van die Skrif na wat soveel meer interessant en boeiend vir ons mag lyk: die mens met sy situasie en gedraginge. Wat dan gebeur, is dat die menslike situasie die verbindingskakel tussen ons en die teks word, in plaas van die evangelie wat in die situasie verkondig is.

Dit kan veral maklik gebeur in die behandeling van die sogenaamde historiese gedeeltes van die Skrif waarin die geskiedenisse vertel word van die volk Israel, van die aartsvaders en die profete, van rigters en konings, van die mense wat Jesus ontmoet het en die apostels en wat hulle gedoen het. Dit is 'n geliefde preek-metode om hierdie geskiedenisse te benader as 'n arsenaal van voorbeelde wat aan die mens van vandag voorgehou moet word om hom aan te moedig of te waarsku (die sg. "eksemplariese prediking"). In plaas daarvan dat hierdie geskiedenisse behandel word onder die gesigspunt van die openbaring van Gód wat daarin sigbaar word - wat uiteraard altyd meebring dat ook die mens "geopenbaar" word in die lig wat van God afstraal - , word die aandag gevestig op die *mense* in daardie geskiedenisse. Hulle word tot voorbeelde vir ons en op allerlei maniere word verbindingslyne tussen hulle en ons getrek. Om te kan verduidelik waarom juis hierdie spesifieke voorbeeld vandag aan die gemeente voorgehou word, lê die prediker dan allerlei verbande tussen die situasie van destyds en die situasie van vandag. Punte van vergelyking en parallelle in die situasie van destyds en nou word die spil waarom die boodskap van die preek gaan draai. Die historiese situasie wat in die teks ter sprake kom, word so ver as moontlik tot 'n algemene situasie verklaar, wat "so dikwels" ook nog onder ons voorkom. Die groot vaardigheid van die prediker om in die situasie van die teks punte op te spoor waarvan hy aan die gemeente kan sê: So is dit ook met ons! gee eenvoudig die deurslag in hierdie soort prediking. Dink in hierdie verband maar aan die voorbeeld van die preek oor Hand. 9 wat ons tevore genoem het.

Die ellende van hierdie soort prediking is dat 'n mens so maklik daarin kan verval, omdat dit uit 'n bepaalde gesigshoek maar net na 'n aksentsverskil lyk waarmee ons te make het tussen

eksemplariese prediking én die egte evangeliese verkondiging van die boodskap van die teks. Immers, ons kan tog nie ontken dat "alles wat tevore geskrywe is, tot ons lering geskrywe is" nie (Rom. 15:4). Die Skrif self getuig daarvan dat die dinge wat die mense van wie die Bybel praat, oorgekom het, hulle as voorbeelde oorgekom het en as 'n waarskuwing opgeskryf is vir ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11). Die prediker kan dus nie nalaat om die mense wat in die Bybel voorkom, ter sprake te bring en hulle doen en late aan ons voor te hou nie. Die vraag is alleen hoé dit moet gebeur. In die prediking moet dit gebeur soos dit in die Bybel self gebeur, dit wil sê: as die materiaal waarmee God verkondig word in die geskiedenis van sy dade en woorde van heil en verlossing, van oordeel en gerig. Die mense in die Bybel kom nie om hulleself ontwil ter sprake nie. Hulle kom ter sprake as mense met wie God gepraat en gehandel het, teen hulle weerbarstigheid en onwil in. Hulle is voorbeelde ja, maar voorbeelde van wat God in sy genade en toorn met mense doen.

Die aksentsverskil tussen die eksemplariese prediking en die egte Skriftuurlike benadering van die teks bestaan dus daarin dat eg. die mens en sy situasie sentraal stel, terwyl lg. God en die evangelie sentraal stel. In die eerste geval kry ons preke oor Petrus en Johannes, Abraham en Thomas as voorbeelde vir ons. In die tweede geval kry ons preke oor die openbaring van God in die lewe van Petrus en Johannes, Abraham en Thomas. Die verbindingskakel met ons lê in die lg. geval in die feit dat dit dieselfde God is wat met hulle en met ons te make het, wat in ons situasie dieselfde vra as wat Hy van hulle in hulle situasie gevra het, en aan ons dieselfde doen wat Hy aan hulle gedoen het. Anders uitgedruk: die verbindingskakel lê daarin dat hulle en ons deel het aan dieselfde heilsgeskiedenis en dieselfde evangelie.

Dit was juis hierdie punt waarom dit gegaan het in die diskussie rondom die "eksemplariese" en die "heilshistoriese" prediking wat net voor die laaste wêreldoorlog in die kringe van die Gereformeerde Kerken in Nederland gevoer is. Die voorstanders van die heilshistoriese prediking het gelyk gehad in hulle standpunt dat die eksemplariese prediking altyd daartoe neig om antroposentries en moralisties te word, terwyl die "boodskap" wat op hierdie manier uit die teks gehaal word, baie keer ewe-goed uit 'n ander boek as die Bybel gehaal sou kon word. As dit in die prediking oor die lesse moet gaan wat ons by mense kan leer, sou dit moontlik wees om uit die wêreldliteratuur uitstekende "tekste" vir die prediking te vind. As dit egter in die prediking gaan om die verkondiging van die openbaring van God, dan kan 'n mens jou nêrens anders heen wend vir 'n teks, as net na die Bybel nie. Die Bybel alleen laat ons sien hoe die woorde en dade van God in die verlede die gemeente van vandag by voorbaat insluit en raak.

Wat God in die verlede gesê en gedoen het, kwalifiseer ons bestaan en geskiedenis by voorbaat. Ons situasie is ten diepste nie daardeur gekenmerk dat ons óók siek word soos mense in die Bybel siek was nie, of dat ons ook in onsself sondaars is soos hulle dit was nie, maar dit word gekenmerk deur die beloftes en eise van God soos dit gefundeer is in sy dade van heil en sy bevrydende gang deur die geskiedenis van Adam af tot op die laaste dag. Nie die bepaalde menslike optrede van die Bybelfigure open vir ons die evangelie nie, maar alleen die woord en daad van die lewende God.

Die swakheid van die voorstanders van die heilshistoriese prediking in die Geref. Kerken was dat hulle nie altyd goed kon duidelik maak hoe die mens dan wel in die preek ter sprake moet

kom nie. Dit het daarmee saamgehang dat hulle die term "heilshistories" in 'n baie eng sin geïnterpreteer het en dus geneig het in die rigting van 'n stereotiepe herhaling van die groot heilsfeite in elke preek. Ook was hulle geneig om onder die vaandel van Christosentriese prediking Christus altyd op dieselfde manier en byna volgens 'n vaste patroon in elke preek ter sprake te bring. Dit het meermale gelei tot 'n soort ongewenste objektivisme in die prediking, waarby die konkrete betekenis van die teks vir die versamelde gemeente in sy aktuele situasie nie voldoende uitgespel kon word nie.

Hierdie swakhede kan vermy word wanneer die prediker hom aan sy teks hou, maar daardie teks vanuit die heilshistoriese, teologiese en Christologiese gesigspunt bekyk. Dit is nie nodig om in elke preek die groot heilsdade van God in soveel woorde ter sprake te bring, ten einde die preek heilshistories suiwer te hou nie. Dit is ook nie nodig om altyd eksplisiet oor die Persoon en werk van Christus te handel om 'n preek Christosentries te kry nie. Die geheim van goeie prediking is om ons deur die teks self te laat lei in die wyse waarop die hele evangelie daarin mee-resoneer. As die hele evangelie die agtergrond en die blikpunt van ons verkondiging is, sal Christus en die heilsgeskiedenis altyd daarin aanwesig wees, maar dan op 'n spontane wyse, sonder 'n geforseerde herhaling van bepaalde heilsfeite in elke preek. Aan die ander kant is dit óók waar dat 'n geforseerde invoer van die Naam van Jesus 'n preek nog nie Christosentries maak nie. Dit is moontlik om Christus in 'n preek bloot as 'n moralistiese voorbeeld te gebruik. Dit is selfs moontlik om oor 'n gedeelte te preek waarin Jesus eksplisiet ter sprake kom, sonder om Christosentries of selfs maar in die algemeen evangelies te preek. Alle elemente wat ons so graag in die prediking wil hê, kan eintlik net tot hulle reg kom as die prediking in die voile sin van die woord *evangelieprediking* is wat op elke punt rekening hou met die skopus van die Skrif.

Miskien is dit goed om met 'n eenvoudige voorbeeld af te sluit. 'n Mens hoor dikwels preek oor Joh. 2:1-12, die geskiedenis van die eerste wonder van Christus, nl. die verandering van water in wyn op die bruilof te Kana. Die eksemplariese prediker soek dadelik na die voorbeeldige karakter van dié geskiedenis. Hy gebruik die teks by 'n huweliksbevestiging of by 'n ander geleentheid en vermaan die aanwesiges om ook Jesus uit te nooi na hulle huwelik of vakansie of watter geleentheid dit ook al is (vs. 2). Miskien preek hy oor die ongeduld van Maria of oor haar woord aan die dienaars om alles te doen wat Jesus vir hulle sê. Hy bly dus steek in moralisme, sonder om by benadering sy teks uit te diep. Oor hierdie gedeelte kan alleen reg gepreek word, as die prediker begin by vs. 11 waarin die skopus van die gedeelte tot uitdrukking kom, nl. dat Christus hierdie eerste teken gedoen het, sy heerlikheid geopenbaar het en dat sy dissipels in Horn geglo het. Alle ander besonderhede binne die perikoop kry eers hulle ware sin en betekenis in die lig wat hiervandaan uitstraal. As die prediker by hierdie teks begin, kan hy die hele evangelie van die koninkryk ter sprake bring. Die oproep wat uiteindelik tot die gemeente sal uitgaan, sal dan egter nie wees om te maak soos die huwelikspaartjie of selfs soos Maria of die dienaars nie, maar om te maak soos die dissipels, wat gesien en geglo het in die lig van die openbaring van die heerlikheid van Christus. Nie die dissipels nie, maar Christus bly dan egter die hooffiguur, of liewer: die *openbaring van God in Christus*bly die hoofsaak waarom dit gaan, terwyl die menslike geloof in sy korrelatiewe *betrokkenheid op* die openbaring van God ter sprake kom.

Hierdie voorbeeld kan vermenigvuldig word. Uit die aard van die saak lê die skopus van 'n teksgedeelte nie altyd so maklik sigbaar bo-op soos in Joh. 2 nie. Die kuns van die vertolking van die Skrif is egter om altyd daarna te soek, selfs in 'n boek soos Ester, waarin die Naam van God nie een maal voorkom nie. Wie oor Ester net maar moralisties kan preek en dus ons net kan bind aan die voorbeelde van die verskillende mense wat daar ter sprake kom, maak nie werklik erns met sy taak as verkondiger van die evangelie nie. Ook die boek Ester staan in 'n heilshistoriese konteks wat opgespoor moet word en in die prediking deurslaggewend moet wees. Ook die boek Ester getuig van die God van Israel wat dwarsdeur die mens se sondigheid, vyandskap en alte-menslikheid heen op pad is na die oprigting van sy koninkryk op aarde. Miskien is dit moeiliker om op die regte wyse oor Ester te preek as op die verkeerde wyse. Dit is egter soveel lonender, omdat dit alleen dán moontlik is om die gemeente te voed met die lewensbrood en nie met die stene van 'n oppervlakkige moralisme nie. En wat van die boek Ester geld, geld eenvoudig van die hele Bybel.

## Van die teks na die preek

Wanneer ons daarvan uitgaan dat prediking die verkondiging van die Woord van God op grond van en saam met 'n spesifieke Skrifteks is, dan spreek dit vanself dat prediking altyd en onder alle omstandighede *teksprediking* moet wees.

Dit beteken natuurlik nie dat daar in elke preek net één *teksvers* behandel moet word nie. Ons kan 'n teks in algemene terme definieer as 'n kortere of langere Skrifgedeelte wat die prediker as inhoud en basis van sy verkondiging neem. Dit sal dikwels só wees dat die prediker in werklikheid 'n hele perikoop as teks sal kies. Dit is deurgaans die veiligste, omdat dit die gevaar van 'n onregmatige isolering van enkele woorde uit die konteks in 'n groot mate by voorbaat afsny. Dit wil egter nie sê dat 'n prediker nie by geleentheid oor één enkele teksvers kan preek nie. Nie alle teksverse in die Skrif is op dieselfde wyse verweef in die woorde wat direk aan hulle voorafgaan, of direk op hulle volg nie. Daar is met name uitsprake in die wysheidsliteratuur of in die vermanende gedeeltes van die briewe of in die woorde van Jesus wat kennelik nie altyd direk voortvloei uit die voorafgaande woorde nie, maar 'n selfstandige en nuwe aspek na vore bring. Dit sal deurgaans so wees dat daardie enkele teks dan gelees moet word in die totale konteks van die hoofstuk, die res van die boek waaruit dit kom, en veral in die lig van die kanon as geheel. Maar onder die voorbehoud is dit dan tog moontlik om meermale oor 'n enkele teksvers te preek. Oor die algemeen sal dit egter so wees dat die teks van die preek uit 'n langere gedeelte bestaan. Dit kan soms nodig wees om meer as een teks met mekaar te kombineer, terwyl daar ook gevalle is waar 'n hele Bybelboek die teks van die prediking kan wees - al sal dit net by hoë uitsondering gebeur.

As ons dus sê dat die prediking deurgaans teksprediking moet wees, bedoel ons dit in hierdie ruimer sin. Dit is selfs baie belangrik dat dit in hierdie ruimer sin verstaan moet word, omdat 'n alte kort teks, wat dikwels net uit 'n gedeelte van 'n vers bestaan, maklik aanleiding kan gee tot wat ons juis pertinent wil afwys met ons keuse vir teksprediking, nl. *tematiese prediking.* Daaronder verstaan ons 'n prediking waarby die predikant 'n tenia of onderwerp kies, wat hy dan uit verskillende gesigspunte behandel, sonder dat daardie gesigspunte noodwendig in die teks wat hy as "uitgangspunt" kies, opgesluit hoef te lê.

Die tematiese prediking leen hom uitstekend daartoe om van die preek 'n "kanselrede" te maak wat in alle opsigte beantwoord aan die oratoriese reëls vir 'n goeie toespraak. Die prediker se vindingrykheid speel 'n groot rol in die versameling van materiaal wat betrekking het op die onderwerp wat hy aan die orde stel, sowel as in die rangskikking en aanbieding daarvan. Sy hele doel is om sy gehoor oor dié onderwerp op sodanige wyse aan te spreek, dat hulle daardeur in die hart gegryp kan word. Die stof wat hy met die oog daarop kan gebruik, haal hy uit alle moontlike oorde. As hy 'n goeie redenaar is, kan die tema deur hom op 'n aangrypende manier behandel word. Die probleem is net dat hierdie soort prediking nie teksprediking is nie, en dus dikwels ook nie Skrifverkondiging nie. 'n Enkele woord of begrip word uit die teks geneem en, los van die verkondigingsbedoeling van die teks self, deur die prediker gebruik as wegspringplek vir sy eie gedagtes. Wat die prediker sê, hoef nie noodwendig onbybels te wees nie. In die meeste gevalle sal hy niks sê wat nie in ooreenstemming is met die Christelike tradisie of met sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie. Dit kan dus ook vir die gemeente 'n mate van opbou inhou. Egte

prediking is dit egter nie, omdat die Skrifwoord self nie daarin aan bod kom nie. Die lewende, verrassende spreke van die teks word nie gesoek of ontdek nie. Die prediker is nie werklik 'n getuie van die Woord wat in die teks gegee is nie, maar 'n orator oor 'n Christelike onderwerp. Die gemeente is dan ook nie werklik 'n gemeente rondom die Woord nie, maar 'n Christelike gehoor wat luister na 'n goeie spreker.

Tematiese prediking is daarom *teologies* verkeerd. Die "temas" wat gewoonlik in die tematiese prediking aan die orde gestel word, sal uiteraard ook in die teksprediking behandel word. Die verskil is egter net dat hulle dan altyd ter sprake kom binne 'n bepaalde konteks en binne 'n bepaalde verkondigingsinhoud. Dit bring mee dat hulle op 'n wyse ter sprake kom wat nie afhang van die prediker se vindingrykheid of algemene kennis nie, maar van die Skrifteks self. Die prediker behoort in sy prediking die beweging van die teks mee te maak en binne die skopus van sy teks te bly. Hy preek dus nie in die algemeen oor "die liefde" of oor "heiligmaking" nie, maar oor die liefde en die heiligmaking soos dit in die betrokke konkrete teks (of tekste) ter sprake kom en tot nuwe verkondiging in die aktuele situasie van die gemeente dring. Tematiese prediking is altyd geneig tot tydloosheid, wat die doodsteek is van enige betekenisvolle prediking. Dit is alleen 'n konsensieuse teksprediking wat werklik daarin kan slaag om die Woord van God in die aktuele situasie opnuut uit te spreek.

Dit kan egter alleen gebeur, as die teks werklik uitgediep word. In die tematiese prediking is die belangstelling vir die teks gering. Dit is beperk tot die feit dat die teks 'n bepaalde woord of begrip bevat waarvan die prediker gebruik kan maak. Daar sou egter ook ander tekste wees wat gebruik sou kon word vir dieselfde preek, omdat hulle ook dieselfde woord bevat. Die teks waaruit die begrip geneem word, word dus nie diepgaande uitgelê nie, maar dien as 'n blote opskrif bokant die preek. Dit verskaf hoogstens 'n soort motto aan die preek. Daarenteen is dit juis wesenlik vir die teksprediking dat dit in die teks self moet indring, dit van alle kante moet bekyk en ontleed, ten einde op die spoor van die spesifieke boodskap daarvan te kom. Daarom is die teks vir die ware prediking ook van die allergrootste belang, ja van deurslaggewende betekenis.

Die keuse van 'n teks vir die prediking is by die teksprediking dus ook geen willekeurige saak nie. By die tematiese prediking is dit moontlik om op die laaste moment nog weer 'n ander teks te kies, omdat die preek nie van die teks afhanklik is nie. By die teksprediking word die hele preek vanuit die teks gebore. Die beslissing oor die prediking val dus al reeds in 'n groot mate by die tekskeuse. Dit sal dikwels só wees dat as die prediker helderheid het oor sy tekskeuse, hy al 'n hele aantal beslissings geneem het wat die inhoud van die prediking self betref. Immers, daar moet tog 'n bepaalde rede bestaan vir sy keuse van sy teks. Daardie rede vorm in 'n sekere sin die spil waarom alles in die voorbereiding en uitwerking van die preek verder sal draai.

Waarom kies die prediker 'n bepaalde teks vir sy verkondiging? Op hierdie vraag kan daar uiteindelik net één antwoord wees: omdat daardie teks hom op een of ander wyse aangespreek het en die weg vir hom open om 'n boodskap aan die gemeente oor te dra. Die wyse waarop dit tot sodanige ontmoeting tussen die prediker en die teks gekom het, is nie so belangrik nie. Dikwels gebeur dit dat 'n predikant in sy persoonlike Skrifstudie deur 'n teks aangespreek word en by wyse van spreke deur die teks uitgenooi word om oor te gaan tot

verkondiging op grond van en in gemeenskap met daardie teks. Soms gebeur dit dat hy tydens die lees van 'n teologiese boek 'n verdieping van insig in 'n bepaalde Skrifgedeelte ontvang en dat hy daardeur op sodanige wyse aangespreek word, dat hy besluit om daaroor te preek. Meermale skiet 'n bepaalde teks die predikant te binne wanneer hy in een of ander pastorale situasie betrokke is, en dit laat hom nie weer los nie, sodat hy besluit om daaroor te preek. Dit is ook moontlik dat 'n predikant besluit om die gebruik te volg wat al sedert die dae van Calvyn besonder geliefd is in gereformeerde kringe, nl. om 'n bepaalde Bybelboek eenvoudig van voor tot agter deur te preek (die sg. lectio continua). In dié geval, net soos in die geval van die kategismusprediking (waaroor ons later handel), gaan die besluit om 'n bepaalde Skrifgedeelte as teks te neem, dus vooraf aan 'n ervaring van deur die teks aangespreek te word. Nogtans is dit selfs dán so dat die predikant nie in staat sal wees om oor daardie gedeelte te preek, as hy nie in een of ander stadium spesifiek aangespreek word deur wat daar in die betrokke gedeelte staan nie. Ons algemene uitspraak kan dus bly staan, dat 'n mens alleen 'n teks vir die preek kan kies, as dit jou aangespreek het. Ook in die geval van die lectio continua moet die predikant met die betrokke voorafbepaalde gedeelte bly omgaan, totdat dit hom op sodanige wyse aanspreek, dat hy dit as teks van sy preek kan "aanvaar" - en in die sin kan "kies" - omdat dit hom aangeraak het en die deur tot die verkondiging daarvan vir hom oopgegaan het.

Teen die tyd dat die predikant 'n bepaalde teks gekies het, het daar dus al 'n sekere ontmoeting tussen hom en die teks plaasgevind. Hierdie ontmoeting is vir die prediking van die allergrootste belang. Eintlik word die preek daaruit gebore. Die voorbereiding van die preek bestaan daarin dat op hierdie ontmoeting ingegaan word, dat dit verdiep word, sodat die predikant werklik gaan *verstaan* wat die teks wil sê en tot helderheid kom oor hoe daardie boodskap van die teks in die huidige situasie waarin hy preek, verkondig moet word.

Die ontmoeting met die teks kan alleen verdiep word, as die predikant begin deur deeglike *eksegese* van die teks te doen. Soms sal hy na deeglike eksegese tot die ontdekking kom dat wat hom aanvanklik in die teks aangespreek het, maar net 'n gedeelte van die boodskap van die teks was, en dat die teks in werklikheid veel ryker is as wat hy gedink het. Soms mag dit gebeur dat hy tot die ontdekking kom dat hy die teks aanvanklik verkeerd verstaan het, sodat wat hom in die teks aangespreek het, eintlik nie in die teks staan nie. Dit kan veral gebeur wanneer 'n teks gekies word op grond van die woordklank, of op grond van 'n onjuiste indruk wat ons van die betekenis van die teks gehad het. Dit kan natuurlik voorkom. Nie alle beweginge van ons gemoed is noodwendig suiwer nie. Ons kan nie sê dat wat ons by die eerste ontmoeting met 'n teks aanspreek, noodwendig die juiste sin van die teks is of die werking van die Gees deur daardie teks nie. Die beweging van ons gemoed moet eenvoudig gekontroleer word deur die teks self. Daarom is dit so noodsaaklik om nooit op grond van 'n oppervlakkige indruk oor 'n teks te preek nie. Deur die eksegese word ons aanvanklike ontmoeting met die teks gekontroleer. 'n Vollediger ontmoeting met die teks kan soms beteken dat die preek heeltemal anders kan uitval as wat ons aanvanklik gedink het. Dit kan soms voorkom dat ons heeltemal van 'n bepaalde teks moet afstap, omdat dit blyk dat ons dit totaal verkeerd verstaan het. In die meeste gevalle sal dit egter nie so wees nie, omdat 'n teoloog wat hom voortdurend met die Bybel besig hou, nie maklik 'n totale misslag met 'n

teks sal maak nie. Die normale gang van sake is dus dat die eksegese ons aanvanklike indruk van die teks sal verdiep en verbreed, sodat ons ontmoeting met die teks sal verinnig.

Die eksegese het tot taak om aan ons helderheid te gee oor twee dinge: oor die skopus van die teks én oor die boodskap of kerugma daarvan. Dié twee dinge hang ten nouste met mekaar saam, maar moet tog onderskei word. Die skopus van die teks is die blikpunt daarvan, die doel wat daarmee bereik wil word. Die kerugma is die inhoud van die teks, die boodskap wat dit verkondig om die gewenste doel te bereik. Dit is nie moontlik om hierdie twee dinge onafhanklik van mekaar vas te stel nie, omdat 'n mens vanuit die skopus van die teks die inhoud daarvan eers goed kan begryp, terwyl die inhoud ons ook weer leer wat die skopus van die teks is. Vir sy eie helderheid moet die predikant egter probeer om die skopus en die kerugma van die teks te onderskei en te omlyn, sodat hy die verkondiging wat in die teks plaasvind, in sy eie situasie kan herhaal.

Dit is moontlik om te praat van die skopus van die Skrif as geheel, netsoos dit ook moontlik is om die inhoud van die Skrif as eenheid saam te vat onder die begrip "evangelie". Tog is dit waar dat elke Bybelboek weer sy eie skopus het binne die omvattende skopus van die hele Skrif, netsoos elke Bybelboek ook sy eie inhoud het binne die totaliteit van die Skrifinhoud. In 'n groot mate geld dit nou ook van elke teks dat dit weer binne die geheel van 'n bepaalde boek én binne die geheel van die Skrif 'n eie skopus en kerugma het. Die eksegese moet ons help om dit te ontdek en te omlyn, anders sal ons nooit tot 'n Skrifgetroue prediking kan kom nie. Om oor 'n teks te kan preek, moet die prediker presies weet wát 'n teks sê en waarom die teks dit in dié spesifieke situasie sê. Hy moet in staat wees om die hoofmomente binne die teks te onderskei en te verstaan hoe hulle diensbaar is aan die boodskap wat die teks wil bring. Die eksegese het sy taak eers voltooi, as die teks verstaan word in die één boodskap wat dit wil bring, sowel as in die wyse waarop daardie boodskap gebring word.

Hoewel die eksegese die eerste en beslissende akte van verdieping van die ontmoeting met die teks vorm, kan die prediker egter nie daarmee volstaan nie. Om tot die prediking te kan kom, moet die eksegese aangevul word deur die *meditasie* oor die teks. Onder die term "meditasie" verstaan ons hier nie 'n irrasionele of intuïtiewe vorm van denke wat deur inkeer tot die eie innerlike of deur 'n vorm van nie-rasionele aanskouing probeer om tot 'n dieper laag van bewussyn en kennis van die waarheid te kom nie. Ons verstaan daaronder eenvoudig dat die predikant homself biddend oopstel vir die teks, sodat daar tussen hom en die teks 'n veel dieper ontmoeting kan plaasvind as wat in die blote eksegese moontlik is. Terwyl die predikant die teksinhoud wat hy in die eksegese gevind het, as geheel en in sy afsonderlike dele op hom laat inwerk, dring die voile implikasies daarvan steeds dieper tot hom deur. Hy ontdek die betekenis van die teks vir homself, maar ook vir die gemeente. Ons sou die meditasie kon beskryf as 'n ontmoeting wat daar in die bewussyn van die predikant plaasvind tussen die boodskap van die teks en die konkrete lewe. Daarom is die meditasie van soveel belang vir die prediking. Daarsonder bly die eksegese in 'n groot mate abstrak en lewensvreemd.

In die meditasie vind daar 'n ontmoeting van die totale mens met die totale boodskap van die teks plaas. Daarom is die meditasie eintlik beslissend vir die vraag of dit 'n goeie of 'n swak preek gaan word. Dit kan slegs 'n goeie preek word, as die prediker gehoorsaam is aan die

aandrang van die teks en hom blootstel aan 'n radikale deurdringing van sy bewussyn en gemoed deur die teks. In sy ontmoeting met die teks is die predikant natuurlik geen onbeskrewe blad nie. Sy hele agtergrond en verlede, sy konfessionele oortuigings, sy kerklike vorming, sy teologiese insig, sy geestelike diepte, sy aard en karakter speel 'n rol in sy ontmoeting met die teks. Daar kan baie dinge wees wat hy as bagasie met hom meebring, wat dienstig kan wees aan 'n dieper aanvoeling en besef van wat die betekenis van die teks vir die lewe is. Daar kan egter ook baie faktore wees wat hom daarin hinder en selfs die weg vir hom kan versper om tot 'n dieper verstaan van die teks te kom. Daarom is dit so noodsaaklik dat die predikant in sy voorbereiding van die preek voortdurend biddend moet opsien tot die Heilige Gees, wat alleen in staat is om téén alle hindernisse in 'n egte en betekenisvolle ontmoeting met die teks aan ons te skenk.

In die meditasie vind die "omslag" plaas tussen die historiese teks en die aktuele hede. Die hart en persoonlikheid van die predikant vorm die kanaal waardeur die teks oorgebring word na die gemeente van vandag. Daarom is dit so belangrik wie die predikant is, watter kwaliteite hy besit, hoe diep sy gehoorsaamheid aan God is, hoe breed sy kennis van die mens en die wêreld is en of hy werklik in staat is om die evangelie op sodanige wyse te vertolk in die terme van die leefwêreld van die gemeente, dat hy die boodskap daarvan aan hulle kan deurgee.

Die voorbereiding vir die preek is in werklikheid baie meer omvattend as die aantal ure wat die predikant aan die uitwerking van 'n bepaalde preek bestee. In 'n sekere sin is sy hele lewensloop, maar veral sy hele teologiese opleiding en ondervinding in die gemeente 'n voorbereiding vir die prediking. Juis in die meditasie word dit duidelik hoe belangrik dit is dat die predikant in die voile sin van die woord 'n teoloog moet wees, wat tog niks anders kan beteken nie, as dat hy in die wêreld oor God dink en oor God praat. 'n Teoloog worstel met die Bybel, maar hy kan en mag dit nooit geïsoleerd doen nie. Hy worstel met die Bybel in die aangesig van die wêreldwerklikheid. Hy worstel met die evangelie in die aangesig van die verlorenheid, die vlees, die ellende en die lyding van die menslike lewe. In die aangesig van die werklikhede van lewe en dood, ewige verlorenheid en ewige bevryding word sy teologiese interesse verdiep tot 'n eksistensiële saak, tot 'n wandel in die geloof en 'n worsteling met die geloof. Die beste voorbereiding vir die prediking is geleë in die predikant se eie voortdurende stryd om die evangelie vir sy eie lewe te verstaan en om in die lig daarvan te wandel.

Sonder hierdie laaste, eksistensiële erns is die predikant gedoem tot oppervlakkigheid. Hy kan 'n vriendelike en effisiënte organiseerder van gemeentelike bedrywighede word en 'n gesellige kontakman wat alles vaartbelynd laat verloop, maar om werklik 'n woord te spreek wat beslissend is vir lewe en dood, hoop en wanhoop - daartoe is hy nie in staat nie. A1 sal so 'n predikant nougeset sy preke voorberei, uittik en liasseer met nommers en datums kompleet, is dit nog 'n vraag of een enkele van daardie preke werklik geskiedenis kan maak in die sin dat dit iets laat*gebeur* het in die lewens van mense. Die prediking het alleen betekenis as dit nie maar 'n spreekbeurt is wat waargeneem word nie, maar 'n stuk profesie waarin die predikant getuienis aflê van die waarheid van die woorde van die apostels en profete. Hoe kan hy egter hulle woorde verstaan en vir die waarheid daarvan instaan, as hy nie met hulle deel in die laaste erns waarmee hulle voor die aangesig van God gestaan het en dikwels aan God en sy

Woord gely het nie? In die meditasie moet die predikant die Woord van God deur sy hart laat gaan, as hy in staat moet wees om dit ook deur die hart van die gemeente te laat gaan.

Die voorbereiding vir die preek is dus veel meer as die soek na 'n aantal paslike gedagtes wat na aanleiding van die teks uitgespreek kan word. Daarom moet die predikant ook uiters versigtig wees hoe hy gebruik maak van homiletiese hulpmiddels en gedrukte preke. Dit is nie verkeerd om daarvan gebruik te maak nie. Dit is selfs noodsaaklik om preke van andere oor 'n teks te lees, of om gestimuleer te word deur die materiaal wat in postilles en preekstudies bymekaar gebring is. Dit is egter verkeerd om net eenvoudig 'n preek van iemand anders oor te neem, of om ons te laat lei deur die sketse wat in homiletiese hulpmiddels aangebied word, 'n Predikant moet altyd krities teenoor sulke preke of sketse staan. Hy kan met dankbaarheid die nuwe insigte wat sulke hulpmiddels in die teks bied, in sy eie preek verwerk, maar hy moet krities genoeg wees om ook te sien wat daarin swak of selfs verkeerd is en dit te vermy. Sy doel moet deurgaans wees om beter, bybelser te preek as die man wie se preek hy lees, en om in elk geval op 'n oorspronklike wyse met sy teks om te gaan en nie een of ander voorbeeld slaafs na te volg nie.

Daar is veral twee faktore wat 'n groot rol speel in die meditasie. Die eerste is die dogmatiese kennis van die predikant, en die tweede is sy lewenskennis. Sonder 'n goeie kennis van die dogmatiek mis die predikant dikwels die vermoë om duidelik te maak hoe die boodskap wat hy vandag verkondig, in verband staan en vervleg is met die res van die boodskap van die Skrif. Natuurlik moet die predikant nie met dogmatiek op die preekstoel kom nie, maar in sy mediterende omgang met die teks moet sy kennis van die dogmatiek hom help om tot die regte teologiese gehalte in die prediking te kom. Dit beteken dat die waarheidsvraag waarmee die dogmatiek hom besig hou, nooit uit sy gedagtes mag verdwyn nie. A1 mag hy nie met dogmatiek op die preekstoel kom nie, moet die predikant tog met die suiwere leer daar kom, d.w.s. met die leer wat in ooreenstemming is met die boodskap van die Skrif as geheel. Geen predikant behoort op te hou om dogmatiek te studeer nie. Daar steek 'n groot element van waarheid in die bekende uitspraak van Karl Barth dat goeie dogmatiek noodsaaklik is vir goeie prediking.

Tog kan die predikant ook nie 'n goeie preek maak, as hy geen lewenskennis het nie. Daarom is dit so noodsaaklik dat 'n predikant nie nét teologie moet lees nie. Hy moet alles lees wat aan hom 'n insig kan gee in die denke van die mense, in hulle soort benadering van die lewe, in hulle oppervlakkigheid en hulle erns. Nie net die koerant nie, maar ook die wêreldliteratuur, en in die besonder die jongste Afrikaanse literatuur kan die predikant help om die mense te leer ken vir wie hy moet preek. 'n Predikant behoort soveel as moontlik kennis te neem van wat op die gebied van die wysbegeerte aan die gang is, maar óók van wat in die poësie en die drama en die skilderkuns openbaar word van die gees van ons tyd. Dit is veral belangrik om kennis te neem van die kuns en die literatuur, omdat daar verbeelding voor nodig is om die kuns en die literatuur te verstaan. Die predikant is self voortdurend met skeppende werk besig. Geen mens kan skeppende werk verrig sonder verbeelding nie. By die kunstenaar en die wysgeer is daar meestal 'n oorvloed van kreatiewe verbeeldingskrag aanwesig. Alleen al om daardie rede behoort die predikant hom aan hulle invloed bloot te stel, omdat dit daartoe kan dien om ook sy verbeeldingskrag te stimuleer. Dit kan hom help om minder

verbeeldingloos te preek. Dit is egter nie al nie. Die kennis van die wêreld en die mens wat hy daardeur opdoen, die soeke van sy tyd wat daarin neerslag vind, kan hom help om in sy mediterende omgang met die teks weë vir die verkondiging te vind wat op die hart van sy tyd afpyl.

Gaandeweg gedurende die meditasie sal die predikant bepaalde vaste momente in die teks ontdek waaromheen sy boodskap opgebou sal moet word. Dit kan soms besonder behulpsaam wees om die hoofmomente in die teks te ontdek deur die vernaamste woorde te onderstreep en helderheid te kry oor die verband tussen hulle. Om tot 'n preek te kan kom, moet die predikant egter met die teks en sy verskillende momente bly omgaan totdat die éénheid van die hoofgedagte waarom dit in die teks gaan, meteens vir hom helder word en daar terselfdertyd vir hom lig opgaan oor die betekenis van daardie boodskap van die teks vir die gemeente van vandag. Dit is 'n moment van vreugde wanneer 'n teks skielik oopbreek en 'n mens dit "sien". Op daardie moment is die preek in beginsel klaar gebore. Die predikant het die ervaring dat "die Woord van die Here tot hom gekom het". Dikwels sal sy hart oorstelp word van blydskap as die teks só voor hom oopgaan. Natuurlik is die preek dan nog nie klaar nie. Daar sal nog veel arbeid aan verrig moet word, maar die één noodsaaklike ding om van die teks af na die preek te kan kom, het dan tog gebeur.

As dit eenmaal sover is, kan die predikant daartoe oorgaan om aandag te gee aan die formele struktuur van die preek, dit wil sê: hy moet vir homself helderheid kry oor wát sy preek presies sal omvat en hoé hy dit gaan inrig om sy boodskap op die regte wyse te kan oorbring. Die eerste wat hy daarby moet doen, is om die sentrale boodskap van die teks - wat ook die sentrale tema van sy preek moet word - in 'n enkele sin te formuleer. Dit is onmoontlik om in 'n preek 'n hele aantal dinge te sê. 'n Geslaagde preek sê net één ding. Daardie één ding moet in enkele woorde geformuleer kan word. As die vraag aan 'n predikant gestel word: Wat wil jy eintlik met hierdie preek sê? - dan moet hy in staat wees om in één enkele sin onder woorde te bring wat hy wil sê. Ons sou dit die "tema" van die preek kon noem. Dit is iets anders as die tema van 'n tematiese preek, omdat dit direk uit die teks self afkomstig is en daarom nooit 'n algemene tema kan wees nie. Sonder sodanige tema bly die preek 'n aantal los gedagtes wat die slaankrag mis wat eie is aan 'n preek wat slegs één ding sê.

As ons sê dat die tema van die preek direk uit die teks self afkomstig is, bedoel ons nie daarmee dat die tema net die woorde van die teks of 'n gedeelte daarvan herhaal nie. Die tenia is direk uit die teks afkomstig, omdat dit die kerugma en die skopus van die teks opneem, maar dit moet in sy formulering tog reeds méér bevat as net die woorde van die teks. Dit moet ook reeds die betekenis van daardie boodskap van die teks vir die gemeente van vandag tot uitdrukking bring, soos dit gedurende die meditasie by die predikant opgekom het en duidelik geword het. In die tema moet die omslag van die historiese teks na die hede van die verkondiging reeds aanwesig wees. Die boodskap van die teks vir vandag moet in die tema raakgevat word. In die taal van die eertydse onderskeiding tussen uitleg en toepassing in die preek uitgedruk: die tema moet in homself reeds 'n sintese tussen uitleg en toepassing bevat.

Daarom is dit nie juis as die inhoud van die historiese teks sonder meer as die tema daarvan geformuleer word nie. Dan word die tenia van die preek altyd in die verlede tyd geformuleer. Die tema sien dan meestal so uit: God belowe sy hulp aan Israel in moeilike tye, of: God belowe

aan Paulus sy bewaring in 'n vyandige stad ens. Die waarde van hierdie soort formulering van die tema is dat dit die prediker aan sy teks bind. Om dié rede is dit verkiesliker as die algemene tema van die tematiese preek, wat in dié gevalle miskien net sou gelui het: die hulp van God, of: die troos van God. Tog is ook hierdie soort tema nie goed genoeg nie, omdat die neiging dan altyd bestaan om die preek te laat vasval in 'n uiteensetting van die historiese omstandighede waaronder die tekswoord uitgespreek of geskryf is, terwyl die "toepassing" dan as 'n soort tweede akte of selfs as 'n aanhangsel daarby gevoeg moet word. Dan word daar baie oor Israel en Paulus gepraat, maar die oorgang na die aktuele hede word 'n probleem.

Die uitnemende weg is dat die predikant oor sy teks sal bly mediteer, totdat die boodskap van die teks *vir die hede* vir hom sigbaar word. Die resultaat behoort 'n tema te wees wat die historiese Skrifteks en die huidige situasie in mekaar laat skuif. So sou 'n preek oor Hand. 9 (die bekering van Paulus) waaroor ons tevore reeds gespreek het, bv. as tema kon hê: Niemand is buite bereik van die Heilige Gees nie. Dit is duidelik hoe die prediker aan dié tema kom. Sy teks laat immers sien hoe selfs Paulus wat moord en dreiging teen die dissipels geblaas het en 'n geharde Fariseër was ens., nie buite bereik was van die Heilige Gees nie. Wat egter in die teks gegee is, is in die meditasie reeds verwerk tot 'n boodskap wat direk op die situasie van die gemeente van vandag kan slaan. In so 'n geval kan die "tema" van die preek die eerste sin daarvan wees, vergelykbaar met die banieropskrif van 'n koerant, wat in enkele woorde reeds die hele boodskap weergee. Die hele res van die preek dien dan net om dit uit te werk en te illustreer. Natuurlik hoef dit nie altyd die eerste sin te wees nie. Dit kan ook gebêre word vir die klimaks van die preek. Hoofsaak is egter dat 'n preek net één ding moet sê, en dat daardie één ding die tema van die preek moet wees wat by die gemeente sal agterbly as hulle die erediens verlaat.

Wanneer die prediker sy tema gevind het, moet hy helderheid kry oor hoe hy dit verder wil uitwerk en watter kante daarvan hy wil belig. Dit moet hy alles uit die teks haal. Die verskillende momente van die teks vorm ook die verskillende gesigspunte wat onder die tema gerangskik moet word, ten einde die tema van verskillende kante te belig. Die "punte" van die preek hoef werklik nie altyd aangekondig te word nie, netsoos dit ook nie gerade is om die tema van die preek formeel aan te kondig nie. Dit is te styf en oud-modies. Maar al word hulle nie aangekondig nie, moet hulle tog daar wees, 'n Preek sonder punte kan net onder één omstandigheid 'n sukses wees, en dit is as die geheel so duidelik 'n eenheid van gedagtegang besit, dat die voortgang vanself duidelik is. In die reël dien die "punte" egter om die oorgange te markeer na 'n nuwe gesigspunt by die uitwerking van die waarheid wat in die tema uitgespreek word.

Die resultaat van die meditasie moet dus wees dat die predikant 'n sketsplan van sy preek kan maak. In die sketsplan moet die tema duidelik aangegee word, sowel as die voortgang van die preek. Die prediker moet vir homself helderheid kry oor wat hy wil bereik en hoe hy dit wil bereik. Eers as hy 'n behoorlike sketsplan van die preek het, kan hy begin om die fyner besonderhede in te vul, totdat hy 'n helder beeld voor die gees het van wat hy wil sê en hoe hy dit gaan sê. Eers dan hét hy werklik 'n preek waaraan hy verder kan werk en waarmee hy Sondag op die kansel kan klim.

Oor die vraag hoe hy hiervandaan verder te werk moet gaan, sal ons in 'n volgende hoofstuk moet handel.

## Prediking as kommunikasie

Prediking is die bediening van die Woord van God aan 'n spesifieke vergaderde gemeente. Die woord*bediening* moet daarby onderstreep word. Wat die Sondagse preek onderskei van ander vorme van omgang met Gods Woord, is dat dit 'n lewende "bediening" van die Woord is.

Daarom dra die prediking 'n unieke gebeurtenis-karakter. Dit is iets anders as 'n lesing oor die Bybel of selfs as 'n stuk Bybelstudie wat gesamentlik gedoen word. Dit is 'n eenmalige gebeurtenis waarby 'n geroepene van Christus, toegerus met die gesag van die apostels en die profete, met 'n Woord van God na die gemeente toe gaan om dit in Naam van Christus in die midde van die versamelde gemeente te proklameer.

Die prediker is 'n mens van vlees en bloed met bepaalde gawes en eienaardighede, bepaalde beperkthede en moontlikhede. Hy staan egter daar voor die gemeente nie in sy eie hoedanigheid en met die doel om op eie krag die gemeente te beleer nie. Hy staan daar as gesant van Christus deur wie God self die gemeente vermaan (2 Kor. 5:20). Nogtans beteken dit nie dat sy menslike eienaardighede, beperkthede en moontlikhede uitgeskakel word wanneer hy besig is om die Woord te verkondig nie. Hy word as mens, netsoos hy is, geroep om op sy eie spesifieke manier die viva vox evangelie (die lewende stem van die evangelie) aan die gemeente deur te gee. Hy "bedien" die Woord deurdat hy in vryheid, maar terselfdertyd onder diepe verantwoordelikheid teenoor die Woord wat hy verkondig, dit op hom neem om Gods Woord in sy eie woorde uit te spreek en dit vir die gemeente te vertolk in terme van hulle eie taal en situasie. Hy staan in vir die waarheid van die Woord wat hy verkondig. Hy word 'n getuie daarvan wat met die inset van sy hele persoon die sáák van die Here in die gemeente kom bepleit. Hy beoefen 'n daad van profesie.

Hy doen dit egter nie in die wilde weg nie. Hy rig homself tot die konkrete versamelde gemeente. Sy prediking is 'n woord wat bedoel is vir bepaalde aanwesige mense. Die preek is daarom 'n kommunikasiegebeurtenis. Dit beteken dat daar 'n lewende element in die prediking ingebou is: die element van die kontak en omgang tussen mense. Die preek is wel die proklamasie van die waarheid van Gods Woord wat van buite die mens kom, maar dit word tot konkrete mense gerig en kan hulle alleen bereik langs die weg van die normale menslike kommunikasie. Dit beteken dat alles wat in verband staan met die reëls vir 'n gesonde en geslaagde kommunikasie, vanselfsprekend op die prediking van toepassing is. Die prediking kan alleen sy doel bereik, as daar werklik kommunikasie tussen die prediker en die gemeente tot stand kom, waarby hy sy boodskap aan hulle kan oordra en hulle dit kan ontvang.

Dit is juis op hierdie punt waar daar in ons tyd soveel kritiek teen die Sondagse preek ingebring word. Die vraag word in alle erns gestel of die prediking soos dit onder ons gebruiklik is, ooit werklik tot effektiewe kommunikasie kan lei.

Om hierdie kritiek goed te begryp, is dit nodig dat ons daarop sal let dat elke kommunikasie-gebeurtenis tussen mense plaasvind volgens die eenvoudige patroon dat daar 'n spreker is (in die tegniese taal ook 'n "uitsender" genoem) wat sy boodskap rig aan 'n hoorder (of "ontvanger"). Goeie kommunikasie is dáár aanwesig, waar die hoorder of ontvanger die boodskap ten voile kan "hoor" en daarop kan antwoord. Kommunikasie is altyd iets wat van

twee kante kom. Dit geskied in die vorm van woord en weerwoord of ook van gebaar en antwoordende gebaar. Dit het egter te make met allerlei probleme. So kan daar faktore by die spreker of uitsender aanwesig wees wat meebring dat hy geen duidelike boodskap oorsein nie. Dan word die kommunikasie geweldig belemmer. Daar kan egter ook faktore aanwesig wees wat op die pad tussen die spreker en die hoorder soveel geraas maak, dat die hoorder nie mooi kan opvang wat die spreker wil sê nie. In die tegniese spraakgebruik word hier gewoonlik gepraat van die "geruis" wat die helderheid van die ontvangs in die wiele ry. Natuurlik kan die fout ook by die hoorder lê. As hy sy luister-apparaat nie aanskakel nie of dit nie doelbewus op die uitsender instem nie, sal hy net eenvoudig nie die boodskap kan hoor nie.

Juis omdat die kommunikasie deur so baie moontlikhede van mislukking bedreig word, is dit noodsaaklik vir die spreker of sender om voortdurend te weet of die ontvanger hom nog kan hoor. Dit stel hom in staat om steurings en belemmerings in die proses van kommunikasie uit te skakel. Hoe sal hy egter weet of die hoorder sy boodskap goed gehoor het? Dit kan alleen gebeur deurdat daar "terugkoppeling" (feed back) plaasvind. Die ontvanger van die boodskap moet 'n sein gee of 'n weerwoord, waaruit dit duidelik kan word of hy goed gehoor het. Sy reaksie is dus vir die proses van kommunikasie van die allergrootste belang. Die wederkerigheid van die kommunikasie is nie maar 'n ekstra luukse wat ook afwesig kan wees nie. Dit behoort tot die wese van die kommunikasie self. In die meeste gevalle van egte menslike kontak is dit immers só, dat ons mekaar nie met die eerste hoorslag goed begryp nie. Eers in 'n gesprek word misverstande opgeklaar en bedoelings verduidelik.

Wetenskaplike toetse het aan die lig gebring dat die mees geslaagde kommunikasie tussen twee mense plaasvind wat in 'n persoonlike gesprek verkeer. In die intieme en persoonlike atmosfeer kan hulle mekaar se bedoelinge die beste peil, kan hulle deur woord en weerwoord alle moontlike misverstande uit die weg ruim en mekaar ten voile begryp. Dit is geen wonder dat mense mekaar veral in persoonlike gesprekke diepgaande kan beïnvloed nie. Die omstandighede in 'n goeie persoonlike gesprek dwing die gespreksgenote om werklik vir mekaar oop te gaan en van mekaar se gedagtes op sodanige direkte wyse kennis te neem, dat hulle dit innerlik kan verwerk en dus ook dikwels kan aanvaar.

Die tweede beste vorm van kommunikasie is die groepsgesprek. Ons tyd het die groepsgesprek ontdek as 'n dinamiese vorm van kommunikasie waarin op 'n merkwaardige wyse tot nuwe insigte gekom kan word. Wanneer 'n groep mense saam rondom '11 ronde tafel sit, kry hulle nie alleen die geleentheid om hulleself van mekaar se ware bedoelinge te vergewis nie, maar kan ook allerlei vooroordele en misverstande opgelos word. Mense wat vroeër 'n onversetlike houding teenoor mekaar ingeneem het en nie na mekaar se argumente wou luister nie, kan in 'n groepsgesprek tot ander insigte kom en in hulle houding teenoor mekaar heeltemal verander. Wanneer mense mekaar van aangesig tot aangesig sien, wanneer hulle mekaar 'n keer in die hart kan kyk, wanneer hulle mekaar kan konfronteer met hulle wedersydse bedenkinge en vrese, blyk die resultaat dikwels onverwags bevrydend te wees.

In die lig van hierdie gegewens het die vraag by meer as een ontstaan of die prediking ooit werklik 'n geslaagde vorm van kommunikasie kan wees, dit wil sê: die prediking in die vorm waarin ons dit ken. Op die oog af lyk dit immers of die preek 'n monoloog is waarin die

predikant alleen aan die woord is, terwyl die ander aanwesiges slegs moet luister. Die feit dat ons kerklike tradisie wil dat die aanwesiges stil moet sit tydens die preek en op geen manier deur 'n vraag of 'n weerwoord blyke mag gee van hulle begrip of meelewing met die preek nie, is volgens sommige kenners van die proses van kommunikasie voldoende bewys daarvoor dat dit in die prediking gaan om 'n eenrigting-verkeer, waarby daar geen moontlikheid vir direkte terugkoppeling bestaan nie.

Daar is sommige wat in ons tyd selfs sê dat die prediking eintlik glad nie 'n vorm van kommunikasie genoem kan word nie, omdat die wederkerigheid daarin ontbreek. Só gestel, is dit natuurlik 'n oordrywing, omdat dit tog duidelik is dat daar ook sonder wederkerigheid kommunikasie kan plaasvind. Die terugkoppeling is wel noodsaaklik vir die geslaagdheid van die kommunikasie, maar is nie onontbeerlik vir die bestaan daarvan nie. Ons ken trouens in ons samelewing ook die verskynsel van die lesing wat voor 'n stilswygende gehoor gelewer word, sowel as die verskynsel van die sg. massakommunikasie, waarby daar ook nie direkte terugkoppeling is nie. Tog kan niemand ontken dat daar in albei hierdie gevalle van kommunikasie sprake is nie. Dit sou dus meer juis wees om die vraag na die *doeltreffendheid* van die kommunikasie in die prediking te stel, eerder as om te sê dat daar heeltemal geen kommunikasie in die prediking plaasvind nie.

Die probleem waarvoor ons staan, is dat die prediking soos ons dit ken, in bepaalde opsigte ook nog ongunstig vergelyk met ander vorms van eensydige of monologiese kommunikasie wat in ons samelewing voorkom. So is dit duidelik dat daar by baie geleenthede tog vanuit die gehoor gereageer word wanneer daar onder ander omstandighede as in die kerk 'n toespraak voor 'n gehoor gehou word, 'n Mens kan maar dink aan die lewendige manier waarop die aanwesiges tydens 'n politieke toespraak kan reageer. Selfs die dosent probeer vandag doelbewus om die studente wat sy lesings bywoon, uit 'n toestand van passiewe aanwesigheid en 'n blote luister-houding op te wek tot aktiewe deelname, meelewing en responsie. Dit is omtrent net by geleentheid van deftige akademiese lesings by openbare geleenthede en voor uitgesoekte gehore dat daar so roerloos geluister word as tydens die preek. Die verskil tussen die preek en sulke geleenthede is egter weer opvallend. Dergelike lesings word nie dikwels gehou nie. 'n Mens kan dit van tyd tot tyd nog bybring om 'n dergelike lesing deur te sit, veral as dit deur 'n besondere vakman gelewer word wat iets nuuts te vertel het. In die preek gaan dit egter om 'n gereëlde aksie. Ons verwag van mense om twee keer op 'n Sondag na 'n preek te kom luister wat handel oor sake waarmee hul van kindsbeen af vertroud is en waaroor 'n man aan die woord is wat nie altyd die tyd gehad het om iets besonder boeiends voor te berei nie. Die aantal faktore wat daartoe kan meewerk dat hulle onder dié omstandighede tot blote passiewe aanwesiges word wat met weinig meer as 'n halwe oor die gang van sake op 'n afstand volg, is ontstellend groot. Waar betrokkenheid en deelname egter ontbreek, word die kommunikasie-moontlikhede tot 'n minimum beperk.

Dieselfde agterstand vertoon die preek ook ten opsigte van die massa-kommunikasie. Hoewel dit waar is dat die massa-kommunikasie soos dit oor die radio, die televisie en deur die pers plaasvind, ook 'n eenrigting-verkeer is waarby die element van direkte wederkerigheid ontbreek, lê al hierdie media hulle daarop toe om w61 'n terugkoppeling te bewerk waaruit hulle kan vasstel of hulle boodskap na die hoorders, kykers of lesers "oorgekom" het. Veral die

radio en die pers ken die verskynsel van die reaksie van die briefskrywers wat op die programme reageer, sodat dit in Amerika, waar vir sendtyd betaal word, selfs die gebruik is om die geslaagdheid van 'n program te meet in terme van die aantal briewe per dollar. Daarnaas het al die media metodes om voortdurend te peil wat die reaksie van die publiek op hulle programme of nuus-aanbieding is. Hulle sorg dus doelbewus dat daar voortdurende terugkoppeling bestaan.

Buitendien is dit ook duidelik dat die massa-media tog baie meer as die prediking daarop toegespits is om aan te sluit by die hedendaagse kommunikasie-struktuur. Eintlik sou 'n mens moet sê dat dit juis hierdie media is wat daaraan meegewerk het om die moderne kommunikasie-struktuur te maak wat dit is.

Dit is bekend dat die uitvinding van boekdrukkuns die intuïtiewe en lukraak manier waarop die mens vroeër sy kennis in kontak en gesprekke met ander opgedoen het, vervang het met die logiese, geordende en rasionele manier van kennis-oordrag wat tiperend is van die geskrewe woord. Kommunikasie was tot in die Middeleeue iets van die gemeenskap, iets van die gesprek in die huis of by die werk. Uit stukkies en brokkies informasie het die mens self deur 'n proses van seleksie sy kennis opgebou en so deel gekry aan die wysheid van die omgewing waartoe hy behoort het. Slegs enkeles het die voorreg gehad om hulle met die geskrewe woord besig te hou.

Met die boekdrukkuns het daar egter 'n nuwe era in die menslike geskiedenis aangebreek. Voortaan sou dit vir elke mens wat kan lees, moontlik wees om sy kennis in die eensaamheid op te doen, nie in 'n lewende gesprek met ander nie, maar uit 'n boek wat aan hom op 'n streng logiese manier en liniêr-agtermekaar gerangskik 'n magdom van informasie sou deurgee. Sy selfwerksaamheid by die opdoen van kennis word daarmee tot 'n minimum beperk. Hy hoef nie meer die stof te selekteer en te verwerk nie. Dit word vir hom in 'n verwerkte vorm aangebied en hy hoef eintlik maar net één sintuig van hom te gebruik - sy gesig - om in te neem wat aan hom voorgelê word. Dit is daarby ook duidelik dat hierdie soort kommunikasie die mens hoofsaaklik in sy redelike vermoëns aanspreek. Dit word dus 'n saak van die verstand eerder as van die totale mens, soos dit vroeër in die nie-literêre kommunikasie was. Marshall McLuhan het aan hierdie soort kommunikasie die naam "warm kommunikasie" gegee, terwyl hy die vroeëre, nie-literêre kommunikasie "koel kommunikasie" noem.

Dat die literêre kommunikasie 'n groot rol gespeel het in die Westerse kultuur, is duidelik. Dit het meegewerk aan die vinnige verbreiding van kennis en wetenskap en die tempo van die geskiedenis op 'n ongekende manier versnel. Dit sou in die eeue wat op die ontdekking van die boekdrukkuns gevolg het, 'n magtige faktor vorm in die totstandkoming van ons tipiese Westerse grootstadskultuur met sy gebrek aan gemeenskap. Die swakheid van die literêre kommunikasie is egter dat dit so serebraal en verstandelik is. Daardeur word dit vir 'n groot deel van die mensdom op die lang duur van geringe betekenis. Dit het 'n beperkte graad van doeltreffendheid by die soort mens wat nie die gawe het om te konsentreer en deur middel van slegs één sintuig 'n groot hoeveelheid kennis-materiaal in sy bewussyn op te neem nie. Daarom kon dit ook nie anders nie, of die streng liniêre en literêre vorm van kommunikasie moes in ons samelewing altyd aangevul word deur ander vorms van kommunikasie wat meer

moontlikhede het om die totale mens aan te spreek. In[1] ons tyd sien ons dit nou selfs gebeur dat die massa-kommunikasiemiddels die liniêre vorm van kommunikasie steeds meer in ons samelewing verdring en vervang.

Die moderne koerant, maar veral die radio en die televisie is ingestel op 'n vorm van kommunikasie wat die literêre en liniêre kommunikasie in 'n groot mate verouderd maak. Die moderne koerant met sy groot opskrifte en vetgedrukte subtitels en eerste paragrawe, met sy bypassende foto's en sy spotprente verskaf aan die haastige moderne mens wat nie die tyd of lus het om ingewikkelde dinge te lees nie, met één oog-opslag die informasie wat hy nodig het. Daar word 'n beroep gedoen op verskillende van sy sintuie tegelyk. Die radio doen dit weer op sy eie wyse deur gebruik te maak van 'n groot mate van afwisseling in die stof wat aangebied word, deur 'n persoonlike en intieme toon aan te slaan en die mens ongemerk en byna speels te voorsien van die boodskap wat hy aan hom wil oordra. Die televisie is in hierdie opsig die verste gevorder van alle kommunikasie-media. Dit beskik oor geweldige moontlikhede om die mens te betrek by wat hy sien en hoor. Al is dit dus waar dat die massamedia nie die direkte wederkerigheid ken wat gewoonlik as noodsaaklik vir elke vorm van geslaagde kommunikasie voorgehou word nie, pas hulle hulself nie alleen by die eise van die kommunikasie aan nie, maar help hulle ook om 'n vorm van kommunikasie te skep wat aan hulle 'n geweldige geslaagde ingang by die breë lae van die bevolking verskaf.

As ons nou terugkeer na 'n vergelyking tussen die preek en die massa-media, dan merk ons al dadelik die verskil. Daar is al meermale op gewys dat die Reformasie 'n groot mate van sy invloed te danke gehad het aan die boekdrukkuns. Die Bybel en die geskrifte van die reformatore kon binne afsienbare tyd oor 'n wye gebied versprei word. Daarby word die vraag nou egter ook gestel of die Reformasie nie self 'n hoë tol aan die boekdrukkuns betaal het, deurdat hy in sy wyse van kommunikasie baie sterk deur die liniêre en die literêre vorm van kommunikasie beïnvloed is nie. Die taal en styl van die geskrewe boek het in meer as een opsig die taal en styl van die reformatoriese erediens geword. Vandaar dat nie alleen die liturgiese formuliere van die reformatoriese kerke dikwels die karakter dra van lang, leerstellige dokumente wat die mense in eerste instansie in hulle rede aanspreek om hulle te "beleer" nie, maar dat ook die prediking maklik kon verword tot 'n leerrede".

Of dit heeltemal korrek is om sodanige verband tussen die Reformasie en die boekdrukkuns te lê, bly 'n ernstige vraag. Die geskiedenis leer ons egter dat die latere ontwikkeling van die prediking in die reformatoriese kerke wél in die rigting van die ellelange leerrede was. Vanaf die sewentiende eeu en dwarsdeur die agtiende en negentiende eeu loop die draad van die prediking as leerrede, met al die eienskappe wat aan die liniêre en literêre vorm van kommunikasie eie is. Die gemeente word net deur die één kanaal van die oor aangespreek, en dan nog op 'n wyse wat daarop bereken is om hom te laat konsentreer op woorde en sinne wat netso uit 'n geskrewe dokument kon weggeloop het. 'n Mens kan wel vra of die kerk al die swakheid en beperktheid van hierdie soort kommunikasie ten voile besef. In ons tyd word van verskillende kante gesê dat die kerk in sy prediking nog nie die oorgang gemaak het wat deur die massamedia eenvoudig noodsaaklik gemaak word nie, nl. om gebruik te maak van 'n nuwe "koel" soort kommunikasie in plaas van die eensydig-serebrale kommunikasie van die literêre tipe. Iemand soos H. D. Bastian het selfs opgemerk dat die kommunikatiewe betekenis

van die preek in ons tyd van massa-kommunikasie vergelyk kan word met die betekenis wat 'n olielampie uit vroeër tye in die moderne wêreld met sy hoogsontwikkelde beligtingstegniek sou kon hê. Dit is 'n baie kras beeld, maar dit is bedoel om ons te laat aanvoel hoe min moontlikhede kommunikasie-deskundiges vandag nog vir die tradisionele monologiese preek as kommunikasie-middel sien.

Nou spreek dit vanself dat ons nie hoef om te val oor alles wat "deskundiges" aan ons vertel nie. Tog sal ons aan hierdie aspek van die saak aandag moet gee, omdat dit nie net in ander lande nie, maar ook in ons eie land steeds duideliker word dat daar 'n groot mate van onvergenoegdheid met die tradisionele prediking bestaan. Bowendien moet ons eerlik die vraag onder oë sien of die preek 'n effektiewe rol speel in die beïnvloeding van mense. Op grond van wetenskaplike vraaggesprekke wat met duisende kerkgangers op verskillende plekke in die wêreld gevoer is, is herhaaldelik reeds vasgestel dat die effek van die prediking in die lewens van die lidmate van die kerk in werklikheid baie gering is. Baie lidmate wat getrou na die kerk gaan, kan eintlik nie onthou wat in die prediking gesê word nie. Selfs betreklik kort na die preek weet die meeste mense nie meer oor watter teks die preek gehandel het of wat die predikant probeer sê het nie. Dit is nie slegs die geval met mense wat geen belang by die preek gehad het nie. Selfs diegene wat dit geniet het om in die kerk te wees, kan nie meer die betekenis daarvan onder woorde bring as hulle tuis gekom het na die diens nie. Weereens: dit hoef natuurlik nie te beteken dat die preek waardeloos is nie, en ons hoef ons nie deur sulke deskundige resultate heeltemal van stryk te laat bring nie. Dit is die vraag of die betekenis van 'n preek ooit na behore gemeet kan word in enige vraaggesprek, hoe wetenskaplik dit ook ingerig mag wees. Is dit nie juis só, dat ons dikwels nie van 'n goeie preek rekenskap kan gee nie, omdat dit ons op 'n vlak geraak het waarvan ons moeilik rasioneel rekenskap kan gee? Tog sal ons moet saamstem dat dit darem nie die geval is met die oorgrote meerderheid van mense wat niks oor die preek te sê het nie. By hulle is dit eenvoudig 'n geval dat die preek ook niks vir hulle beteken het nie. Die hooggestemde verwagtinge wat die predikant van sy preek koester, blyk in die meeste gevalle heeltemal onrealisties te wees.

Een van die mees verootmoedigende dinge in verband met ons prediking is geleë in die klaarblyklike feit dat die prediking slegs in 'n geringe mate bydra tot die verandering van mense se lewens en opvattinge. Die werklike basis vir mense se lewens word meestal nie deur die prediking gelê nie, maar deur hulle opvoeding en deur ander invloede wat op hulle lewens inwerk. Hulle opvattings word baie meer gevorm deur die openbare mening wat deur die massamedia uitgedra en gepropageer word, as deur die Woord van God soos dit in die prediking verkondig word. Selfs die bekering van mense is in baie minder gevalle 'n direkte resultaat van die prediking as van ander vorms van ontmoeting met die evangelie.

Dat die kerke self hiervan 'n aanvoeling het, blyk uit die wyse waarop hulle die prediking met ander vorms van bearbeiding aanvul. Met name in sy evangelisasie-aksie maak die kerk al lankal doeltreffend van ander metodes as die monologiese preek gebruik. Reeds sedert die dae van Wesley word daar in die evangelisasiearbeid ruimskoots gebruik gemaak van maklik-singbare liedere as middel tot beïnvloeding van mense. Die meer emosionele karakter daarvan, aangevul deur die effek van getuienisse en 'n eenvoudiger en direkter vorm van verkondiging, die optrede van 'n koor en 'n atmosfeer wat voorberei is deur persoonlike

gesprekke en uitnodigings, kan die effek hê dat daar 'n baie hoër graad van kommunikasie tot stand kom as wat normaal-weg in die erediens met sy formele karakter en monologiese preek moontlik is.

Die metodes van Wesley en baie van sy nasate is in ons tyd waarskynlik ook al weer verouderd en dit verdien seker nie aanbeveling om uit reaksie teen die monologiese karakter van die preek om te swaai na metodes van 'n metodistiese aard nie. Uit 'n kommunikatiewe gesigspunt gesien, is dit egter noodsaaklik dat ons daarop sal let dat die sukses wat die metodistiese metodes behaal het, in 'n groot mate daaraan toegeskryf moet word dat hulle die mense kon bereik en dat daar 'n vorm van kommunikasie kon plaasvind wat lewensveranderend kon werk. Al sal ons nie meer daardie selfde metodes kan navolg nie, is dit tog noodsaaklik dat ons rekening sal moet hou met die gewysigde kommunikasie-struktuur van ons tyd en dat ons alles in ons vermoë moet doen om nie die evangelie in sy effek te laat dwarsboom, deurdat ons onwillig is om te soek na 'n weg van kommunikasie wat vir ons tyd effektief kan wees nie.

Ter wille van die voortgang van die evangelie mag ons nie ons oë sluit vir die klaarblyklike gebreke wat die monologiese preek aankleef nie. Daar is opsigte waarin die preek soos ons dit ken, sonder enige twyfel 'n groot effek het. Dié effek blyk by nader toesien egter die effek te wees wat dit het op die lewe van getroue kerkmense wat in 'n sekere sin gevestigde gedagtes en opvattings het en nou nog net 'n behoefte daaraan het om in daardie gedagtes en opvattings bevestig te word. Die behoefte aan voortdurende bevestiging van 'n mens se aanvaarde standpunte en idees is 'n algemeen-menslike verskynsel. Geen mens kan klaarkom sonder die voortdurende herbevestiging van die dinge wat hy reeds weet en glo nie. Daarom gaan mense jarelank na vergaderings van dieselfde politieke party, al weet hulle al lankal baie goed wat die beleid en reaksies van daardie party is. Daarom voel mense hulle aangetrokke tot geesverwante wat die effek op hulle het dat hulle hul eie standpunte opnuut vir hulle bevestig. Daarom is ons lekkerste gesprekke dié waarin ons gespreksgenoot honderd persent met ons saamstem oor die dinge wat ons sê. En daarom - dit is blykbaar die onontwykbare gevolgtrekking waartoe ons moet kom - gaan die meeste getroue kerkgangers ook na die erediens.

As sodanig is daar natuurlik niks mee verkeerd dat hierdie behoefte aan bevestiging in die prediking bevredig moet word nie. As die prediking heeltemal nie in hierdie behoefte sou voorsien nie, sou dit ons voortdurend opjaag en sou dit die gestadige groei van ons geestelike lewe eerder belemmer as bevorder. Skrifprediking sal natuurlik die gemeente bevestig in die allerheiligste geloof. Die probleem is egter dat dit dikwels nie die allerheiligste geloof is waarin mense in die kerk bevestig word nie, maar in hulle eie aanvaarde standpunte en posisies. Van groei en ontwikkeling is daar nie meer sprake nie, omdat daar geen groei meer beoog word nie. Dit is juis die geheim van bevestiging in die ware geloof, dat dit ons in 'n voortdurende proses van verandering betrek, 'n verandering van ons gemoed (Rom. 12:2). Om dié effek op ons te hê, moet die prediking ons op sodanige wyse in die geloof bevestig, dat dit ons intussen ook losmaak van ons wêreldgelykvormigheid.

Die probleem is nou egter dat die prediking dikwels juis nie hierdie effek het nie. Dit dien baie keer net daartoe om mense gerus te stel, omdat dit vertroude klanke herhaal wat hulle al

lankal ken en wat nie daarop bereken is om enige verandering by hulle tot stand te bring nie. Die taal "wat by hulle aanklank vind" word gepraat. Dit is nie vreemd dat die mooiste preke vir 'n bepaalde kategorie gemeentelid juis dié preke is waarin daar niks nuuts gesê is nie, maar waarin net herhaal is wat hulleself ook maar weet en dink.

Watter positiewe betekenis 'n bepaalde soort bevestiging van mense in die prediking ook al mag hê, ons mag nie verbykyk aan die negatiewe effek wat dit dikwels het nie. As mense net na 'n preek luister met die bedoeling om in hulle bestaande opvattings bevestig te word, is dit vanselfsprekend dat hulle uiters selektief te werk sal gaan in die dinge wat hulle in die preek hoor. Hulle kies uit die woorde van die predikant meestal net die dinge uit wat hulle graag wil hoor. Die res laat hulle eenvoudig aan hulle verbygaan. Omdat hulle nie gedwing word tot enige reaksie op die preek nie, is dit vir hulle baie maklik om 'n groot deel van die preek eenvoudig te ignoreer.

Uit al hierdie dinge is dit duidelik dat die monologiese preek deur baie faktore belemmer word in sy bedoeling om 'n geslaagde vorm van kommunikasie te wees wat 'n dinamiese effek in die lewe van die gemeente het. Die kerk sal eenvoudig hieraan aandag moet gee. Dat die kerk in 'n mate reeds aan hierdie saak aandag skenk, blyk uit die feit dat die kerk alternatiewe metodes van verkondiging en beïnvloeding van sy lidmate ontwikkel het. 'n Mens dink hier met name aan die metodes van jeugwerk wat die kerk gebruik, soos bv. kamp- en groepswerk. 'n Mens vra jouself eintlik af wat die toestand in die kerk sou gewees het sonder die vrugbare arbeid wat by jeugkampe en sulke geleenthede gedoen is om mense in kleiner en informele groepe met die evangelie te konfronteer. As ons alles net van die preek op Sondag moes verwag, sou die verkondiging van die kerk beslis minder effektief gewees het.

Die geringe trefkrag van die prediking as kommunikasiemiddel lei in ons tyd dikwels daartoe dat die preek afgeskryf word en dat daar naarstiglik gesoek word na alternatiewe vorms van verkondiging. Teen die ontdekking en benutting van alternatiewe vorms van verkondiging hoef daar geen beswaar te bestaan, as dit duidelik is dat die evangelie in sy voile betekenis daardeur aan mense oorgedra kan word nie. Terselfdertyd moet ons egter opmerk dat die gebruikmaking van alternatiewe metodes van verkondiging nie as sodanig hoef te beteken dat die preek afgeskryf hoef te word nie. Al is dit waar dat daar probleme bestaan in verband met die doeltreffendheid van die preek as kommunikasiemiddel, is ons daarvan oortuig dat dit nie hoef te beteken dat die preek self as sinloos beskou hoef te word nie. Wat moet gebeur, is dat die kommunikasie-gehalte van die preek verbeter moet word. As die kommunikatiewe waarde van die preek soos dit vandag nog in die meeste kerke in gebruik is, aan ernstige belemmeringe blootgestel is, is die aangewese weg tog nie om die preek heeltemal te diskrediteer nie, maar om op die swakpunte in die kommunikasie-struktuur van die preek te konsentreer en dit sover as moontlik uit te skakel.

Na ons mening is dit moontlik. Dit sou in elk geval vreemd wees as hierdie vorm van verkondiging wat soveel eeue kon trotseer, nie die nodige elastisiteit sou hê om die nodige veranderinge te ondergaan wat uit kommunikatiewe oogpunt in ons tyd nodig mag wees nie. Die preek is so 'n wesenlike deel van die protestantse erediens en vervul 'n plek wat onmoontlik nie deur 'n ander vorm van verkondiging oorgeneem kan word, sonder om die wese van die protestantse erediens ernstig in die gedrang te bring nie. Juis die profetiese

karakter van die prediking waaroor ons tevore meermale gepraat het, gee daaraan 'n unieke karakter wat dit vir ons ondenkbaar maak dat die preek alleen vanweë kommunikasie-probleme afgeskryf kan word.

Die uitdaging waarvoor ons vandag staan, is om ten voile erns te maak met die kommunikasie-probleme wat die preek aankleef, maar om, vanuit die oortuiging van die onmisbaarheid van die preek as vorm van verkondiging, na 'n weg te soek waarlangs die preek ook kommunikatief kan beantwoord aan die eise wat aan hom gestel word.

## Dialogiese prediking

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword dat dit veral die monologiese karakter van die preek is wat 'n negatiewe uitwerking op die kommunikasie het, gepaard met die feit dat die preek dikwels geneig is om 'n liniêre en literêre vorm van aanbieding van die stof te hanteer wat dit moeilik maak om te volg. Op die oog af lyk dit asof ons daarin met onoorkomelike probleme te make het. Daarom dat daar al dikwels voorstelle gedoen is om die preek te vervang met een of ander vorm van diskussie.

Eksperimente met besprekingsdienste waarby 'n paneel van deelnemers optree en die res van die aanwesiges vry is om aan die gesprek deel te neem, word soms probeer. Ook word pogings aangewend om die monologiese karakter van die prediking te deurbreek deur enkele gemeentelede te laat reageer op wat die predikant gesê het, of deur vrae en bespreking na 'n "inleiding" deur die predikant toe te laat.

Die feit dat hierdie eksperimente eintlik nooit slaag nie, hoef nie te beteken dat hulle nooit toegelaat behoort te word nie. Miskien is ons maar net ongewoond aan hierdie soort omgang met die Woord in die erediens. As ons meer ondervinding daarvan opdoen, mag ons miskien in staat wees om 'n sukses daarvan te maak.

Tog lyk dit nie of hierdie soort eksperiment ooit die plek van die preek sal kan inneem nie. Die preek is en bly 'n proklamasie, 'n aankondiging van die evangelie op gesag van Christus, 'n uiterlike woord (verbum externum) wat ons aangesê moet word tot troos of tot oordeel. Dit kan nie vervang word met enige vorm van gesprek wat in 'n blote "diskussie" opgaan, sonder die element van 'n besliste en definitiewe aansegging en toesegging in Naam van Christus nie. Om dié rede sal ons onvergenoegdheid met die preek as vorm van kommunikasie nie opgelos mag word deur die preek met iets anders te vervang of om maar net 'n aantal elemente aan die preek toe te voeg nie. Wat sal moet gebeur, is dat die monologiese karakter van die preek deurbreek moet word deur te kom tot 'n tipe van prediking wat *in homself* dialogies is, sonder om op te hou om aansegging en toesegging te wees. Slegs die soort prediking sal in staat wees om die tipe eksperiment waarvan hier sprake is, werklik 'n sukses le maak. Ons is daarvan oortuig dat die preek baie meer moontlikhede het om dialogies te wees as wat ons oppervlakkig mag dink.

Vir hierdie oortuiging bestaan daar goeie gronde. Die vernaamste daarvan is dat die preek as vorm van verkondiging in werklikheid teruggaan op die verkondiging soos dit al van die tyd van die apostels af in die boesem van die gemeente geskied het. Hulle soort prediking was egter klaarblyklik anders as dié soort prediking waaraan ons gedurende die laaste paar eeue gewoond geraak het. Ons moet veral onthou dat hulle in 'n tyd gepreek het, toe die kommunikasiestruktuur nog anders was as in die tyd ná die uitvinding van die boekdrukkuns toe die literêre vorm van kommunikasie mode geword het. Hulle het gepreek in 'n wêreld wat gewoond was aan "koel" kommunikasie. En daarom is dit vanselfsprekend dat hulle soort prediking baie meer dialogies was as die soort prediking waaraan ons gewoond is.

Die Nuwe Testament gebruik die woord *homilia* as aanduiding van die Woord verkondiging in die midde van die vergaderde gemeente. 'n Homilia is egter 'n gesprek. As ons kennis neem van die lewendige aard van die eredienste in die tyd van die apostels (vgl. 1 Kor. 14!), dan moet

ons tot die konklusie kom dat die prediking wat in sulke eredienste plaasgevind het, baie meer spontaan van aard was, baie meer direk en persoonlik, baie minder formeel en oratories, en dus vanselfsprekend ook baie minder liniêr en literêr as ons soort prediking.

Die preek kán werklik iets anders wees as 'n formele rede. Dit sou eers veel later in die geskiedenis van die kerk gebeur dat die preek volgens die reëls van die retoriek gestileer sou word - 'n ontwikkeling wat dit baie meer vatbaar gemaak het vir die eensydighede van die liniêre vorm van kommunikasie. As ons kennis neem van die dialogiese manier waarop die kerkvaders nog gepreek het, moet ons onsself daarvan oortuig dat daar periodes in die geskiedenis van die kerk was toe die preek hom aangepas het by 'n nie-literêre kommunikasie-struktuur. Waarom sou dit nie in ons tyd ook weer moontlik wees nie? Dit moet eenvoudig moontlik wees om die preek as vorm van verkondiging op sodanige wyse inherent dialogies te maak, dat dit met die beste vorm van massa-kommunikasie sal kan meeding. Ons sal alles in ons vermoë moet doen om die preek weer 'n gesprek te maak, 'n gesprek van sodanige aard, dat die gemeentelede sal ervaar dat hulle ten nouste daarby betrokke is.

Dit sal egter onmoontlik wees, as ons nie daarin kan slaag om die formalisme in ons eredienste te deurbreek nie. Ons eredienste is dikwels so koud en onpersoonlik, dat daar net eenvoudig nie die atmosfeer heers van blye ontmoeting tussen die huisgenote van die geloof nie. Die feit dat ons eredienste 'n karakter van deftigheid, styfheid en waardigheid dra, staan reeds in die weg van die dialogiese prediking. Dit is 'n interessante vraag waar hierdie besondere karakter van ons eredienste vandaan kom. Nóg die Engelse, nóg die Nederlandse eredienste word deur so 'n hoë graad van styfheid en onpersoonlikheid gekenmerk as wat aan ons Afrikaanse eredienste eie is. Daar sal aandag gegee moet word aan die moontlikheid dat die huidige atmosfeer in ons eredienste so lewensvreemd is vir die jonger geslag, dat hulle hulself moeilik daarin tuis kan voel. 'n Vernuwing in ons prediking sal hand aan hand moet gaan met 'n vernuwing van die hele erediens, en in die besonder met 'n verandering van die klimaat van onpersoonlikheid wat nou so dikwels daarin aanwesig is.

Wanneer ons pleit vir *dialogiese* prediking bedoel ons nie daarmee dat die verkondiging in die vorm van 'n diskussie tussen die predikant en die gemeente moet plaasvind nie. 'n Preek kan dialogies wees, ook al is die predikant die enigste persoon wat die woord voer en al word daar geen hoorbare weerwoord van die kant van die gemeente uitgespreek nie. 'n Preek word dialogies wanneer die predikant tydens die preek voortdurend met die gemeente in kontak verkeer en in dié sin met hulle 'n deurlopende gesprek voer.

Daarmee bedoel ons méér as dat die predikant tydens sy voorbereiding van die preek homself in die situasie van sy gemeente moet probeer indink. Dit is uiteraard baie belangrik dat hy dit sal doen. Tog is dit nie genoeg nie. Wat van die predikant verlang word, is dat hy tydens die preek op sodanige wyse in voeling met sy gemeente sal wees, dat hy deurgaans bewus sal wees van die reaksies uit die gemeente en die onhoorbare terugkoppeling wat van hulle kant plaasvind.

'n Pastorale psigoloog soos C. Aalders is van mening dat die pastor wat die kuns verstaan om na die reaksies van gemeentelede op te let, tydens die preek baie meer oor die momentele groepsbelewing te wete kan kom, as wanneer hulle daardie innerlike reaksies en aandoeninge

bewus onder woorde sou moes bring. Die ongeoefende sal dié reaksies miskien nie eers opmerk nie. Selfs die betrokke gemeentelede sal nie altyd bewus wees daarvan dat hulle deur die uitdrukking in hulle oë en op hulle gesigte, deur hulle houding en liggaamlike reaksies allerlei boodskappe aangaande hulle ervaring van sy boodskap aan die prediker oordra nie. Die sensitiewe predikant wat kommunikatief "oop" is vir dergelike seine, sal dit egter verstaan en daarop reageer in sy spreke, gebare, houding en wyse van uitdrukking. Ook hy sal dit in 'n groot mate spontaan en feitlik onbewus doen. Goeie kommunikasie is 'n vorm van interaksie. Dialogiese prediking is prediking waarin daar 'n geslaagde interaksie tussen spreker en hoorders aanwesig is.

Dit spreek natuurlik vanself dat dit bepaalde eise aan die predikant stel. Die vernaamste daarvan is dat hy in staat moet wees om sinvol met ander mense te kán kommunikeer. Dit is helaas geen vanselfsprekendheid nie. Daar is mense wat so in hulleself opgesluit is, dat hulle nie die vermoë het om andere werklik te ontmoet nie. Die geheim van egte wederkerigheid, wat vir egte kommunikasie noodsaaklik is, ken baie mense eenvoudig nie. Dit wil nie sê dat hulle nie goeie "praters" kan wees nie. Dikwels kan iemand baie praat, sonder dat hy werklik met andere kan kommunikeer.

Ook predikante kan aan hierdie kwaal ly. Dit is 'n tragiese feit dat daar predikante is wie se taak dit is om elke dag van hulle lewe met mense om te gaan, wat tog die vermoë mis om werklik ander mense te ontmoet en 'n geopende oog vir hulle behoeftes en probleme, en 'n geopende oor vir die taal van hulle hart te hê. Wie heelwat kontak met pastorieë het, sal weet hoe dikwels dit kan voorkom dat 'n predikant nie eers behoorlik met sy eie vrou en kinders kan kommunikeer nie. Dit is 'n basiese gebrek in sy lewe waarvan hyself dikwels onbewus is, maar wat in 'n groot mate die oorsaak is van sy onvermoë om op 'n sinvolle manier met andere om te gaan. Dit is dikwels juis hierdie soort predikant wat in 'n hoë mate gesteld is op sy ampswaardigheid en van mening is dat sy amp dit van hom verwag om mense op 'n sekere afstand van hom te hou. Dit is selfs nie uitgesluit dat daar mense kan wees wat juis gekies het om predikant te word, omdat hulle 'n kommunikasie-probleem het nie. Gelukkig is dit seker nie altyd so nie, maar dit is tog soms so dat 'n mens wat nie op 'n bevredigende wyse met ander kan kommunikeer nie, behoefte daaraan het om homself te laat geld, en dat hy dan onbewus kan kies vir die predikantskap as een van die posisies in ons samelewing waarin hy die geleentheid het om homself te laat geld.

'n Mens kan sê dat die verlossing in Christus en die heiligmaking die antwoord bied op die kommunikasieprobleme wat ons hier genoem het. As die verlossing immers vir ons iets meer moet beteken as enkel die feit dat ons sondes vergewe is, dan moet dit vir ons beteken dat ons in beginsel van onsself verlos word, dat ons binneste buite gekeer word en dat die liefde 'n plek in ons lewe verower. Waar dit werklik gebeur, is al die basiese voorwaardes vir 'n goeie kommunikasie met ons medemense by ons aanwesig. Wanneer die Heilige Gees ons innerlik vernuwe, maak Hy ons bereid om ons naaste te ontmoet in opregtheid en vryheid en om dus werklik oop te wees vir die geestelike gemeenskap met hom wat diepte en betekenis kan gee aan ons kommunikasie. 'n Mens hoef maar te kyk na die vrug van die Gees soos dit in Gal.*5:22* beskryf word. Dit gaan daarin volledig om dinge wat betrekking het op ons verhouding tot ons medemens.

Maar al is dit so dat ons kommunikasieprobleme in beginsel opgelos word deur ons verlossing in Christus, is dit tog ook waar dat ons in hierdie lewe nog maar net 'n klein beginsel van gehoorsaamheid het. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie (1 Joh. 3:2). Ons verlossing is in 'n groot mate nog verborge, omdat dit nog nie deurwerk op alle vlakke van ons menslike bestaan nie. Die gevolg is dat ook die kind van God te kampe het met allerlei gebreke en hindernisse wat te make het met sy aard en karakter, sy agtergrond en geskiedenis, sy psigiese toestand en die blywende invloed van skewe ontwikkelinge en verkeerde groei in sy lewe. Daarom word ons kommunikasie-probleme nie maar met 'n handomdraai opgelos as ons Christene is nie.

Dit is dikwels nodig dat die predikant gehelp moet word om tot die regte instellinge te kom wat vir 'n geslaagde kommunikasie met sy gemeente nodig is. Die opleiding van die predikant behoort ook die vorming van sy persoonlikheid in te sluit. Die ideaal sou wees dat elke teologiese student die geleentheid moet hê om deel te neem aan klinies-pastorale vorming wat hom kan help om sy eie beperkthede en moontlikhede op kommunikatiewe vlak te ontdek en eerlik onder oë te sien. Predikante behoort ook gebruik te maak van hulp wat op hierdie terrein aan hulle gebied kan word. Ons hoef ons nie verhewe te ag bokant dergelike vorms van skoling nie. 'n Mens dink baie maklik dat alles met jou reg is en dat jy geen probleme op die gebied van die kommunikasie ondervind nie, omdat jy jouself en jou gebreke op hierdie terrein nog nooit leer ken het nie. Dit sal die ampswerk van die predikant in die algemeen ten goede kom, as hy in die praktyk kan leer om op die regte wyse met ander mense om te gaan. Dit sal egter ook 'n groot effek op sy prediking hê.

Prediking en pastoraat kan nooit heeltemal van mekaar geskei word nie. Dit is net 'n goeie pastor wat werklik die kuns verstaan om dialogies te preek. Die gebruikmaking van hulpmiddels om op 'n doeltreffender wyse pastoraal met gemeentelede om te gaan, sal dus noodwendig ook die prediking ten goede kom. Al is dit waar dat dit alleen die Heilige Gees is wat die predikant die gawes kan skenk wat nodig is om 'n goeie pastor en 'n goeie prediker te word, is dit óók waar dat die kliniese vorming ons oë kan open vir die betekenis van die gawes wat ons ontvang het en vir die wyse waarop hulle aangewend kan word.

Een van die vernaamste dinge wat die predikant moet leer, is om homself te aanvaar en om dus vry te word in sy verhouding teenoor andere. As hy kan leer om op die regte wyse teenoor die gemeente te staan, val die vrees vir die gemeente van hom af. Wanneer hy homself nie meer teenoor die gemeente hoef te handhaaf nie, homself nie meer beter hoef voor te doen as wat hy is nie, kom hy in die posisie waar hy die gemeente nie meer as 'n bedreiging ervaar nie, selfs nie eers onbewus nie. Daardeur word dit vir hom moontlik om ook die prediking nie meer te sien as 'n geleentheid waarby hy "teenoor" die gemeente te staan kom nie, maar as 'n geleentheid waarby hy tussen broers en susters mag verkeer. Baie predikante het 'n onuitgesproke vrees vir die prediking, omdat hulle in werklikheid die prediking sien as 'n geleentheid waarby hulle moet presteer. Hulle vrees die gemeente, omdat hulle die gemeente benader soos 'n kunstenaar sy vreemde gehoor benader - as 'n kritiese groep luisteraars wat eers geboei en gevang moet word ten einde gunstig gestem te word.

Nou is dit uiteraard natuurlik dat 'n predikant altyd 'n mate van spanning behoort te ondervind voor sy optrede in die gemeente. As hy graag die boodskap wat hy moet oordra, so goed as

moontlik wil oordra, sal hy 'n bietjie opgewonde daaroor wees en dus ook 'n bietjie gespanne. Dit mag egter nie die karakter aanneem van 'n onredelike vrees en spanning nie. Dan toon dit immers dat sy verhouding teenoor homself én teenoor die gemeente verkeerd is. As hy daarin kan slaag om in die regte verhouding tot homself en die gemeente te kom, sal hy ondervind dat sy optrede in die gemeente nie meer vir hom 'n persoonlike bedreiging inhou nie. Hy sal hom met die gemeente kan vereenselwig en kan aanvaar dat hulle op hul beurt hulself met hom vereenselwig.

Wanneer dit kan gebeur, word die prediking losgemaak uit die sfeer van die "optrede" van die predikant voor 'n "gehoor", en oorgebring in die sfeer van 'n dialogiese groepsgebeurtenis rondom die Woord van God. Die predikant word dan nie die enigste persoon op wie al die verantwoordelikheid rus of op wie alle aandag gevestig is nie. Die gemeente speel dan 'n baie grater rol in die verkondiging as wat 'n buitestaander sou vermoed. Die atmosfeer wat hulle skep, die stille reaksies wat van hulle uitgaan en hulle meelewing met wat gesê word, werk op 'n reële wyse daaraan mee om die preek 'n unieke en eenmalige gebeurtenis te maak waarby hierdie predikant en hierdie gemeente mekaar rondom en in die Woord van God ontmoet. Elke ervare predikant sal weet waarvan ons hier praat. As hy oop staan vir die invloed wat van ander mense uitgaan, sal hy weet dat dit nie waar is dat daar in die prediking heeltemal van geen terugkoppeling sprake kan wees nie.

Wanneer die preek op hierdie manier dialogies kan wees, verval baie van die besware wat uit kommunikatiewe gesigspunt daarteen ingebring word. Daar is, om mee te begin, werklike responsie van die kant van die gemeente, wat onbewus reageer op die spreke van die predikant en hom in staat stel om direk aan te voel of sy woorde by die gemeente aankom of nie. Daar is ook die moontlikheid van 'n egte "koel" kommunikasie, omdat die liniêre en literêre kommunikasie van die preek-as-rede vervang word met die persoonlike en menslike omgang van die preek-as-homilia. Wanneer ons daarin kan slaag om die preek te maak tot 'n groepservaring, sal dit blyk dat die preek selfs baie voordele besit bokant die verskillende vorme van massakommunikasie wat nie die persoonlike saam-wees van spreker en hoorders ken nie en dus aangewese is op dié gedeelte van die terugkoppeling wat bewus en geartikuleerd geskied. Aangesien die meeste mense die tyd en moeite ontsien om bewus te reageer op wat hulle in die koerant gelees, oor die radio gehoor of op die televisie gesien het, verteenwoordig die briewe en ander geartikuleerde vorms van terugkoppeling eintlik net 'n fraksie van die werklike gevoelens wat opgewek is. 'n Gevoelige predikant kan vanuit sy persoonlike saamwees met die gemeente beslis meer te wete kom oor hulle reaksies as wat vanuit sulke geskrewe of ander reaksies moontlik is.

Daarby kom egter nog die feit dat die predikant óók die moontlikheid het om sulke bewuste en geartikuleerde reaksies van die kant van sy gemeente uit te lok en te stimuleer. As terugkoppeling van soveel belang is as wat die deskundiges ons leer, behoort die kerk veel meer moeite te doen om dit moontlik te maak. Daarom is dit gewens dat daar ook geleenthede sal wees waarby gemeentelede direk en hoorbaar op die prediking kan reageer. 'n Gemeente wat eenmaal geleer het om aan bespreking deel te neem en die skroom daarvoor afgeskud het, kan op 'n baie profytlike wyse 'n gesprek voer oor die preek wat hulle so pas gehoor het. Met die nodige leiding kan ook die probleme wat die groepsbespreking dikwels

aankleef, tot 'n minimum verminder en feitlik heeltemal uitgeskakel word. Die opleiding van 'n predikant behoort ook voorsiening te maak vir skoling in die hantering van groepsgesprekke. Dit het in ons tyd absoluut onontbeerlik geword.

Afgesien van bespreking van die preek deur die hele gemeente (met of sonder verdeling in kleiner besprekingsgroepe), kan dit vir die prediking van die grootste belang wees dat die predikant gereëlde hulp by die voorbereiding van sy preke van die kant van die gemeente moet ontvang. Dit moet tog moontlik wees om in elke gemeente 'n groep kundige meelewende lidmate te vind wat bereid is om tyd en kragte daaraan te bestee om met die predikant sy teks vir Sondag deur te praat, hom 'n kykie te laat ontvang in die manier waarop die gewone gemeentelid die betrokke teks beskou, en saam met hom moontlikhede vir die konkretisering van die boodskap van die teks te ontdek. 'n Predikant moet dit nie benede sy waardigheid ag om doelbewus hierdie hulp van die kant van die gemeente te soek en te stimuleer nie. Sy prediking sal daarby baat en die gemeente sal bewus gemaak word daarvan dat die omgang met die Woord iets van die hele gemeente is, en nie net iets van die predikant alleen nie. Bowendien sal die dialogiese karakter van die prediking geweldig verbeter word as die gemeente 'n baie groter aandeel aan die tekskeuse kan ontvang, aan die voorbereiding van die preek kan meewerk en uiteindelik ook weer op 'n vrymoedige wyse met die terugkoppeling behulpsaam kan wees. Hierdie moontlikhede moet veel meer deur ons ondersoek word. Soos in alle dinge, is daar ook hier 'n groot mate van wysheid nodig om sorg daarvoor te dra dat daar nie 'n bepaalde kliekvorming in die gemeente plaasvind, 'n klein kringetjie rondom die predikant nie, maar dat hierdie diens van die gemeente aan die prediking vervul word deur 'n groep wat so breed as moontlik is.

In hierdie verband is dit nodig dat ons iets ter sprake moet bring wat van oudsher 'n vaste beginsel in ons stelsel van kerkregering en kerklike praktyk was, maar wat uiters selde behoorlik gefunksioneer het: die toesig van die kerkraad oor die prediking. Meestal word daaronder net verstaan dat die ouderlinge moet waak oor die suiwerheid in die leer van die predikant, soos die bevestigingsformulier vir ouderlinge dit ook stel. Daarmee word hierdie toesighoudende funksie van die kerkraad egter te veel versmal. Die kerkraad behoort natuurlik voortdurend daarop te let dat die predikant geen ketterye moet verkondig nie. Dit is 'n gewigtige aspek van die saak, waarvan 'n mens jouself afvra of ons kerkraadslede altyd die gewig en verantwoordelikheid besef. Tog is dit noodsaaklik om daaraan te herinner dat die toesig van die kerkraad nie net moet let op die vraag of die leraar klaarblyklike afwykinge in die leer vertoon nie, maar ook op die vraag of sy prediking werklik tot opbou van die gemeente dien.

Om dit na behore te kan doen, is dit nodig dat die kerkraadslede hulleself op die hoogte moet stel van wat die kerk se leer werklik is, maar ook met die egte doelstellings van die prediking en die gemeentelike bediening in die algemeen. Hulle behoort die Skrif te ken, maar ook die belydenisgeskrifte; die kerkorde, maar ook die ideale wat die kerk as geheel koester vir die opbou van die gemeente. En hulle behoort in 'n gees van liefde en opregtheid voortdurend met die predikant saam te werk om dit alles na die beste van hulle vermoë te verwesenlik.

Hulle toesig oor die prediking behoort dus nie net te gaan oor die vraag of daar uitgesproke dwalings in die predikant se prediking voorkom nie, maar ook oor die vraag of hy die voile

raad van God verkondig, of hy die Skrif werklik tot die gemeente laat spreek, of hy die lig van die Woord laat val op die aktuele sake wat vir die lewenswandel van die gemeente van groot belang is; of sy prediking werklik na die gemeente "oorkom". Geen predikant moet dit as 'n bedreiging aanvoel dat die kerkraad veel nouer by sy totale werk betrokke moet wees nie. Dit behoort aangemoedig te word dat die kerkraadslede met hom saam die verantwoordelikheid óók vir die verkondiging van die Woord aanvaar. Hy behoort hom graag deur hulle te laat kontroleer met betrekking tot vrae soos die verstaanbaarheid en aktualiteit van sy prediking, die wyse waarop die Skrif in sy prediking aan die orde kom en die leemtes in sy prediking soos dit deur die gemeente aangevoel word. Die kerkraadslede beweeg voortdurend tussen die gemeentelede en kan veel beter as die predikant self te wete kom hoe die prediking in die gemeente beleef word. As daar van die wenslikheid van terugkoppeling sprake is, dan kan 'n mens jou moeilik 'n doeltreffender stelsel van terugkoppeling voorstel, as dié wat geskep kan word in 'n gemeente waar 'n leraar en 'n kerkraad mekaar gevind het en saam geïnteresseerd is in die doeltreffendheid van die prediking.

Dit is tog eintlik 'n siektetoestand wat ons tans dikwels het, dat die predikant meen dat hy alleen vir die prediking verantwoordelik is en hom in sy alleenheid daarmee besig moet hou, terwyl die kerkraadslede wie se taak dit is om toesig oor die prediking te hou, kliphard met die gemeentelede saamklae oor die ondoeltreffendheid van die prediking. Die lae peil van ons geestelike lewe en die skewe beeld van die amp van die predikant wat oor 'n lang tyd in ons kerklike opvattings ingedring het, is daarvoor verantwoordelik dat ons die predikant en die kerkraadslede op hierdie punt van mekaar isoleer en so ontsaglik skade doen aan die doeltreffendheid van die prediking. Wie hierdie gedagtes van ons vreemd en onaanvaarbaar vind, moet homself afvra of hy werklik erns maak met die betekenis van die gemeenskap van die heiliges in die algemeen, en met die inhoud van die protestantse ampsopvatting in die besonder.

Dialogiese prediking is prediking wat gedra word deur dialoog tussen die predikant en die gemeente tydens die prediking self, maar ook rondom die preek. Wanneer ons daarin kan slaag om hierdie dialoog werklik op gang te bring, sal dit nie meer nodig wees om die preek as verouderd te beskou nie, maar sal ons miskien vir die eerste keer ontdek hoe die gesprekke rondom die prediking die hele geestelike lewe van die gemeente sal stimuleer, selfs op punte waarvan ons dink dat dit nie in direkte verband met die prediking staan

## Vrye prediking

As die preek inherent dialogies moet wees, spreek dit vanself dat dit 'n groot mate van spontaneïteit moet bevat. 'n Gesprek, 'n homilia is iets wat spontaan *gebeur.* Dit is iets eenmaligs wat nooit tweemaal op presies dieselfde wyse herhaal kan word nie. Al sal twee mense voor die tyd weet waaroor hulle met mekaar wil praat, en al sal hulle ook presies weet wat hulle graag aan mekaar wil sê by dié geleentheid, is hulle gesprek self tog 'n lewende*ontmoeting* tussen mense wat nooit presies volgens 'n vasgestelde program kan verloop nie, maar sy eie inherente dinamiek besit. Die geslaagdheid van hulle gesprek hang selfs af van die mate waarin dit spontaan kan verloop en sy eie innerlike dinamiek kan ontplooi.

'n Preek is ook iets eenmaligs wat net eenmaal kan gebeur en nooit twee keer op dieselfde manier herhaal kan word nie. Dit is 'n ontmoeting tussen bepaalde mense by 'n spesifieke geleentheid en onder spesifieke omstandighede. Die sukses of mislukking daarvan hang in 'n groot mate van die moment af. Daarom is ons in ons prediking so totaal afhanklik van die Heilige Gees wat dit telkens aan ons moet gee om van die preek 'n geslaagde vorm van kommunikasie te maak, waarby die Woord in sy lewende aktualiteit gehoor en verstaan kan word.

Die noodsaaklikheid van spontaneïteit in die prediking maak dit noodsaaklik dat 'n predikant vry sal moet preek. Vrye prediking is egter alleen moontlik as die predikant nie gebonde is aan 'n uitgeskrewe manuskrip wat hy slaafs wil volg nie. In die ouere homiletiek word daar dikwels aangedring daarop dat die predikant se voorbereiding vir die prediking daarop moet uitloop dat hy sy hele preek in alle besonderhede moet uitskryf. Die gedagte is dan dat hy die geskrewe preek goed genoeg moet bestudeer om dit op die kansel só te kan voordra, dat dit byna net lyk asof hy vry praat. Soms is daar selfs aan die hand gedoen dat hy sy preek moet memoriseer, ten einde dit "vry" aan die gemeente voor te kan dra.

Hoe ingeburger hierdie opvattings ook al mag wees, dit is noodsaaklik dat ons die onjuistheid daarvan moet insien. Dit is juis daardie uitgeskrewe manuskrip wat in die meeste gevalle daarvoor verantwoordelik is dat die preek nie tot 'n egte kommunikasie-gebeurtenis kan word nie.

Om mee te begin, is dit duidelik dat 'n geskrewe preek nooit tot 'n egte gesprek tussen die prediker en die gemeente kan word nie. Die predikant sit alleen in sy studeerkamer wanneer hy die preek uitskryf. Hy kan daarby wel probeer om hom so realisties as moontlik in te dink in die situasie van die gemeente en in die omstandighede wat in die erediens sal bestaan wanneer die preek gelewer moet word. Hy kan deur kontak met gemeentelede - soos dié waaroor ons in die vorige hoofstuk gepraat het - daarin slaag om selfs 'n baie realistiese beeld van sy gemeente se bevatlikheid en reaksies op te bou. Hy kan hom indink in die vrae wat by hulle mag ontstaan en probleme wat hulle mag ondervind om bepaalde Bybelwoorde reg te begryp. Dit is uiters noodsaaklik dat hy dit alles moet doen, en dit sal tydens die proses van meditasie ook 'n groot rol in sy poging speel om die teks en die gemeente by mekaar te bring.

Wat ons egter nie moet vergeet nie, is dat dit alles nog maar net in sy eie gedagtes afspeel. Dit is 'n produk van sy verbeeldende denke. Dit is geen werklike dialoog nie. As die predikant

'n sterk verbeeldingskrag het - iets waarsonder 'n predikant sy werk eintlik nie kan doen nie - kan die beeld wat hy van die preek-situasie ontwerp, in baie opsigte aan die werklikheid beantwoord. Tog bly dit maar nog steeds iets wat hy homself voorstel. 'n Werklike gesprekservaring is iets anders as die voorstelling wat ons voor die tyd daarvan maak, hoe realisties ook al. Die gevolg is dat die predikant op grond van sy voorstelling van sake sy preek uitskrywe. Hy kan daarby probeer om daaraan 'n dialogiese vorm te gee, deurdat hy rekening hou met die vrae en teenwerpings van die gemeente soos hy hom dit voorstel. Die werklikheid is egter altyd anders as ons verwagting van hoe dit sal wees. Die gemeente hoor dan dikwels die predikant redeneer met vermeende opvattings van hulle kant, wat in werklikheid nie bestaan nie.

Daarby kom egter nog die gewigtige feit dat die ontstaan van 'n geskrewe stuk iets totaal anders is as die gebeurtenis van 'n lewende ontmoeting tussen mense. Eersgenoemde is 'n individueel-psigologiese, terwyl laasgenoemde 'n sosiaal-psigologiese gebeurtenis is. In die eerste geval het die outeur van die geskrewe stuk lank tyd om sy woorde te kies en af te weeg, terwyl die spreker in 'n werklike situasie van ontmoeting nie soveel tyd tot sy beskikking het nie, maar sy woorde teen 'n vinnige tempo moet kies om uitdrukking te gee aan die spontane gedagtes en gevoelens wat hy wil oordra.

Nou mag dit lyk asof daar groot voordele verbonde is aan die feit dat 'n mens by die uitskrywe van jou preek veel meer tyd tot jou beskikking het om jou woorde te kies. Dié voordeel is egter beperkter as wat dit met die eerste oogopslag lyk. Immers, wie 'n geskrewe stuk opstel, formuleer rasioneel, ordelik, liniêr. Die styl van die geskrewe stuk is sodanig dat dit bedoel is om gelees te word, nie om *aangehoor* te word nie. Daarom is dit moeiliker om te volg vir wie daarna luister, as wat dit is om na 'n spontaan-gesproke woord te luister. Die geskrewe stuk konsentreer net op die betekenis van die woorde soos dit op papier staan en lê dit onveranderlik vas. Die gesproke woord werk daarteenoor met baie ander middele, soos bv. die stemtoon, die aksente wat gelê word, die tempo waarteen gepraat word, die spontane pouse en stottering, die liggaamshouding, gesigsuitdrukking en gebare - kortom: in die gesproke woord is die hele mens aanwesig, terwyl die geskrewe woord dikwels net die produk is van daardie mens se vermoë om keurig te formuleer. Die geskrewe preek is dus 'n tipiese vorm van liniêre, literêre of "warm" kommunikasie, met al die beperkthede daarvan, terwyl die spontane vrye preek as vorm van "koel" kommunikasie talryke moontlikhede het om van die aanwesige sosiaal-psigologiese faktore gebruik te maak.

Die slegste ding wat 'n predikant kan doen, is om met 'n uitgeskrewe preek op die kansel te kom en dit woordeliks voor te lees. Selfs al kan hy goed lees en verstaan hy die kuns om nie voortdurend met sy oë aan die manuskrip gebonde te bly nie, versper die uitgeskrewe preek in 'n groot mate die moontlikheid dat dit tussen hom en die gemeente tot 'n lewende ontmoeting kan kom. Tussen hom en die gemeente lê immers die geskrewe stuk. Die kontak tussen hulle loop oor 'n vasgelegde en geformuleerde stuk wat hulle nie help opstel het nie. Dit bly 'n stuk wat voorgedra word, 'n lesing of 'n opstel, maar dit word geen lewende woord nie.

Die predikant wat aan sy manuskrip gebonde is, is nie werklik vry vir die gemeente nie. Hy staan nie oop vir moontlike reaksies van hulle kant nie. Hy kan ook dikwels nie die mense in

die oë kyk terwyl hy praat nie. As hy dit sou doen, sou hy sy konsentrasie op die geskrewe stuk verswak en verhinder word om dit letterlik voor te dra. Dit beteken nou egter dat hy hom van die gemeente moet afsluit. Die reaksies van die kant van die gemeente moet doelbewus geïgnoreer word. Daarom probeer baie predikante om liewer nie na die gemeente te kyk nie. Soms vestig hulle hul oë op 'n bepaalde punt in die kerk, hoog bo die oë van die gemeentelede. Soms kyk hulle wel vlugtig na die gemeente om die indruk te wek dat hulle met die gemeente kontak onderhou terwyl hulle praat, maar dit is nie heeltemal waar nie. Dit is geen wonder dat die preek onder dergelike omstandighede in die voile sin van die woord 'n monoloog

In die ouer homiletiek word dikwels as middeweg aanbeveel dat die predikant sy preek tuis volledig uitskrywe, maar dan probeer om dit nie net voor te lees vanaf die kansel nie. Deur die geskrewe preek word dan aan die een kant baie goed vasgelê wat hy wil sê, terwyl hy deur 'n mate van vryheid op die kansel aan die ander kant moet probeer om homself nie heeltemal van die reaksies van die gemeente af te sluit nie. Die probleem met hierdie advies is egter dat dit nie so maklik uitvoerbaar is nie. Wanneer 'n mens eenmaal jou gedagtes op papier geformuleer het en dit enkele kere oorgelees het, bly daardie geskrewe stuk baie dieper in 'n mens se geheue steek as waarvan jy miskien self bewus is. Die meeste mense se geheue is beter as wat hulleself dink. Predikante wat daagliks daarin geoefen word om 'n voorbereide toespraak in die openbaar voor te dra, ontwikkel 'n besondere vermoë om selfs met 'n minimum van inprentingswerk 'n uitgeskrewe stuk taamlik noukeurig te kan herhaal, selfs al sou hulle nie dikwels na die geskrewe stuk kyk tydens hulle optrede nie. Die gevolg daarvan is dat óók predikante wat probeer om nie te veel aan hulle manuskripte gebonde te wees nie, lank nie so vry daarteenoor staan as wat eintlik nodig is vir 'n spontane ontmoeting met die gemeente nie. Die uitgeskrewe preek bly homself opdring, ook waar die predikant probeer om ruimte te maak vir spontaneïteit. Die gevolg is dat die preek 'n literêre karakter bly dra, selfs al word dit vry voorgedra.

Die mense klae dikwels daaroor dat die prediking moeilik is. Dit kan natuurlik verskillende oorsake hê. Een daarvan is in elk geval dat die preek-styl nie die styl van die gesproke woord is nie, maar van 'n geskrewe stuk. Soms verwonder predikante hulle daaroor dat mense kan sê dat hulle moeilik preek. Vir hulle eie besef gebruik hulle glad nie moeilike woorde nie en praat hulle ook nie oor ingewikkelde sake nie. Objektief gesproke kan dit nog waar wees ook. Die fout lê immers nie soseer by wát hulle sê nie, maar by hoe hulle dit sê. 'n Preek bly moeilik verstaanbaar as dit nie 'n spontane uiting van gedagtes en gevoelens van die moment is nie, maar die voordra van woorde wat êrens in die verlede in 'n studeerkamer ingelê en gepreserveer is.

Vir die predikant self is sy eie preek al ver en vreemd as hy dit op die kansel moet voordra soos hy dit tevore in die studeerkamer neergeskryf het. Die lewende emosies wat hy miskien tydens die voorbereiding daarvan ondervind het, is al lankal iets van die verlede. Hy moet nou probeer om hom weer daarin in te leef, maar dit geluk nie altyd nie, omdat die situasie nou so totaal verskillend is. Die werklikheid is altyd weer anders as wat ons ons dit ingebeeld het. Ander emosies vul ons hart as toe ons die preek gemaak het. Die gevolg is dat die predikant maklik 'n gevoel van vreemdheid teenoor sy eie preek ontwikkel. Die gemeente wat fyngevoelig is vir die wyse waarop die predikant met sy preek omgaan, sal vanself merk dat hy

nie heeltemal spontaan en eg is by die uitspreek van woorde wat hy in 'n totaal ander atmosfeer neergeskryf het nie. Dit sal ook nie help as die predikant probeer om die afstand tussen die emosies van die studeerkamer en die huidige situasie op die kansel te oorbrug deur 'n paar toonhoogtes hoër te gaan praat en só die indruk te wek dat hy emosioneel baie sterk betrokke is by wat hy van sy manuskrip aflees nie.

Dit is juis op hierdie gebied dat die geskrewe preek sy skadelikste effek het. Dit bring naamlik mee dat die predikant se vernaamste aktiwiteit tydens die prediking bestaan in die reproduksie van wat hy vroeër al gedoen het. Dit is egter nie die hoogste prestasie waartoe hy in staat is nie. Sy grootste prestasie bestaan daarin dat hy homself hier en nou lewend waag in die kragtespel van die woord en dus meewerk aan 'n egte ontmoeting tussen die Woord en die gemeente, wat alleen via sy diensbetoon moontlik is. Hy moet die moed hê om in te gaan in die ontmoetingsituasie met die gemeente as 'n vrye en lewende getuie wat bereid is om op daardie moment in die totaal vreemde en onverwagte omstandighede volledig tot beskikking van die Woord te wees. Vir sover die uitgeskrewe preek die predikant verhinder om spontaan en ten voile vir die gemeente aanwesig te wees, staan dit in die weg van goeie kommunikasie.

Daar is min predikante wat hulle manuskripte slaafs volg. Dit is ook byna uitgeslote vir 'n mens van vlees en bloed om geen aanvoeling te hê vir die situasie waarin hy hom bevind nie. Die predikant voel dan ook goed genoeg aan dat hy tydens die preek in 'n ander situasie verkeer as toe hy die preek in die studeerkamer uitgeskryf het. Gevolglik maak hy vanself en dikwels byna ongemerk sekere aanpassings wat sy manuskrip betref. Al wysig hy net enkele woorde tydens die voordrag, hy sal altyd probeer om op een of ander wyse te reageer op die prikkels wat van buite tot hom kom. Dit kan nou egter uitloop op 'n uiters onbevredigende situasie. Hy word heen en weer getrek tussen die invloed wat van die manuskrip uitgaan én die invloed van die gemeente in die betrokke situasie. Hy besef miskien dat hy aan die impulse wat van buite tot hom kom, aandag behoort te gee as hy werklik met die gemeente moet kommunikeer, maar hy vrees dat hy dan die manuskrip te veel kwyt sal raak en uiteindelik heeltemal in verwarring sal kom. Daarom gryp baie predikante hulle dan maar aan die manuskrip vas en probeer hulleself soveel as moontlik afskerm teen die impulse wat vanuit die ontmoeting met die gemeente tot hulle kom. Daarmee sweer hulle egter juis hulle grootste moontlikhede vir 'n egte ontmoeting met die gemeente af.

In die lig hiervan is dit duidelik dat ons die gebruik om die preek tydens die voorbereiding in sy geheel uit te skrywe, in heroorweging sal moet neem. Daar kan redes wees waarom 'n preek by geleentheid volledig uitgeskryf moet word. Wie 'n preek wat hy gehou het, graag wil publiseer, kan dit na die tyd opskryf vir publikasie-doeleindes. Wie oor die radio moet preek, sal goed doen om te besef dat dit ander voorwaardes aan ons stel as wanneer ons net gewoonweg in die versamelde gemeente preek. Dit kan dus noodsaaklik wees om 'n radiopreek in sy geheel uit te skryf, ook al mag dit nie beteken dat ons dit net eenvoudig aflees vanaf die kansel nie, want dan sou 'n mens weer die vergaderde gemeente in 'n groot mate ignoreer. Die uitsaaidiens is nou eenmaal 'n besondere geleentheid waarvoor ook besondere maniere van optrede noodsaaklik is. Een van dié besondere maniere van optrede kán wees dat die predikant homself meer gereserveerd moet gedra as gewoonlik en ter wille van die

luisteraars wat hom nie kan sien nie en ook nie die atmosfeer in die kerk kan belewe nie, 'n minder spontane styl moet gebruik.

Onder normale omstandighede behoort die predikant egter vry te preek, dit wil sê: sonder 'n uitgeskrewe manuskrip waarin alles by voorbaat vasgelê is. Alleen só kan hy werklik vry wees vir die gemeente en kan sy preek 'n gebeurtenis wees wat in sy eenmaligheid en onherhaalbaarheid beantwoord aan al die vereistes van wat 'n goeie preek in die ontmoeting met die gemeente behoort te wees.

Wanneer 'n mens hierdie gedagte uitspreek, moet jy daarop reken dat twee besware altyd weer na vore gebring sal word. Die eerste is dat tereg opgemerk word dat 'n uitgeskrewe preek die moontlikheid bied van 'n baie beter taalgebruik as 'n vrye preek. Die predikant wat die moeite wil doen om 'n bandopname van 'n vrye preek van hom te laat transkribeer, sal tot sy verbasing merk dat hy 'n baie swakker taalgebruik het as wat hy vermoed het. Sinne word nie behoorlik voltooi nie, daar vind spronge plaas en oorgange word met betrekking tot die werkwoordstye gemaak wat nooit in die geskrewe taal aanvaarbaar sou wees nie. Daar vind 'n groot mate van herhaling plaas. Oor die algemeen is die gesproke taal baie minder suiwer en verhewe as die geskrewe taal. Daarby bestaan die gevaar dat 'n mens in die vrye preek net altyd dieselfde woorde sal gebruik, sodat die vrye preek 'n sekere mate van woord-armoede in vergelyking met die uitgeskrewe preek sal vertoon.

Wie van poëtiese en kunstig-gestileerde preke hou, sal in die vrye preek die kulturele element mis. Die vraag is nou egter net wat die swaarste weeg. As die spontane preek kennelik kommunikatief soveel beter is as die kunstig-gestileerde uitgeskrewe preek, sal ons verplig wees om tog maar vir die spontane preek te kies, ondanks die swakhede wat die taalgebruik daarvan aankleef. Trouens, as die preek nie 'n lesing is nie, maar 'n lewende gesprek van die leraar met die gemeente, dan is dit verkeerd om aan die taalgebruik in die preek die vereistes te stel wat 'n mens aan 'n gedrukte lesing sou stel. Niemand praat tog soos hy skryf nie. Die predikant hoef hom dus nie daarvoor te skaam dat sy spreektaal spronge maak en nie in ooreenstemming is met die geskrewe woord nie. Dit hoort eenvoudig by die feit dat hy met die gemeente in 'n spontane gesprek wil tree. Aan die taal-armoede kan hy natuurlik wel iets doen. Dit is nie nodig om platvloers te praat, of om net 'n sekere beperkte woordeskat daarop na te hou, net omdat ons vry praat nie. As die predikant 'n kultuur-mens is, sal sy taal voldoende waardigheid hê om in die prediking bruikbaar te wees. In elk geval bly 'n gebrekkige maar spontane taal in 'n ontmoetingsituasie nog altyd verkieslik bo 'n fraai maar gekunstelde taal.

Die tweede beswaar wat gewoonlik na vore gebring word teen die vrye preek, is dat dit laksheid in die voorbereiding sal meebring as predikante aangeraai word om nie hulle manuskripte in die geheel uit te skryf nie. Daarby doem dan vanself die beeld op van die onvoorbereide predikant wat met 'n aantal los gedagtetjies op die preekstoel klim en ewe gemoedelik met die gemeente gesels. Niemand het natuurlik 'n goeie woord vir hierdie verskynsel nie. Daar bestaan nou egter die algemene opvatting dat hierdie soort onvoorbereide prediking alleen doeltreffend bekamp kan word deur daarop aan te dring dat die predikant sy preke volledig moet uitskryf. Dit dwing hom om meer tyd aan die

voorbereiding te bestee en om ten minste sy gedagtes goed te orden voordat hy op die kansel klim.

Oor die veroordeling van onvoorbereide prediking hoef daar geen verskil van mening te bestaan nie. Almal keur dit af. Wat egter wel beklemtoon moet word, is dat deeglike voorbereiding van 'n preek nie dieselfde is as om die preek uit te skrywe nie. As ons moes kies tussen onvoorbereide preke en uitgeskrewe preke, sou ons ongetwyfeld vir die laaste kies. Ons staan egter nie voor sodanige keuse nie. Daar is 'n derde moontlikheid. Dit is juis hierdie derde moontlikheid wat ons hier wil bepleit.

Die weg wat ons wil bepleit, is dat die predikant homself deeglik moet voorberei, indien moontlik selfs nog intensiewer as wat die voorstanders van 'n uitgeskrewe preek wil hê. Hy moet egter daarvan uitgaan dat die resultaat van sy voorbereiding nie 'n uitgeskrewe stuk sal wees nie, maar 'n vrye omgang met die gemeente waarby hy aan die gemeente die Woord moet oordra wat die Here tydens die voorbereiding op sy hart gelê het. Tydens sy hele voorbereiding moet sy blikpunt dus nie die vervaardiging van 'n manuskrip wees nie, maar die ontdekking van die boodskap wat hy aan die gemeente moet oordra en die wyse waarop hy die verskillende fasette daarvan die beste na vore kan bring. Hy moet hom voorberei op ’n *gesprek*-situasie, nie op ’n *lesing*-situasie nie.

Ons het tevore gesê dat die resultaat van die meditasie van die predikant oor sy teks moet wees dat hy 'n sketsplan van sy preek moet maak. In die sketsplan moet die tema of boodskap van die preek duidelik aangegee word, sowel as die hoofmomente wat hy in die preek wil uitwerk en beklemtoon. Ons het ook gesê dat hy sy sketsplan dan geleidelik moet invul, soos die fyner elemente van wat gesê moet word, hulle in sy voortgaande meditasie aan hom voordoen. Ons neem die draad van ons betoog op hierdie punt weer op as ons nou sê dat dit die prediker vrystaan om soveel van sy preek op skrif te stel as wat hy nodig mag ag en wat in ooreenstemming met sy geaardheid en gawes noodsaaklik is om aan hom die nodige steun op die kansel te verleen, *mits* dit net duidelik bly dat wat hy neerskryf, 'n steun vir die gesproke woord sal bly en dit nie sal verdring nie.

Wanneer die predikant 'n preekskets maak, selfs 'n taamlik uitgebreide preekskets, bied dit aan hom 'n steun vir sy geheue, terwyl dit aan hom tog die vryheid laat om in die konkrete ontmoeting met die gemeente vry te wees om die spontane woord te vind wat by die geleentheid pas. Dit maak nie saak hoeveel hy neerskryf onder elke punt wat hy na vore wil haal nie. Vir die een sal dit genoeg wees om net enkele woorde neer te skryf, vir die ander sal dit nodig wees om telkens 'n kort paragrafie neer te skryf waarin die hoofsaak van wat hy na vore wil bring, beknop saamgevat is. In albei die gevalle is daar egter nie sprake van 'n volledig uitgeskrewe manuskrip wat die prediker kan dwing om op die kansel volgens die psigologiese reëls van die geskrewe woord in plaas van volgens die psigologiese reëls van die gesproke woord met die gemeente te probeer verkeer nie. Wat hy na die kansel meeneem, moet net genoeg wees om nog tydens die laaste gesang voor die preek vlugtig nagekyk te kan word, ten einde die assosiasie met die ervaringe wat die predikant tydens die voorbereiding met die *teks* gehad het, opnuut by hom op te wek. As daar bepaalde momente in die preekstof is wat die predikant graag besonder noukeurig wil oordra, bestaan daar geen beswaar dat hy dit uitskryf en dié geskrewe gedeeltes openlik en sonder apologie benut nie. Veral sitate kan uitgeskryf

word - liefs op 'n afsonderlike bladsy - en aan die gemeente voorgelees word. Niemand verwag van die predikant om enigiets uit die hoof te leer nie. Niemand sal hom kwalik neem as hy dinge wat hy woordeliks wil aanhaal, aan die gemeente voorlees nie. Hoe natuurliker en openliker hy op die kansel met die gemeente omgaan, hoe beter. Die hoofsaak waarom dit egter gaan, is dat al hierdie uitgeskrewe brokke hulle plek moet inneem binne 'n preek wat wesenlik vry is en spontaan in die vorm van 'n gesprek verloop. Alleen op hierdie manier is dit vir die predikant moontlik om die gemeente in die oë te kyk en op die reaksies uit die gemeente in te speel. Alleen op hierdie manier kan die predikant sy eie hoogste prestasie as prediker lewer en kan hy vry bly vir nuwe gesigspunte wat selfs tydens die prediking aan hom gegee word.

Daar is predikante wat sê dat hulle nie vry kán preek nie, omdat hulle nie die gawes daarvoor het nie. Natuurlik is dit waar dat daar tussen mense 'n verskil in begaafdheid is. Almal het nie dieselfde spraakaanleg en redenaarstalent nie. Daar is sulke dinge as gebore sprekers. Tog moet 'n mens ook nie hierdie kant van die saak oorbeklemtoon nie. Omdat spraak en taal dinge is wat met die wese van die mens saamhang, is die gemiddelde mens op hierdie terrein genoegsaam begaafd om te kan beantwoord aan die eise wat aan hom gestel word. Vir die sg. hoëre kunste, soos die digkuns, skilderkuns, musiek en dergelike meer is sonder twyfel 'n bo-gemiddelde begaafdheid nodig as daarin presteer moet word. Op die gebied van suksesvolle kommunikasie deur die gesproke woord is dit egter anders gesteld. Hier speel die natuurlike aanleg ook wel 'n rol, maar dié rol is nie so beslissend as in die geval van die sg. hoëre kunste nie. Op die basiese aanleg van die mens om deur middel van spraak te kommunikeer kan deur middel van oefening en onderrig voortgebou word tot op 'n peil van vaardigheid as spreker wat heeltemal voldoende is vir die eise wat in die prediking gestel word.

Veral as ons nou nog onthou dat die soort "redenaarskuns" wat in die prediking beoefen moet word, dié is van 'n gesprek binne 'n vertroude groep, is dit duidelik dat geen predikant behoort te sê dat hy nie genoegsaam begaafd is om vry te kan preek nie. Dieselfde predikant wat beweer dat hy nie begaafd genoeg is om vry te kan preek nie, kan soms wonderlik welsprekend wees in sy gewone omgang met mense. Die eintlike probleem met die vrye preek is nie soseer geleë op die terrein van die natuurlike begaafdheid van die predikant nie, maar op die gebied van sy instelling teenoor die preek. Dikwels vrees ons die kansel, omdat ons bang is om flaters te maak. Eintlik vrees ons ook die mense, omdat ons bang is dat hulle vir ons sal lag of ons gering sal ag.

Die oplossing van hierdie probleem is daarin geleë dat die predikant sy instelling teenoor die prediking én teenoor die gemeente onder oë moet sien en dat hy bereid moet word om al sy vrese en kleinserigheid aan die Here af te gee. Dit is 'n daad van heiligmaking. 'n Mens moet ook as predikant leer om jouself baie minder ernstig op te neem as wat jy geneig is. Ook vir die predikant geld die paradoksale waarheid dat, namate hy homself en sy eie preek minder ernstig opneem en meer vertrou op die Woord en die Gees van Christus wat in die Skrif en die gemeente aanwesig is, hy ook doeltreffender kan preek.

Wanneer die predikant met 'n sekere rustigheid en innerlike vreugde die Woord kan verkondig op 'n spontane wyse, word dit vir die gemeente byna vanself boeiend. Sy eie begrip van en ervaring met die Woord spring in die kontak tussen hom en die gemeente op die luisterende

gemeente oor. Hulle kan hom ook makliker verstaan, want in sy aanbieding van die stof volg hy die beginsels van die gesproke woord. Die gesproke woord het sy eie ritme en digtheidsgraad. Die beginsel van redundansie tree daarby in werking, dit wil sê, die beginsel dat ons in die spreektaal 'n omhaal van woorde gebruik om iets te sê wat op papier baie korter geformuleer kan word. Dié omhaal van woorde is nie iets onnodigs wat liewer uitgeskakel moet word nie. Natuurlik is daar aan enigiets grense, en 'n alte groot omhaal van woorde kan vervelend wees. Tog is dit waar dat '11 aantal onnodige woorde eenvoudig noodsaaklik is in die omgang tussen mense.

In die preek is dit selfs nog meer noodsaaklik as in ander "toesprake" dat daar heelwat ruimte vir redundansie sal wees, omdat die preek nie saaklike of tegniese informasie bevat nie, maar daarop bereken is om mense te beïnvloed met die oog op hulle totale lewensinstelling. Daarvoor is nodig dat hulle op 'n totaler manier aangespreek moet word as wat deur middel van saaklike en beknop-geformuleerde mededelinge moontlik is. Die gemeente moet onder andere ook emosioneel in beweging gebring word deur wat hulle hoor. Hiervoor is die spontaan-gesproke woord met sy rykdom aan toon en aksentwisseling, met sy vermoë om meer te sê as wat daadwerklik uitgespreek word, uitnemend geskik.

As die prediker homself heeltemal tot beskikking van sy boodskap stel en in die totaliteit van sy persoonlikheid daardeur beweeg word, sal hy vind dat hy gedurende die preek deur sy boodskap gedra word. Onder die kragtige hand van die Heilige Gees sal hy die gemeente kan beweeg om te sien wat hy sien, te voel wat hy voel en te glo wat hy glo. Eers dan is hy werklik 'n getuie vir die Woord van God wat bereid is om homself op die spel te plaas vir die waarheid van die dinge waaroor hy getuig.

## Die eietydse karakter van die prediking

Ons het dit tot nou toe herhaaldelik beklemtoon dat prediking die verkondiging van die Woord van God aan 'n spesifieke gemeente in sy konkrete situasie is. Daarmee is vanself ook gesê dat die preek nooit iets tydloos mag wees nie. Dit is iets vir 'n bepaalde moment. Dit het 'n bepaalde datum, selfs 'n bepaalde uur.

'n Geslaagde preek het dan ook iets onherhaalbaars aan hom. Natuurlik kan 'n predikant dieselfde stof meer as een keer gebruik, maar hy moet hom elke keer opnuut voorberei vir die nuwe situasie waarin hy die Woord sal moet bedien. Hy moet die vryheid hê om wysiginge aan te bring na die eis van omstandighede en nie verwag dat hy 'n tweede keer presies dieselfde ervaringe met 'n preek sal hê nie.

Dit is om hierdie rede ook so ondoenlik om die gepubliseerde preke van ander predikers oor te neem, Dit spreek vanself dat 'n predikant baie gehelp kan word deur die lees van gepubliseerde preke. Die nut van 'n gepubliseerde preek is egter nie dat 'n mens dit netso kan oorneem vir gebruik in jou eie gemeente nie, maar dat 'n mens deur die krag en die swakheid van die preke van iemand anders gehelp kan word om self beter en bybelser as hy te preek. Juis wanneer ons die preke van ander negatief moet beoordeel, kan hulle ons help om te ontdek hoe ons dan self oor 'n bepaalde Skrifgedeelte behoort te preek.

Dat dit onmoontlik is om 'n preek uit 'n preekbundel netso oor te neem, hang nie net saam met die geskrewe karakter daarvan of met die feit dat dit nie ons eie gedagtes bevat nie, maar berus ook op die feit dat dit in 'n totaal ander situasie tot stand gekom het as dié waarin óns moet preek. As dit daarby nog gaan om 'n preek uit 'n ander land of eeu, is dit uiters onwaarskynlik dat dit presies afgestem kan wees op die behoefte van ons gemeente. Dit is onbegryplik hoe sommige predikante dit kan regkry om preke van Andrew Murray of selfs van Spurgeon byna sonder enige wysiging oor te neem en te gebruik. In die meeste gevalle sal predikante sulke preke sterk wysig, al is dit net dat hulle Spurgeon se preke drasties sal verkort en dié van Andrew Murray van argaïstiese uitdrukkings sal suiwer. Heeltemal sonder wysiginge sal hulle net nie bruikbaar wees nie.

'n Preek wil immers die aktualiteit van die Woord van God aan bepaalde mense in 'n spesifieke situasie ontdek. Dit wil vir hulle sê wat die Woord van God vandag vir hulle beteken. Daarom dra die verkondiging altyd 'n eietydse karakter. Wie hom met die geskiedenis van die prediking deur die eeue besig hou, merk al spoedig hoe die prediking voortdurend verander het in 'n poging om in die eietydse situasie in te spreek. Elke tyd het sy eie probleme, versoekinge, kortsigtighede en beperkinge. Elke tyd het ook sy eie manier van praat en van dink. Dit is wel dieselfde Woord van God waarmee die kerk van alle eeue besig was, maar elke tyd het op sy eie wyse daarin troos en vermaning gevind. Die ewige evangelie van Gods genade in Christus Jesus verander nie, maar die rykdom daarvan is so groot, dat dit nooit deur die mense van een tyd ten voile verstaan kon word of in die prediking vertolk kon word nie. Op die weg van die Bybel deur die geskiedenis ontdek die kerk telkens weer dat daar, by alles wat gelyk mag bly met betrekking tot die boodskap van die weg van saligheid, 'n geweldige variërende element is in die kerk se insig in die betekenis van die evangelie vir ons lewe in die wêreld.

Dit is hierdie feit wat dit noodsaaklik maak dat die prediker hom bewus daarop moet toelê om eietyds te wees in sy verkondiging. In 'n sekere mate gebeur die inspeling van die prediking op die node van die eie tyd spontaan. Selfs die prediker wat aan homself geen rekenskap daarvan gee nie, lê hom daarop toe om só te preek, dat sy woord die mens van sy tyd in sy konkrete behoeftes raak. Tog is dit beter om ons bewus met die eietydse karakter van die prediking besig te hou. Dit is naamlik altyd gevaarliker om onbewus deur die tydgees beïnvloed te word, as om aan jouself rekenskap te gee van wat die tydgees is en hoe jy daarteenoor behoort te staan. Daar leef tog geen mens wat nie deur die tydgees beïnvloed word nie. Selfs as hy hom daarteen verset, ondergaan hy die invloed daarvan op 'n diepgaande wyse. Daarom is dit beter om te probeer om ons tyd te verstaan en doelbewus die behoefte daarvan in die visier van die prediking te kry.

Dit is te meer belangrik om dit te beklemtoon, omdat daar in die kerk dikwels 'n ingeboude neiging tot konservatisme is. Die kerk leef natuurlik by die regmatige besef dat hy die pand van die evangelie wat aan hom toevertrou is, moet bewaar. In die praktyk gaan dit nou egter dikwels só, dat die kerk nie duidelik genoeg onderskei wat die bewaring van die evangelie is, en wat sommer net 'n ongedefinieerde drang tot bewaring van die gewordene is nie. Hierdie soort instelling kan meebring dat die kerk omtrent altyd negatief staan teenoor sy eie tyd en feitlik altyd die verlede beter vind as vandag. Dit kan op sy beurt weer daarop uitloop dat die kerk nie bewus soek na aansluiting by die taal- en denkwêreld van die eie tyd nie, maar volhard in die taal en denke van 'n tyd wat verby is. Daarmee sny hy die weg af tot 'n vrugbare vervulling van sy roeping. Die mense wie se taal hy praat, is al dood. Dié taal word nog net verstaan deur 'n klein binnegroep wat nie kultureel baie aktief meeleef met hulle eie tyd nie. Vir die groot menigte het die taal van die kerk dan egter onverstaanbaar geword.

As die kerk sy roeping moet vervul, moet hy op sodanige wyse kan preek, dat die mense kan verstaan wat die kerk wil sê en dat hulle kan sien dat die boodskap wat deur die kerk verkondig word, iets te make het met hulle praktiese lewe. Om dit te kan doen, moet die kerk sy eie tyd verstaan en daarin slaag om die evangelie in verband te bring met die tyd. Daarvoor is baie meer nodig as maar net 'n bietjie "aanpassing" by die tyd deur 'n paar populêre woorde in die preek te gebruik of deur na die nuutste nuusberigte in die koerant te verwys. Wie hom op dié weg begewe, mag uitkom by aktualisme, wat 'n karikatuur is van ware aktualiteit en eietydsheid. Wat nodig is, is dat die behoefte van die tyd gepeil moet word en dat die tyd vanuit die evangelie deurlig word tot op sy bodem, maar dan in 'n idioom wat binne die referensiekader van die mens van vandag val. As ons na die Nuwe Testament kyk, sal ons merk hoe die apostels in hulle verskillende briewe telkens van verskillende voorstellinge en begrippe gebruik maak om dieselfde boodskap van Gods openbaring in Christus oor te dra en te verduidelik. Hierdie verskillende voorstellinge en begrippe het nie uit die lug geval nie, maar is ontleen aan die leef- en denkwêreld van diegene aan wie die briewe gerig is. Met 'n aanpassing van die evangelie aan die mens se eie opvattings en dus met 'n reduksie van die evangelie tot wat vir die vleeslike mens aanvaarbaar sal wees, het dit niks te make nie. Juis die aanstootlike van die evangelie vir die vlees kan op die allerbeste wyse in die lig gestel word, as dit verkondig kan word in 'n taal wat mense kan verstaan.

Daar bestaan 'n groot gevaar dat die woorde wat ons vanaf die kansel gebruik, vir baie mense in die kerk nie meer ten voile verstaanbaar is nie. Daarmee bedoel ons nie net dat die predikant self 'n argaïstiese kanseltaal kan gebruik of 'n taal wat deurspek is met teologiese terme wat deur geen gewone mens behoorlik begryp kan word nie. Dit is op sigself reeds 'n geweldige euwel. Baie predikante se taal is so vol cliché's, dat dit niksseggend geword het. Juis die oor-vertroudheid daarvan maak dit onhoorbaar vir die gemeente, gestel nog dat die dominee self presies weet wat hy daarmee bedoel. Vir 'n deel van die gemeente is dit natuurlik nie belangrik of hulle presies verstaan wat met al die cliché's bedoel word nie. Hulle is dood-gelukkig as hulle die vertroude klanke opnuut in die kerk gehoor het, veral as die dominee dit met die regte predikante-intonasie en stem kan uitspreek. Op diegene wat egter nie net na die erediens kom om daar bevestig te word in wat hulle reeds dink nie, maar kom soek na die waarheid en die relevansie van die boodskap van Gods Woord, maak dit 'n onwerklike indruk. Hulle vind die predikant dikwels bombasties, oordrewe, te dierbaar en te onsaaklik. Vir baie is hy te vroom om eg te kan wees. Ons tyd verstaan eenvoud en direktheid en ons hou meer van 'n "understatement" as van geswollenheid en byvoeglike naamwoorde. 'n Predikant wat die gemeente vandag wil bereik, moet soek na die sober en suiwer woord. Die tyd van die predikante-stem en geblomde kanseltaal is verby. Die meeste mense kan net nie meer daarna luister nie.

Tog, soos ons gesê het, gaan dit nie net om die kanseltaal nie. Dit gaan om die hele idioom van die kerklike spreke. Daar is baie mense wat net nie meer die woorde begryp wat deur die predikant sowel as deur die kerklike "in-group" gebruik word nie. Of dié woorde direk aan die Bybel ontleen is en of dit uit die belydenisskat van die kerk stam, maak daarby nie soveel verskil nie. Die feit is dat sulke woorde soos bekering, wedergeboorte, regverdigmaking, heiligmaking, die bloed van die Lam en dergelike meer, dikwels totaal ander assosiasies by die hoorder opwek as wat deur die predikant veronderstel word. Dit is 'n feit waarmee by die voorbereiding van die preek deeglik rekening gehou moet word. Die predikant behoort hom rekenskap te gee van die vraag watter betekenis die meeste van sy hoorders aan die woorde uit sy teks gaan heg. Hy behoort homself ook krities af te vra of sy preek werklik daartoe sal meewerk om hulle dié woorde te laat begryp, omdat hy dit met hulle voorstellingswêreld in verband gaan bring. In baie gevalle maak die preek die verstaan van 'n teks nog moeiliker, omdat dit net nog 'n hele klomp onomlynde begrippe toevoeg aan die reeds onbegrepe begrippe wat in die teks aanwesig is.

Ons sal egter nog op 'n ander kant van die saak moet let. Dikwels is dit nie net die woorde self wat die preek vir die gemeente onverstaanbaar maak nie, maar die hele gees wat deur die preek geadem word. Ons moet nie vergeet dat die Afrikaner reeds baie meer gesekulariseerd is as wat 'n mens op die oppervlak sou oordeel nie. Met die sekularisasie is daar egter vanself 'n hele aantal moeilikhede vir die geloof gegee. Die groot vanselfsprekendheid en probleemloosheid waarmee die Bybel en die evangelie deur die nie-gesekulariseerde mens benader is, het reeds by baie van ons mense verdwyn. Dit bring mee dat hulle die Bybel binne 'n nuwe klimaat benader. As die predikant heeltemal geen besef daarvan het nie, maar in sy prediking nog steeds die probleemloosheid van vroeër veronderstel, praat hy onherroeplik aan die mense verby. Hy sal daarmee moet rekening hou dat die ervaringswêreld van die moderne mens iets anders is as die wêreld waarmee hy in die Bybel in aanraking kom. As hy

nooit op hierdie verskil ingaan nie, werk hy of 'n dualisme by die gemeente in die hand, of hy laat die gemeentelede ly onder die besef van die onwerklikheid van die Bybel vir mense soos hulle.

In 'n tyd waarin steeds meer mense geplae word deur die ervaring van die afwesigheid van God, kan dit besonder irriterend op hulle inwerk as die predikant geen blyke daarvan gee dat hy iets verstaan van hierdie kultuur-historiese ontwikkelingsfase waardeur ons tans gaan nie. Veral as hy op en onder die kansel op 'n byna familiêre wyse oor en met God praat, kan dit maklik die teenoorgestelde uitwerking hê as wat hy beoog, naamlik om sulke mense onder die indruk te bring van die teenwoordigheid van God. Daar is predikante wat geen blyke daarvan gee dat hulle kontak gehad het met die pynlike worsteling wat die kritiese Westerse mens gedurende die afgelope eeue deurgemaak het nie. Hulle ignoreer in hulle bediening die behoefte aan opheldering wat daar by sulke mense met betrekking tot die verhouding tussen geloof en rede of geloof en wetenskap aanwesig is. Hulle verstaan niks van die diepgaande skepsis waarmee sulke mense teenoor die kerk in sy empiriese gestalte en historiese gewordenheid vervul is nie. Dat dit volledig aweregs werk om by sulke mense met 'n groot-woord-vroomheid aan te kom, voel hulle nie aan nie. Dit is nie vreemd dat sulke predikante op hierdie soort gemeentelid die indruk van verregaande naïwiteit maak nie - wat uiteraard iets anders is as die kinderlikheid van 'n geloof wat in die aangesig van alle teenspraak aan Gods Woord vashou.

Ons kan ons oë nie daarvoor sluit dat die mens in ons tyd, juis in die aangesig van sy gebrek aan die ervaring van Gods direkte teenwoordigheid, steeds kritieser word teenoor elke vorm van religieusiteit wat nie daarin kan slaag om sy groot woorde in die praktyk van die lewe waar te maak nie. As die Christendom die boodskap bring dat God 'n mens kan verlos, dan wil die mens van vandag ook iets van daardie verlossing by die Christene kan sien. Miskien was daar tye waarin die mense genoeë kon neem met 'n streng vertikalistiese boodskap van 'n verlossing wat net op die mens se verhouding tot God betrekking het en weinig of geen effek in die mens se aardse bestaan het nie. In ons tyd is 'n dergelike boodskap vir die mense volkome ongeloofwaardig. 'n Mens sou hierdie eis wat die moderne mens stel, alleen as 'n ongeoorloofde eis kon bestempel, as jy nie die implikasies van die Christelike geloof verstaan nie. Die Bybel gaan ons daarin voor om te verkondig dat die verlossing in Christus nie net iets is vir die hiernamaals nie, maar ook iets is vir "die teenwoordige wêreld" (Titus 2:12). Die Skrif laat ons verstaan dat die heerskappy van Christus iets totaals is wat elke aspek van ons aardse lewe omvat. Daarom het mense heeltemal gelyk as hulle verwag dat die lig van die verkondiging op alle aspekte van ons menslike lewe moet val. Hulle het die reg om te vra dat dit in die verkondiging duidelik moet word watter verandering ons verhouding tot God maak vir ons verhouding tot ons medemense en tot die kultuur, tot die vraagstukke waarmee die mensheid vandag worstel en tot die toekoms wat op ons aarde wag.

Wie in ons tyd wil volstaan met 'n piëtisties-versmalde boodskap wat altyd net weer die persoonlike siele-heil en die individuele heiliging beklemtoon, sonder om te konkretiseer wat die verlossing deur Christus vir ons hele lewe beteken, loop gevaar om 'n tydlose boodskap te verkondig. Hoe fundamenteel en onontbeerlik dit ook is om aan hierdie dinge aandag te gee,

dit is tog ook 'n soort vlug uit die werklikheid as die bekering nie gepreek word in sy konkrete gestalte binne die situasie waarin die mens vandag lewe nie. Die bekering geskied wel vanuit die hart, maar dit bly nie tot die hart beperk nie. Dit strek hom oor die hele lewe uit, tot in die verste vertes van die praktyk. Bekering het nie net 'n vertikale dimensie nie, maar baie beslis ook 'n horisontale dimensie. Baie predikante preek Sondag aan Sondag, more en aand niks anders nie as dat ons 'n keuse vir Jesus moet maak, Hom moet ontmoet en aanneem. Natuurlik gaan dit daarin om die hart van die evangelie. Maar wanneer dit net altyd in 'n streng-individuele sin verkondig word as iets wat net tussen die mens en Christus plaasvind, sonder dat dit duidelik word wat die voile implikasies daarvan vir die hele lewe van die mens is, bly dit vaag en is dit 'n verkorting van die boodskap van die Skrif.

Daar is tog baie lidmate in die kerk wat die persoonlike keuse vir Christus gemaak het. Om elke dag opnuut weer by hulle aan te dring op die eerste daad van bekering en aanname van Christus, is 'n poging om mense wat behoefte aan vaste spyse het, met melk te voed (1 Kor. 3:2; Hebr. 6:1-3). Sulke mense moet opgebou word in die geloof, wat beteken dat die boodskap van die Skrif in sy volheid aan hulle verkondig moet word, sodat hulle die voile konsekwensies daarvan vir hulle hele lewe kan verstaan. Christus is tog nie net tot geregtigheid aan ons gegee nie, maar ook tot wysheid en heiligmaking en 'n volkome verlossing (1 Kor. 1:30).

Nou is dit waar dat daar sommige van ons lidmate is wat onder hierdie "vaste spyse" net dink aan 'n prediking oor 'n besondere ervaring van Geestesvervulling in die individuele sin. Uit allerlei sektariese en semi-sektariese groepe word aan hulle gesuggereer dat dit eintlik is wat die kerk kortkom, naamlik die voile evangelie van die Geestesdoop en die Geestesgawes. Dit is geen wonder dat so baie van ons lidmate onder die indruk van hierdie standpunt van die sektariese groepe kom nie. In 'n kerk waarin die verkondiging net altyd by die individuele heil bly staan, maar daardie heil dan ook weer telkens net verkondig word in die vorm van 'n oproep tot die aanneem van Christus tot vergiffenis van die sondes, word potensiële oorlopers na die sektes gekweek. Die lidmaat wat Christus al wel tot vergiffenis van sondes aangeneem het, maar die kerk niks verder oor die saak hoor sê nie, sal uiteindelik meen dat hy by die sekte 'n vollediger boodskap hoor en hom daarby gaan voeg.

Die tragiese is dat hy daarmee nog net dieper getrek word in 'n eensydige benadering van die Christelike boodskap. Geen enkele sekte kan daarin slaag om die verhouding tussen die skepping en die herskepping reg te sien nie. Dit is 'n wesenlike element van hulle spiritualisme, dat hulle geen verband kan lê tussen die geestelike lewe en die gewone lewe van elke dag, tussen die verlossing en die kultuur, tussen die heil en die aardse lewe nie. Daarom leef hulle voortdurend in 'n dualisme, waarby hulle aan die een kant geweldig geestelik kan wees, maar aan die ander kant soms ook onvoorstelbaar vleeslik. Hulle kan nie die heerskappy van Christus oor alle terreine van die lewe soek nie, omdat hulle te veel behep is met 'n sug na die buitengewone, selfs die bonatuurlike, wat in allerlei vreemde ervarings in die individuele vroomheid gesoek word. Hulle trek hulleself terug in 'n oorgeestelike ghetto, maar gee daarmee terselfdertyd die wêreld aan die heerskappy van die duiwel oor. Wat hulle nie merk nie, is dat hulle opvatting van bekering en heiligmaking daarmee uiters eensydig word. Hulle soek nie meer die bekering van die hele aardse lewe en die heiliging van die openbare lewe nie, maar konsentreer net op die binne-werk van die hart. Omdat hulleself egter nie anders

kan as om deel te neem aan die aardse en sigbare lewe nie, kan hulle op dié terrein maar alte dikwels sonder verdere nadenke volledig in die vlees optree. Hulle kan in die handel en in die politiek, in die kultuur en in die wetenskap geen getuienis vir Christus lewer nie, omdat hulle Christus nie met hierdie dinge in verband bring nie.

Gelukkig is nie al ons lidmate van hierdie soort nie. Daar is ook van ons lidmate wat iets verstaan van die omvattende betekenis van die koninkryk van God. Ons sal in die prediking veel meer aandag aan hierdie aspek van die bekering en die heiligmaking moet gee. Dit beteken dat ons die konsekwensies van die Woord van God vir die voile lewe van die mens in die prediking na vore sal moet bring. Ons sal die relevansie van die boodskap van die Skrif vir die praktiese lewe veel meer duidelik moet maak.

Miskien sal daar dan ook veel minder geklae hoef te word dat ons preke moeilik is. 'n Abstrakte preek wat nie daarin kan slaag om die groot woorde van ons belydenis in hulle praktiese betekenis vir die gewone lewe te ontdek nie, maak altyd op die gemeente 'n moeilike en teoretiese indruk. Wat die predikant sê, mag teologies heeltemal korrek wees en sy preek mag die spore dra van veel ernstige voorbereiding, maar as dit nie uitloop op 'n glashelder heenwysing na die praktyk nie, is dit as preek 'n mislukking.

Dit is om hierdie rede dat dit so noodsaaklik is om die boodskap van die Skrif in die prediking deur te trek tot op vandag en dit te "vertaal" in die terme van vandag. 'n Preek wat net die bybelse woorde en terme herhaal, kan teologies korrek wees, maar is tog nie eintlik 'n preek in die ware sin van die woord nie. Dit het nog nie die "omslag" voltrek wat noodsaaklik is om die mens van vandag te laat besef dat ook hy met sy eie situasie in die woorde van die Bybel bedoel word nie.

Om daarin te slaag, is dit dikwels noodsaaklik dat die prediker die bybelse woorde eers weer in hulle *vreemdheid* aan die gemeente moet laat sien. Dit is juis die groot vertroudheid van die Bybelwoorde wat dikwels meebring dat die gemeente hulle nie meer kan hóór nie. Die gemeentelede ken van kleins af groot gedeeltes van die Bybel, soms byna van buite. Daar hang vir hulle geykte toepassings aan die woorde van die Bybel. Hulle is soos mense wat in 'n gebied woon wat deur baie toeriste vanweë sy besienswaardigheid besoek word, maar wat self nie meer merk hoe merkwaardig hulle omgewing is nie, omdat hulle dit te goed ken. Baiekeer sal dit blyk dat hulle hulle eie omgewing heeltemal nie so goed ken as wat hulle dink nie, en dat 'n toeris baie meer feitekennis oor hulle omgewing besit as hulself. So is baie gemeentelede op 'n uiterlike manier met die Bybel vertroud, maar die ware betekenis daarvan vir hulle lewe gaan in 'n groot mate aan hulle verby.

As die prediking vir sulke mense iets moet beteken, dan moet dit hulle eers weer bewus maak van die vreemdheid van die Bybelwoorde, sodat hulle dit 'n keer weer goed kan hoor. Daarvoor kan dit noodsaaklik wees om die bybelse woorde en terme oor te bring in woorde, beelde en uitdrukkings wat aan die hedendaagse lewe en wêreld ontleen is. Die huidige poging om "dinamiese" vertalings van die Bybel te maak, is 'n groot stap in hierdie rigting. Die prediking sal ook nie daaraan verby kan kom om voortdurend met so 'n vertalings en om-talingsarbeid besig te wees, ten einde die evangelie uit te spel in terme wat die moderne mens

kan wakkerskud, omdat die geykte klank daarvan afgestroop word en die radikale betekenis daarvan onder sy aandag kan kom nie.

As die prediker daarin kan slaag, sal hy aan die mens van vandag kan toon hoe relevant die Bybel is. Die Bybel is ons altyd vóór. Die Bybel kan nie verouder nie. Die funksie van die prediking is onder andere om dit duidelik te maak. Slegs 'n prediking wat hiermee ten volle erns maak, kan 'n aktuele prediking heet.

## Aktuele prediking

As prediking die vrye, profetiese verkondiging van die Woord van God in die aktuele situasie van die gemeente is, is die vraag hoe die Woord van God in die situasie van die gemeente gekonkretiseer moet word, 'n vraag van die opperste belang.

Om begryplike redes het die prediking vanself 'n neiging om in vaagheid en algemeenheid te bly steek sodra dit op die punt kom waar in konkrete terme uitgespel moet word wat hierdie teks vir die gemeente in sy situasie beteken. Een van die redes daarvoor is dat die versamelde gemeente 'n ryke geskakeerdheid vertoon. Dit bestaan uit mense van alle ouderdomme, stande en beroepe, opvattings en kulturele ontwikkeling. Hoe moet die predikant sy teks konkretiseer, dat hy vir al hierdie mense 'n boodskap kan deurgee waarmee hulle na die huis kan gaan?

Hierdie aspek van die saak word in ons tyd baie sterk beklemtoon. Dit word selfs gebruik as argument waarom die prediking in die erediens as betekenisloos afgeskryf word. Daar word geredeneer dat die prediking vroeër miskien meer betekenis kon gehad het, toe die samelewing nog in 'n groot mate 'n eenheid was waarvan die lede sosiaal en kultureel in 'n vaste patroon verbind was. Hulle het dieselfde probleme gehad en mekaar se taal verstaan. Die moderne samelewing word egter deur 'n groot mate van diversiteit gekenmerk, waardeur die afsonderlike lede tot kleiner "spesiale" groepe gaan behoort, wat elkeen sy eie leef- en denkwêreld het. Hoe kan die prediking dan daarin slaag om die boodskap vir elkeen van hierdie groepe te konkretiseer? Afgesien daarvan dat die predikant self maar net tot sy eie klein groepie behoort en dus onbevoegd is om oor die probleme en omstandighede van die ander groepe te praat, word hy deur die aard van sy gemeente se samestelling gedwing tot 'n vaagheid en algemeenheid in die prediking wat, so word dan gesê, die prediking betekenisloos maak. Op grond hiervan pleit sommige in ons tyd vir 'n vervanging van die erediens met sy "algemene preek" deur 'n aantal groepsbyeenkomste waarby die besondere probleme van elke groep aandag kan geniet.

Hierdie argument neem soms ook nog die vorm aan dat klem gelê word op die feit dat daar in ons tyd 'n groot gaping tussen die woon- en die arbeidswêreld van mense gekom het. Vroeër het gemeentelede gewerk waar hulle gewoon het. Vandag is dit nie meer die geval nie. Die meeste van hulle werk êrens in die groot stad of in die besigheids- of industriële sentra, terwyl hulle in die voorstede woon. In die voorstede waar hulle woon, staan die skole en die kerke, omdat die kerk in 'n groot mate vashou aan die territoriale gemeente. Tog val die groot beslissings van mense se lewens vandag nie meer op die plekke waar hulle woon nie, maar op die plekke waar hulle werk. Die kerk het egter die middestad ontruim en het so nie net letterlik nie, maar ook geestelik aan die rand van die moderne lewe te staan gekom. Die gevolg is dat die prediking hom nog besig hou met die randgebeurtenisse van die mens se woonwêreld - sy slaapplek - terwyl die groot sentrale gebeurtenisse van die industriële, ekonomiese en politieke lewe eenvoudig aan die prediking verbygaan. Dit beteken dat dié soort dinge waaroor die dominee in die voorstad preek, nie van beslissende betekenis vir die samelewing is nie. Dit mag wel 'n bepaalde rol vervul, maar dit is geen wesenlike rol nie. Dit behoort tot die *decorum* van die lewe, maar nie meer tot die hart daarvan nie.

Die implikasie hiervan is duidelik. Die argument is dat die kerk met sy algemene prediking magteloos is om enige veranderinge van betekenis in die samelewing tot stand te help bring, eenvoudig omdat die kerk nie kan inspreek in die kern van die sake waarom dit vandag in die wêreld gaan nie. Die prediking is nie aktueel nie. Tensy dit aktueel word, is dit gedoem om 'n betekenislose randverskynsel van die groot wêreld van ons dag te word.

Sonder om heeltemal die gewig van hierdie argumente te wil ontken, is dit nodig dat 'n mens tog 'n paar opmerkinge moet maak om die saak in die regte perspektief te probeer hou. Hoe waar dit ook is dat daar in die moderne samelewing 'n groot mate van pluraliteit aanwesig is, kan dit tog nie ontken word nie, dat daar ook magtige faktore is wat die verskillende lede van die samelewing, ondanks hulle onderlinge verdeeldheid in gespesialiseerde groepe, gemeenskaplik verbind. As 'n mens soms luister na sosioloë en andere wat die verskeidenheid in die samelewing breed uitmeet, kry jy die indruk dat hulle hierdie kant van die saak oor-aksentueer om hulle argument te kan bewys. In die werklike lewe is dit immers nog lank nie so erg dat mense binne dieselfde samelewing in totaal verskillende wêrelde teregkom nie. Dit is wel waar dat die massaliteit en die pluraliteit die samelewing onoorsigtelik maak en mense wat langs mekaar lewe, tot totale vreemdelinge vir mekaar laat word. Tog is dit ook waar dat daar faktore is wat die lede van die samelewing onderling verenig op sodanige manier, dat dit nie by voorbaat gesê kan word dat hulle nie meer in dieselfde preek aangespreek sou kon word nie.

Immers, al die verskillende lede van die samelewing is tog mense, mense wat in hierdie tyd lewe en te make het met dieselfde probleme van die moderne maatskappy. Hulle deel in 'n breë sin in dieselfde kultuur, al sal hulle ook op 'n verskillende manier daaraan deel hê en dit op 'n verskillende manier verwerk. Hierdie soort verskeidenheid is nie net iets van die moderne samelewing nie. Dit was altyd al daar. Dit is 'n vraag of die Westerse mens sedert die dae van die stamkultuur ooit so 'n hegte kulturele eenheid was as wat bepaalde kultuur-filosowe en sosioloë ons graag by wyse van kontras met die moderne samelewing voor oë hou. Binne die groter kulturele eenheid kan daar allerlei verskeidenheid voorkom wat tog nie noodwendig die eenheid verbreek nie.

Daar kom egter nog iets by. Deur die massa-media en die vermaaklikheids- en ontspanningslewe word die lede van ons samelewing op 'n baie intensiewer manier aan mekaar gelyk geskakel as wat die beklemtoning van die groot pluraliteit van ons kultuur 'n mens sou laat vermoed. Die lede van die samelewing is dus nie so onbekend met mekaar se leefwêreld as wat soms voorgegee word nie. Daar is wel gespesialiseerde terreine van hulle lewe waarvan die ander niks af weet nie, maar daar is ook breë gemeenskaplike terreine. Anders sou ook politieke partye nie goed kon funksioneer nie en sou die spontane aksies waartoe die massa-media soms groot gedeeltes van die bevolking kan aanspoor, uitgeslote gewees het.

Uit die gesigshoek van die kerk gesien, is die feit dat alle lede van die samelewing tog mense is, van die allergrootste belang. Hulle het almal deel aan dieselfde sondige natuur, hulle het almal die ewigheid wat in hulle hart gelê is, hulle is almal verplig om op een of ander manier met die groot vrae van die lewe, dood en skuld klaar te kom. Al sal dit in hulle verdof, al sal dit uit hulle uitgepraat en uitgeskud word deur die moderne lewe, op die bodem van hulle hart

sal die morele besef bly lê dat hulle verantwoordelik is, al weet hulle nie aan wie nie. Daarom is hulle behoefte aan verlossing ook dieselfde. As die kerk hulle tot stilstand kon roep, as die kerk met hulle kon praat totdat hulle begin dink, dan sou dit moontlik wees om te ontdek dat hulle almal, elkeen op sy eie wyse miskien, 'n gemeenskaplike nood het, 'n gemeenskaplike honger en dors wat nie 'n honger en dors na brood en water is nie, maar na die lewende God.

Dit beteken dat daar basiese dinge in die Christelike verkondiging is wat vir alle mense betekenis het. 'n Bepaalde graad van algemeenheid in die prediking is dan ook nie net duldbaar nie, maar sonder meer noodsaaklik. Konkretisering van die teks in die situasie van die gemeente beteken nie sonder meer 'n konkretisering met die oog op die spesiale probleme wat 'n man by sy werk ondervind nie. Dit beteken óók die konkretisering met die oog op sy sonde en skuld, sy oneerlikheid en onreinheid, sy ontrou en selfsug. Ook dit behoort immers tot die situasie van die gemeente. In die argumente wat hierbo genoem is vir die betekenisloosheid van die prediking, sal ons dus tussen waar en onwaar moet onderskei. Dit is waar dat die prediking in 'n groot mate betekenisloos is as dit nie konkreet word nie. Dit is egter nie waar dat daardie konkreetheid net betrekking het op die gespesialiseerde probleme van afsonderlike groepe nie. Daar is groot velde van gemeenskaplikheid waaraan alle lede van die gemeente deel het. Die prediking kan konkreet wees as hy daardie velde aansny, selfs al is dit nie altyd moontlik om op die heel spesifieke probleme van elke groep in die gemeente, of selfs op die individuele probleme van gemeentelede in die prediking in te gaan nie.

Miskien is dit goed dat 'n mens tussen twee grade van konkretisering moet onderskei. Daar is 'n eerste graad van konkretisering waarby die predikant die inhoud van sy teks konkreet uitspel met die oog op die meer gemeenskaplike situasie van sy gemeentelede. Dit sluit in dat hy die boodskap van die evangelie in verband sal moet bring met die kenmerkende vrae, probleme en sondes van ons tyd, van ons land of selfs van die bepaalde omgewing waarin hy preek. Sonde is altyd iets konkreets en verlossing van die sonde is dit eweneens. Die predikant wat Christus as die verlosser en hoop van die wêreld verkondig, sal dus aan sy gemeente moet kan sê wat Christus in hulle situasie beteken. Bepaalde euwels, bepaalde sondes, bepaalde probleme wat vir die hele gemeente ter sake is, sal aan die orde gestel moet word, anders is die prediking te vaag. Die prediking kan nie net altyd daarby bly staan om in algemene terme die individuele gemeentelid op te roep om Christus aan te neem nie. Hy sal moet sê wat dit beteken om Horn in die konkrete lewe aan te neem en te volg.

Daar is egter ook 'n tweede graad van konkretisering. Daarmee bedoel ons dat die evangelie ook gekonkretiseer moet word met die oog op die bepaalde probleme en omstandighede van spesifieke groepe in die gemeente, hetsy dit leeftydsgroepe of sosiale groepe of beroepsgroepe of probleemgroepe is. Waar die konkretisering van die eerste graad noodwendig 'n meer algemene karakter dra en dus in die prediking tydens die erediens voltrek kan word, is die konkretisering van die tweede graad dikwels nie in die preek moontlik nie. Dit kan beter geskied by besondere geleenthede, soos bv. in persoonlike gesprekke of in groepsbyeenkomste.

Wanneer ons egter hierdie onderskeiding aangebring het en daarmee ook tot helderheid gekom het oor die aard van die konkretisering wat wel tydens die prediking in die erediens kan plaasvind. is dit noodsaaklik dat ons daarop sal wys dat die predikant hom

nie van die plig mag onttrek om op hierdie wyse konkreet te preek nie. As hy dit sou doen, dan sou dit inderdaad waar word dat die prediking van die kerk net 'n randverskynsel van die samelewing word en geen wesenlike invloed meer op die gang van sake uitoefen nie. Dit sou beteken dat die kerk sy profetiese roeping met betrekking tot die samelewing prysgee en in 'n groot mate die plekke waar die beslissings van betekenis val, eenvoudig vermy.

Dat baie predikante nooit die boodskap van die Skrif konkreet laat klink oor die vrae van maatskaplike en politieke aard waarmee die gemeente te make het nie, kom uit verskillende motiewe voort. Sommige dink eenvoudig piëtisties en meen dat die evangelie net te make het met die bekering en die persoonlike vroomheid in die binnekamer. Die hele res van die lewe word aan homself oorgelaat om te verloop volgens sy eie wetmatigheid en innerlike kragte. Dat hierdie soort beskouing heeltemal ongereformeerd en spiritualisties is, hoef ons hier nie weer uiteen te sit nie. Wat hier wel gesê moet word, is dat hierdie houding nie so onskuldig is as wat dit lyk nie. Wanneer die kerk hom nie oor 'n bepaalde saak uitspreek nie, beteken dit dat hy dit stilswygend goedkeur. Dit is 'n bekende feit dat baie piëtistiese predikante oer-konserwatief is as dit oor maatskaplike en politieke sake gaan. Hulle is in staat om die grofste vooroordele eenvoudig te duld, asof die evangelie niks daaroor te sê het nie. Kennelik het hulle nog nooit deurdink wat die koningskap van Christus vir die hele lewe beteken nie. Hulle standpunt dat die kerk hom nie oor politieke en maatskaplike sake moet uitspreek nie, hang dus dikwels minder met 'n teologiese oortuiging saam, as met 'n eie stuk onbekeerdheid. Dit is nie vreemd nie. Almal van ons verbind in ons 'n stuk bekeerdheid met 'n stuk onbekeerdheid. Dit is net so skadelik as dié stuk onbekeerdheid met teologiese argumente bedek word en as die hoogste vroomheid opgedis word.

Ander predikante swyg oor maatskaplike en politieke kwessies, omdat hulle die gemeente vrees. Dit is ook verskriklik moeilik om in te gaan teen die heersende opvattings in die samelewing. Die geskiedenis van die profete en bowenal van Jesus self is daar om aan ons te toon hoe gevaarlik dit kan wees as die prediker teen die algemene opvattings ingaan. Sulke predikante neem dan dikwels hulle toevlug daartoe dat hulle oor allerlei "veilige" dinge in die prediking praat. Solank dit oor aspekte van die mikro-moraal gaan, solank die predikant die ideologieë veroordeel wat in ander dele van die wêreld getroetel word, hoef hy in elk geval niks te vrees nie. Die gevaar is egter dat hy daarmee die gemeente eerder in slaap sus as werklik met die Woord aanspreek. So 'n soort prediking sanksioneer onuitgesproke en onbedoeld miskien eenvoudig die bestaande orde van sake. Dit kan 'n mag ten kwade wees op dié manier, omdat dit ten diepste aan die evangelie ontrou is.

Daar is egter nog 'n baie gewigtige rede waarom dit vir die predikant moeilik is om sy boodskap te konkretiseer met die oog op politieke en maatskaplike kwessies. Dit is die feit dat hy van mening is dat konkretisering sal beteken dat hy hom op die tegniese gebied van politici, ekonome en ander deskundiges sal moet waag. Daarvoor is hy nie opgelei nie. Hy kan ook nie alle feite oorsien nie, sodat hy maklik uitsprake kan maak wat betekenisloos is, omdat hulle nie met die werklikheid rekening hou nie.

Buitendien lewe daar in gereformeerde kringe 'n sterk besef van wat gewoonlik die beginsel van "soewereiniteit in eie kring" genoem word. Daaronder word verstaan dat elke samelewingsterrein 'n eie gesag het, maar ook grense, sodat die verskillende

samelewingskringe nie op mekaar se terrein moet ingryp nie. Dikwels bestaan nou die vrees dat as die prediking die boodskap van die evangelie op die gebied van die politiek of die maatskappy sou konkretiseer, die kerk in werklikheid politiek sou gaan bedrywe, aan die staat en die maatskappy sou probeer voorskrywe en dus sy eie grense te buite sou gaan. Dit sou nog die bykomende nadeel hê dat daarmee 'n ou protestantse beginsel in gedrang gebring word, nl. die beginsel van die mondigheid van die gelowige. Hierdie mondigheid hou in dat hy in staat is om self die betekenis van die evangelie vir sy eie lewe te kan ontdek. Hy moet dus daarmee vertrou word om self uit te maak wat Christelike politiek is of wat die koningskap van Christus vir die wetenskap, die kuns, die ekonomie en die politiek inhou. As die kerk as instituut dit vir hom wil kom vertel, hou die kerk hom onmondig. Op grond van hierdie argument glo baie teoloë dat die prediking nie moet probeer om die betekenis van die evangelie vir die afsonderlike lewensterreine uit te spel nie. Die prediking moet op Christus konsentreer en dit verder aan die gemeentelede self (die kerk as organisme) oorlaat om die konsekwensies uit die evangelie vir hulle lewe op die ander terreine te trek.

Dat daar 'n groot element van waarheid in hierdie standpunt aanwesig is, kan nie ontken word nie. 'n Boom word egter aan sy vrugte gemeet. As hierdie redenasie daarop moet uitloop - en dit is dikwels die geval - dat daar van die kant van die kerk as instituut, en met name in die prediking, in alle tale geswyg word oor klaarblyklike politieke en maatskaplike onreg, is daar tog kennelik êrens 'n fout. Dié fout is dan dikwels dat die mondigheid van die gemeentelede waarvan hier 'n sterk argument gemaak word, in die praktyk nie soveel voorkom nie. Ons weet ook dat mense belydende Christene kan wees en dit heeltemal opreg met hulle belydenis kan bedoel, maar dat hulle eenvoudig blind kan wees vir die betekenis wat die evangelie op bepaalde terreine van hulle lewe behoort te hê. Die selfsug en die vooroordeel ten gunste van onsself sit dieper in ons as wat ons meestal besef. Die gevaar van "ideologiese denke", waarby nie die waarheid nie, maar die waarheid-soos-ek-dit-wil-hê vir ons die deurslag gee, kom ook onder Christene voor. Die kerk sou sy plig gruwelik versuim as hy nie op hierdie toedrag van sake let nie. Veral in 'n land waarin daar van 'n Christelike denke oor politieke en maatskaplike sake nog nie veel tereg gekom het nie, omdat die nasionale en groepsbelange nog steeds die denke van die meeste mense beheers, mag die kerk nie met prinsipiële redenasies verbygaan aan wat sy opgelegde profetiese taak is nie.

Daarby moet ons opmerk dat dit verkeerd is om te dink dat elke vorm van konkretisering van die evangelie op politieke en maatskaplike terrein 'n oorskryding van die grense van die kerk se bevoegdheid sou wees. Die kerk is nie net bevoegd nie, maar ook geroepe om hom oor alle sake in die lewe uit te spreek. Die sg. beginsel van soewereiniteit in eie kring beteken geensins dat die kerk oor bepaalde sake nie mag praat nie. Dit beteken dat hy nie die bevoegdhede van die betrokke lewensterrein op hom moet neem nie. Die kerk mag byvoorbeeld nie as kerk politiek gaan handel nie. Die kerk mag nie politieke programme ontwerp en probeer om dit op een of ander wyse ten uitvoer te bring nie. Dit is nie die kerk se taak nie. Sy taak is egter wel om op 'n kerklike manier, dit wil sê: op grond van die Woord van God, krities met die hele lewe besig te wees. A1 mag die kerk nie politieke programme uitwerk nie, moet hy tog in die Naam van Christus op onreg en lyding wys wat deur politieke programme veroorsaak word. Hy mag tog nie swyg as mense se gesindhede klaarblyklik verkeerd is nie. Hy is eenvoudig geroepe om op elke terrein waar die kwaad hom voordoen, die goddeloosheid te ontmasker.

Van Luther is die woord: "Nihil nisi Christus praedicandus est" (niks behalwe Christus moet gepreek word nie). Daaraan mag en moet die predikant hom hou. Maar weet hy werklik wat Christusprediking in sy voile konsekwensies vir alle lewensterreine beteken? As Christus werklik die Here is, dan beteken die verkondiging van Christus tog ingrypende dinge vir alle terreine van ons lewe. 'n Predikant wat niks anders as Christus wil verkondig nie, sal dus tog moet praat oor die maatskaplike en politieke vrae en die evangelie van Christus op daardie terreine konkretiseer.

Sodanige konkretisering is nie politiekery of 'n ongeoorloofde oorskryding van die grense van die prediking nie. Natuurlik sal die predikant hier in wysheid moet handel. Hy sal hier meestal by die konkretisering van die eerste graad moet bly staan. Hy sal soms dinge by die naam moet noem, anders word hy miskien nie verstaan nie, maar hy sal nooit op sodanige tegniese wyse in sake moet indring, dat hy voorskrifte gaan gee oor hoe daar in die politiek of in die maatskappy gehandel moet word nie. Sy taak sal dikwels wees om op die verkeerde te wys en die rigting van die goeie aan te dui. In elk geval is dit nie sy verantwoordelikheid om só in besonderhede te tree, dat hy alle moontlikheid van 'n eie, mondige en selfstandige deurdenking van die konsekwensies van sy boodskap deur die lede van die gemeente onnodig maak nie. Van twee dinge moet die predikant absoluut seker wees. In die eerste piek moet hy daarvan seker wees dat die gegewens wat hy hanteer, in alle opsigte korrek is. In die tweede plek moet hy daarin eerlik wees, dat hy nie die standpunt van 'n bepaalde politieke party of groepering vanaf die kansel propageer nie.

Dit is dikwels nie nodig om tot in die fynste besonderhede te konkretiseer, voordat die gemeentelede kan verstaan waarom dit gaan nie. Dit is ook nie altyd wenslik nie. Wanneer die konkretisering van 'n meer algemene aard is, is dit moontlik dat gemeentelede onder die leiding van die Heilige Gees die mees verskillende toepassings van die preek vir hulleself sal maak. Die predikant moet daarvoor ruimte laat.

Ten slotte moet ons nog opmerk dat dit gerade is dat die kerk veel meer gebruik sal maak van groepsbyeenkomste as wat tans die geval is. In groepsbesprekinge kan die gemeentelede die betekenis van 'n teks vir hulle besondere geval deurpraat en uitpluis. Die predikant kan daaruit veel leer. Dit sal 'n verrykende uitwerking op sy prediking hê. Terselfdertyd sal hierdie metode daartoe meewerk dat die praktiese betekenis van die evangelie vir alle terreine van die lewe veel beter ingesien kan word as wat dit net deur middel van die Sondagse preek kan gebeur.

Dit is wenslik dat daar veel meer aandag gegee sal moet word aan die moontlikheid dat die predikant sy prediking met gemeentelede moet bespreek. Dit behoort moontlik te wees om gemeentelede in te skakel by die voorbereiding van die prediking. Dit behoort ook moontlik te wees om hulle by geleentheid in die openbaar te laat deelneem aan 'n bespreking van wat die evangelie vir hulle op hulle afsonderlike lewensterreine beteken. Dit is nie hier die plek om verder daarop in te gaan nie, maar 'n mens vra jouself af of die biduur van Woensdagaand en selfs die aanddiens op Sondag nie profytliker benut kan word as wat tans dikwels die geval is nie.

As ons werklik erns maak met die koningskap van Christus en die omvattende betekenis van die Woord van God vir ons hele lewe, behoort ons veel meer aandag te gee aan die middele

wat dienstig kan wees daaraan om die gemeente te leer wat voile en volwasse gehoorsaamheid aan die Woord van God op elke gebied van ons lewe beteken.

## Kategismusprediking

As dit waar is dat prediking die vrye verkondiging van die Woord van God aan 'n bepaalde gemeente in sy spesifieke situasie is, is dit dan nie logies om te sê dat kategismusprediking eintlik nie die naam van prediking verdien nie?

Kategismusprediking is in die tyd van die Reformasie ingestel om die kerkvolk op te bou in die kennis van die suiwer belydenis. Daar was groot onkunde by baie gemeentelede oor wat die belydenis van die Reformasie werklik alles ingehou het. Buitendien is gemeentelede feitlik daagliks gekonfronteer met punte van verskil wat tussen Rome en die Reformasie bestaan het en dus in die strydgesprekke van teoloë en nie-teoloë hulle neerslag gevind het. Hulle moes daaroor ingelig word, sodat hulle kon weet hoe om daaroor te oordeel. Origens moes die ouers hulle kinders opvoed in die gesonde leer. Hoe sou hulle dit kon doen, as hulle nie presies geweet het wat die gesonde leer is nie?

Hierdie toedrag van sake verklaar nie net die ontstaan van 'n groot aantal kategismusse in die tyd van die Reformasie nie, maar ook die gebruik om in die tweede diens op Sondag oor 'n gedeelte van die kategismus te handel. Die indeling van die kategismusse in afdelings vir die verskillende Sondae van die jaar het hierby goed te pas gekom. In die ou gereformeerde kerkordes word die behandeling van 'n Sondagsafdeling van die Heidelbergse Kategismus in die tweede diens op Sondag voorgeskrywe.

Die gebruik van gereëlde kategismusprediking word nog steeds in gereformeerde kerke, veral dié van Nederlandse oorsprong, onderhou. Tog kan 'n mens nie sê dat dit oral as 'n populêre gebruik gesien of ervaar word nie. Die bywoning van die tweede diens op Sondag was deur die eeue maar 'n probleem. Reeds die Dordtse Sinode (1618-1619) moes al maatreëls tref om die swak bywoning van die tweede diens op Sondag te bekamp. Dit word dikwels beweer dat die gebruik om in die tweede diens op Sondag oor die kategismus te handel, vir die swak bywoning van hierdie diens verantwoordelik

Hierdie bewering kan nie heeltemal waar wees nie. Ook kerke wat geen kategismusprediking ken nie, of wat nie gereëlde kategismusprediking ken nie, ondervind probleme met die bywoning van die tweede diens. Daar kan selfs 'n argument opgebou word dat die bywoning van die tweede diens moontlik kan verbeter as daar weer op 'n doeltreffende manier oor die kategismusstof gehandel sou word. In bepaalde gemeentes het dié verskynsel voorgekom, terwyl 'n mens ook sou kon wys na sekere kerkgemeenskappe wat vroeër, toe die kategismus nog by elke Sondagmiddagdiens behandel is, 'n beter kerkbesoek gehad het as nou dat dit nie meer gebeur nie.

Dit bly egter baie moeilik om hier enigiets met stelligheid te beweer. Die swak bywoning van die tweede diens op Sondag het met so baie ander faktore te doen, dat 'n mens dit beslis nie net met die kategismuspreek in verband kan bring nie. Wat egter wel waar is, is dat die kategismuspreek baie maklik 'n faktor kán wees om mense uit die diens weg te hou. Dit sal oral gebeur waar die kategismusprediking verword tot 'n soort populêre lesing in die dogmatiek of tot 'n soort katkisasieles.

'n Mens kan jou maklik voorstel dat die predikante self skuld daaraan het dat kategismusprediking onpopulêr geword het. As die predikant self geen helder voorstelling het van die besondere eise wat 'n kategismuspreek stel nie, kan hy maklik dink dat dit nie veel voorbereiding verg nie. Hy kan meen dat hy maar net 'n soort katkisasieles hoef te gee of die mense op 'n populêre wyse in die dogmatiek moet onderrig. Juis omdat hy hom dan nie goed daarvoor voorberei nie, is hy nie in staat om die gemeente op sodanige manier aan te spreek, dat hulle tot die besef kan kom dat hy werklik die Woord van God aan hulle verkondig het nie. As hy dan nog boonop met 'n byna apologetiese gebaar aan die gemeente laat verstaan dat hy nou ongelukkig oor die kategismus moet handel, omdat dit kerklik so voorgeskryf is en hy verplig is om daaraan te voldoen, suggereer hy by die gemeente dat dit iets onaangenaams is, iets droogs en onplesierigs om met die kategismus besig te wees. Dit sal nie vreemd wees as hierdie houding en optrede by predikante daaraan meewerk dat mense die tweede diens op Sondag vermy, wanneer hulle kan vermoed dat daar in dié diens oor die kategismus gehandel sal word nie.

Dit is egter in die belang van die kerk dat hierdie soort atmosfeer rondom die kategismusprediking verwyder sal word, 'n Kerk wat prys stel op die handhawing van die suiwer leer, mag eenvoudig nie toelaat dat die hand gelig word met die gereëlde behandeling van leerstellige stof in die prediking nie. Dit is tiperend dat die neiging om met die kategismusprediking weg te doen, altyd in die geskiedenis van kerklike gemeenskappe opgekom het op 'n tydstip toe daar minder erns gemaak is met die handhawing van die suiwer leer. Alleen al om hierdie rede is dit raadsaam om nie te gou te besluit dat die kategismusprediking in die kerk verminder of selfs nagelaat moet word, omdat dit dan belemmerend op die bywoning van die kerkdienste sou inwerk nie.

Daar moet nie vergeet word, dat die behandeling van leerstellige stof in die prediking baie voordele bied nie. Die vernaamste hiervan is natuurlik dat die gemeente sy eie belydenis moet ken, anders kan dit nie in sy geloof opgebou word nie. 'n Tweede rede is egter dat prediking aan die hand van voorgeskrewe stof, soos dit die geval is met die kategismuspreek, die predikant verplig om die voile raad van God aan die gemeente te verkondig. As hy net vrye preke sou hou, sou dit maklik kon gebeur dat hy nooit oor bepaalde dele van die Skrif preek nie, of dat hy bepaalde aspekte van die evangelie selde of nooit op die hart van die gemeente bind. Elke mens is eensydig, ook die predikant. Daar is geen beter geneesmiddel teen die geestelike eensydigheid van die predikant as die voorskrif dat hy gereeld aan die hand van die kategismus moet preek nie.

Daar is egter nog 'n derde rede waarom die kategismuspreek groot voordele inhou. Dit bied aan die predikant 'n vaste punt vir die prediking tydens ten minste één van die dienste op Sondag. As hy twee vrye preke moet maak, is hy dikwels te veel aangewese op tekste wat hom tydens sy persoonlike Bybelstudie aangegryp het. Dit kan soms krisisse laat ontstaan. As hy weet dat hy Sondagaand 'n bepaalde afdeling van die kategismus moet behandel, kan hy hom al die hele week daarop instel en hoef hy ten minste nie daarvoor óók iets besonders te soek nie. Baie jong predikante ondervind dan ook dat dit 'n groot hulp by die tekskeuse is as hulle hulself vir die oggenddiens aan die kerklike jaar kan hou en vir die aanddiens hoofsaaklik aan die kategismus. Hierdie aspek is beslis van groot waarde vir die predikant.

Maar nadat dit alles gesê is, staan ons dan tog maar weer voor die vraag waarmee ons begin het: Is kategismusprediking werklik prediking in die voile sin van die woord? Is dit nie waar dat kategismusprediking eintlik op alle punte ingaan teen wat ons vroeër as die kenmerke van die prediking bespreek het nie? Dit is nodig dat ons aan hierdie vraag aandag sal moet gee.

Om mee te begin, kan 'n mens al dadelik die vraag stel of ons in die geval van kategismusprediking kan handhaaf wat ons vroeër oor die prediking gesê het, naamlik dat dit uitleg van die Heilige Skrif moet wees. Die duidelike bedoeling daarvan is tog dat die Skrifteks self die hele preek moet beheers, van begin tot einde. Daarom het ons ook gekies vir teksprediking en die gebruik van tematiese prediking van die hand gewys. Ons het gewys op die feit dat die lewende spreke van die Heilige Skrif gesmoor word as die predikant nie deur die konkrete teks gedryf word tot wat hy moet se nie, maar hom verlaat op die Christelike tradisie as bron van sy prediking, waarby hy dan net elke keer 'n gedeelte van daardie tradisie aan die hand van 'n bepaalde teks aan die gemeente voorhou. Ons het dit afgewys, omdat die prediking dan word tot die verkondiging van 'n aantal algemene waarhede wat die predikant by voorbaat ken, sodat hy nie meer nodig het om intensief na die Skrif self te luister nie.

Word al hierdie dinge nie gekanselleer as ons nou tog 'n pleit gaan voer vir die kategismuspreek nie? Is die kategismuspreek nie die behandeling van 'n stuk Christelike tradisie nie? Is daar in die kategismuspreek werklik ruimte vir die lewende stem van die Woord van God, of lê alles wat gesê moet word, by voorbaat vas as bekend en geformuleerd?

Daar is egter nog 'n tweede probleem met die kategismuspreek. Ons het van die begin af gesê dat 'n preek nie net eksegese van 'n teks is nie, maar vrye verkondiging van 'n teks in die situasie van 'n konkrete gemeente. Die vraag is nou of 'n leerstellige preek soos wat 'n kategismuspreek volgens die algemene opvatting is, aan hierdie vereiste kan voldoen. Gaan dit in die kategismusprediking werklik om 'n eksistensiële appèl aan die adres van 'n konkrete gemeente. of gaan dit om 'n intellektuele "belering" van die gemeentelede, om 'n verryking van hulle verstandelike kennis van wat die leer van die kerk is? As dit die geval is, is dit dan nie eerliker om te erken dat die kategismuspreek eintlik geen prediking in die gewone sin van die woord is nie, maar 'n vorm van volwasse-kategese wat bedoel is om die gemeente in sy leerstellige insigte te verdiep? Vir so iets behoort daar tog ruimte in die gemeentelike program te wees. Om dit egter prediking te noem, is misleidend en kan alleen tot teleurstelling lei.

Hierdie soort redenering lyk voor die hand liggend. Tog is daar 'n aantal fasette van die saak wat daarin buite rekening gelaat word. Voordat ons besluit om die kategismuspreek geen preek te noem nie, behoort ons eers daaraan aandag te gee.

Die eerste waarop ons moet let, is dat elke preek tog 'n element van "leer" bevat. Wanneer ons daarvan uitgaan dat 'n preek die uitleg van die Skrif in terme van die konkrete situasie van 'n spesifieke gemeente is, is daarmee nog geensins gesê dat 'n gewone preek nie bedoel om die gemeente op te bou in hulle kennis van die leer nie. Leer is in die protestantse sin van die woord allermins iets intellektueels wat niks met die mens se hart te make het nie. Inteendeel, vir 'n protestant beteken "leer" eenvoudig soveel as die boodskap van die evangelie. Wanneer ons die regte begrip het van wat "leer" beteken, hoef dit dus geen diskwalifisering van die kategismuspreek as preek te wees, dat dit daarin om leerstellige stof gaan nie. Trouens, die

hele Heidelbergse Kategismus lê daarvan getuienis af dat wat daarin as leer aangebied word, iets deur-en-deur eksistensieels is wat niks anders wil wees nie, as die verkondiging van die heilswoord waardeur 'n mens gered word.

Dit bring ons by 'n tweede opmerking. 'n Mens kan met groot klem daarop wys dat dit in die prediking gaan om die uitleg van 'n konkrete teks van die Heilige Skrif in die situasie van die gemeente. Dit is ook waar dat die teks self in sy letterlikheid aan die woord gelaat moet word en die hele preek moet beheers. Alleen so, het ons gesê, kom daar ruimte vir die verrassende spreke van die Heilige Gees deur die lewende Woord van God. Tog moet ons daarby nie vergeet nie, dat geen enkele teks van die Heilige Skrif ooit op 'n geïsoleerde wyse in die prediking ter sprake gebring kan word nie. Ons het vantevore daarop gewys dat die teks binne sy engere verband, maar ook binne die totale verband van die Heilige Skrif uitgelê moet word. Ons het beklemtoon dat die prediker by die vertolking van die boodskap van die teks steeds moet uitgaan van die skopus van die Heilige Skrif en die vraag moet stel hoe die betrokke teks uitdrukking wil gee aan die bedoeling waarmee die Skrif aan ons gegee is.

Indien dit egter waar is, dan is dit duidelik dat die teks wat ons in die gewone prediking uitlê, ter sprake kom binne die hermeneutiese raam van die boodskap van die Skrif as geheel. Maar wat is nou hierdie boodskap van die Skrif as geheel? Dit is tog die evangelie, en daardie evangelie word vir ons op 'n bepaalde manier saamgevat en geprofileer in die belydenis van die kerk. Daarom is dit in 'n sekere sin ook waar dat die dogma van die kerk altyd in die prediking funksioneer as 'n soort hermeneutiese kader waarvan geen prediker heeltemal kan wegkom of hoef weg te kom nie. Die dogma staan eintlik altyd tussen die teks en die preek. Miskien is dit by die gewone vrye prediking net minder opvallend, maar dit is daarom nie minder werklik nie.

Daarom kan die kategismuspreek ook nie as preek gediskwalifiseer word, omdat die belydenis daarin op 'n baie bewuste manier na vore kom nie. Vir 'n protestant is die belydenis of die dogma nie iets abstraks nie en ook nie iets onfeilbaars nie, maar dood eenvoudig 'n hermeneutiese beslissing van die kerk oor die manier waarop die Skrif verstaan moet word. Daarom staan dit ook voortdurend onder die tug van die Skrif en ontleen sy gesag heeltemal aan die Heilige Skrif. Wat in die kategismusprediking gebeur, is dat die hermeneutiese raam wat in alle ander preke mee-funksioneer, self aan die lig gebring word en dat die aandag daarop gevestig word dat dit niks anders as die evangelie self is wat ons daarin voor ons het nie.

Immers, óók in die kategismuspreek mag dit om niks anders as die Skrif gaan nie. Dit is wel waar dat die kategismus bepaalde uitdrukkings besig wat die resultaat is van historiese beslissings van die kerk in die aangesig van bepaalde dwalinge, maar ook dááragter sit die Skrif. Juis omdat die protestantse leer niks anders wil wees as 'n belydenis van die evangelie nie, behoort dit tog moontlik te wees om só oor die leer te praat, dat dit deurgaans die Skrif is wat aan die woord gelaat word.

Daar is natuurlik die klaarblyklike feit dat daar in die kategismuspreek nie net 'n enkele teks of 'n enkele perikoop uitgelê en verkondig word nie, maar 'n verband van tekste. Dit kom prakties daarop neer dat daar in die kategismuspreek nie oor net één teks gepreek word nie, maar oor

'n hele aantal tekste of selfs oor 'n bepaalde verkondigingsinhoud van die Skrif wat uit die geheel van die Skrif na vore kom. Ook dit kan egter nie die kategismuspreek as preek diskwalifiseer nie, omdat dit nogtans die Skrif is wat aan die woord gelaat word. Ook in die gewone prediking kan dit soms gebeur. Immers, die begrip "teks" in ons definisie van wat 'n preek is, moet nie in 'n rigoristiese sin opgeneem word asof dit daarin net om één teksvers sou gaan nie. Ook in die gewone prediking kan die teks by geleentheid 'n hele perikoop, selfs 'n hele Bybelboek of 'n kombinasie van tekste wees.

Die moeilikste vraag is miskien of die kategismuspreek ooit werklik in die konkrete situasie van die gemeente so toegespits kan spreek as wat die geval met die vrye preek is. Hier sal natuurlik baie van die predikant afhang. As hy deurdronge is van die eksistensiële betekenis van die leer van die kerk en as hy die "etiese aar" wat in elke stukkie van die dogma van die kerk aanwesig is, werklik kan peil, dan is daar geen probleem om die kategismuspreek in die konkrete situasie van die gemeente te laat inspreek nie. Dit hang natuurlik daarvan af wat 'n mens as die "situasie" van die gemeente sien. Wie net aan die sosiale en politieke situasie van die gemeente dink, sal hier meer moeilikhede ondervind. Wie egter, soos ons, onder die situasie van die gemeente ook dink aan sy geestelike situasie, sal minder probleme hê met die vraag hoe die boodskap van die kategismus gekonkretiseer kan word. Dit is egter duidelik dat die boodskap van die kategismus óók 'n baie sterk etiese kant het. Daar is eintlik geen aspek van die gemeentelike lewe wat nie baie aktueel en konkreet ter sprake kan kom as 'n mens bv. die kategismus se uitleg van die wet van God sou behandel nie.

As ons dit alles in gedagte hou, blyk die verskille tussen 'n kategismuspreek en 'n gewone preek minder groot te wees as wat 'n mens aanvanklik dink. Die vraag of 'n kategismuspreek tot 'n egte preek kan word, hang in 'n groot mate af van die manier waarop die predikant dit sien en aanpak. As hy hom dit ten doel stel om daarvan 'n egte preek te maak, sal hy dit kan doen en behoort baie van die normale besware daarteen ook te verval.

Die predikant sal met name moet onthou dat hy ook in die kategismuspreek die Skrif moet preek en nie die kategismus nie. Dit gebeur nog nie vanself deur maar net 'n teks by 'n kategismuspreek aan te kondig nie. Dit gebeur dikwels dat 'n predikant by 'n kategismuspreek wel 'n teks aankondig om aan te dui dat hy Skrifprediking wil lewer, maar dat die vlag tog nie die lading kan dek nie, omdat hy vanuit die kategismus allerlei stof byhaal wat nie in die teks wat hy aankondig, gegee is nie. Daarom is dit veel beter om liewer nie één bepaalde teks by 'n kategismuspreek aan te kondig nie, maar om met die gemeente oop kaarte daaroor te speel dat die stof wat in 'n bepaalde gedeelte van die kategismus saamgevat is, in die prediking aan die orde gestel sal word.

Die geheim van hoe 'n kategismuspreek egte Skrifprediking kan word, moet dus eerder daarin gesoek word dat daar in die prediking self konkrete tekste ter sprake gebring moet word, sodat dit duidelik is dat dit die Skrif self is wat in die prediking aan die orde kom. Wanneer die predikant die sáák wat in die belydenis aan die orde gestel word, werklik in die Skrif as 'n eksistensiële waarheid kan ontdek, is hy in staat om vanuit die Skrif die relevansie van die boodskap van die kategismus te laat sien. As die Skrif nie op hierdie wyse van die begin tot die einde die kategismuspreek beheers nie, skiet dit inderdaad te kort aan die eise van wat 'n preek is.

Agter die kategismuspreek moet daar dus minstens net soveel eksegese lê as agter enige ander preek. Die predikant moet op grond van die Skrifwoord die hermeneutiese beslissing wat in die belydenis voltrek is, tot sy eie maak en dit aan die gemeente voorhou as die Woord van God. Die mees geslaagde kategismuspreek kom tot stand, wanneer die predikant die sentrale punt waarom dit in 'n afdeling van die kategismus gaan, in 'n bepaalde perikoop of Skrifgedeelte so duidelik uitgespreek vind, dat sy verkondiging feitlik heeltemal in die uitleg van daardie Skrifgedeelte kan opgaan. Dikwels sal dit moontlik wees om daarby in die verkondiging 'n Skrifgedeelte te behandel waarna nie eers in die betrokke Sondagsafdeling verwys word nie. 'n Mens sou hier as voorbeeld kon dink aan die pragtige wyse waarop 'n behandeling van Sondag 24 van die Heidelbergse Kategismus (oor die vraag waarom ons goeie werke nie ons geregtigheid voor God, of ook 'n deel daarvan kan wees nie) kan geskied in die lig van die gelykenis van Christus oor die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9-14). Uiteraard sal dit nie altyd moontlik wees om in één Skrifgedeelte die sentrale waarheid van 'n bepaalde Sondagsafdeling uitgespreek te vind nie. Dan moet noodwendig meer as één teks behandel word. Die predikant moet egter deurgaans daarvoor sorg dat dit vir die gemeente duidelik is dat hy met Skrifuitleg besig is en dat die leer van die kerk niks anders wil wees nie, as die leer van die Heilige Skrif self.

Soos die eksegese nodig is by die voorbereiding van die kategismuspreek, so is ook die meditasie daarby onmisbaar. Die predikant moet tydens sy voorbereiding die waarheid wat in die kategismus uitgespreek word, in sy diepe Skriftuurlike sin oorpeins, totdat dit vir hom duidelik word wat die voile implikasies daarvan is vir sy eie lewe en vir dié van die gemeente. In 'n sekere sin is die prediking aan die hand van die kategismus besonder maklik, omdat die kategismus self so duidelik die evangelie op die voorgrond stel en die betekenis daarvan altyd deurtrek tot in die persoonlike lewe van die gelowige. Vandaar ook die persoonlike klank waardeur die vrae en antwoorde van die kategismus gestempel word. Vir die predikant wat daarin kan slaag om die verkondigingsbeweging van die kategismus mee te maak, is die kategismusprediking nie alleen self 'n vreugde nie, maar in 'n sekere sin ook 'n skoling van hoe hy in al sy preke die evangelie persoonlik en op die man af moet aanbied.

In die besonder kan die predikant by die kategismus leer om die hoofmomente van die saak wat hy wil verkondig, op die juiste manier te ontdek en te groepeer. Dikwels blyk dit dat die kategismus op 'n meesterlike manier daarin slaag om die tekste wat hy behandel, op sodanige manier ter sprake te bring, dat die verkondiging vanself daardeur gedra word, 'n Mens hoef hier maar net te dink aan Sondag 17 oor die opstanding van Christus, of Sondag 20 oor die Heilige Gees. As 'n mens soms na die skraalheid van die prediking by Paas- en Pinksterfees luister, vra jy jouself af of die predikante dan nie uit die kategismus kon geleer het waaroor dit op dié feesdae behoort te gaan, en of hulle nie aan die hand van die kategismus ook die wyse kon leer waarop die stof wat by sulke geleenthede ter sprake moet kom, aangebied behoort te word nie.

In alle prediking gaan dit uiteindelik daarom dat die lewensbrood vir die gemeente gebreek moet word. Die predikant het die Woord van God as opdrag. As hy dié opdrag nie in sy kategismusprediking kan vervul nie, sal dit waarskynlik ook nie in die res van sy prediking kan gebeur nie. Die kategismus lê hom dit immers min of meer in die mond om die evangelie op

'n aktuele manier in die midde van die gemeente uit te spreek. As hy nie by die kategismus kan leer hoe aktueel die Woord van God is nie, is dit 'n vraag of hy dit op enige ander plek sal kan leer!

Daarom behoort elke predikant wat 'n afkeer van kategismusprediking het, 'n keer diep te besin oor sy hele werksaamheid as prediker. Dit kan vir hom die begin wees van die verootmoedigende proses van ontdekking dat sy prediking te dikwels nie daarin slaag om werklik die evangelie na vore te bring nie. Dit kan hom daartoe bring om homself af te vra of hy werklik die egte nood van die mense op die oog het as hy preek. Ons gemeentes het 'n behoefte aan die evangelie. Die feit dat hulle dikwels Sondag na Sondag teleurgesteld uit die erediens terugkeer, lê nie aan die evangelie of aan die Heilige Gees nie. Dit lê maar net by onsself, by ons wat die Woord van God as opdrag het, maar ons opdrag so onbevredigend vervul. Tog is daar ook vir ons hoop. Die Woord van God is nie gebonde nie.